

**'N ONDERSOEK NA DIE BELEWENISSE VAN ADOLESSENTE WAT MET DIE EMO-
SUBKULTUUR IDENTIFISEER: 'N GEVALLESTUDIE**

deur

ODETTE GELDENHUYS

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. MARIETTE VAN DER MERWE

November 2010

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat:

'N ONDERSOEK NA DIE BELEWENISSE VAN ADOLESSENTE WAT MET DIE EMO-SUBKULTUUR IDENTIFISEER: 'N GEVALLESTUDIE

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

Handtekening

(Mev. O. Geldenhuys)

Datum

Studentnommer: 4240-369-5

Margaret Rossouw
Taalpraktisyn / Language practitioner

POSADRES / POSTAL ADDRESS: Hillstraat 12, Malmesbury, 7300

E-POS / E-MAIL: margaret.rossouw@live.co.za

SELFOON / MOBILE PHONE: 082 9737 699

FAKS. / FAX.: 086 6506 157

REDIGERING

8 November 2010

Aan wie dit mag aangaan

Hiermee bevestig ek dat ek verantwoordelik was vir die redigering van die tesis "‘n Onderzoek na die belewenisse van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer: ‘n gevallestudie" deur Odette Geldenhuys (studentenommer 42403693).

U is welkom om my te kontak vir verdere inligting.



.....

Margaret Rossouw

DANKBETUIGINGS

- 1 Eerstens al die dank en eer aan my Hemelse Vader, vir die krag en deursettingsvermoë om hierdie taak te kon voltooi. Alle eer aan U.
- 2 Aan my wonderlike ouers, Jurie en Sonja, en familielede vir hulle ondersteuning en liefde, en dat hulle my die afgelope twee jaar kon afstaan om my navorsing te voltooi.
- 3 Aan my suster, Chantel, vir al haar hulp en ondersteuning met my navorsingsverslag. Baie dankie vir al jou laat nagte se harde werk en motivering. Ek waardeer dit opreg.
- 4 Aan my vennoot en vriendin, Serahni, vir haar ondersteuning en motivering tydens die afgelope paar maande. Dankie vir die boeke se uitneem, koffie maak en luister wanneer ek myself so jammer gekry het.
- 5 Aan 'n wonderlike studieleier, dr. Mariette van der Merwe, vir al u geduld met my, sowel as u konstante motivering en ondersteuning tydens die navorsingsproses. Sonder u sou daar nou nog net bladsynommers gewees het.
- 6 En laastens aan die persoon wat my vir die afgelope sewe jaar van my studies ondersteun het – my sielsgenoot, my beter helfte en my lewensmaat. Aan my wonderlike man, Bernard: Baie dankie vir al jou ondersteuning. Dankie dat jy my die geleentheid gegun het om my droom uit te leef. Dankie vir die motivering en dankie dat jy so geduldig was met my tydens hierdie proses – ek weet ek kan maar moeilik wees as ek gestres raak. Ek is ongelooflik lief vir jou – jy is my alles.
- 7 Tydens hierdie navorsingsproses het ek baie van myself geleer. Ek het opnuut ontdek hoe uniek elke persoon geskape is en dat ek die gawe ontvang het om met mense te werk en moontlik 'n verskil kan maak.

Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. – Jesaja 51:4

Opgedra aan my man, Bernard, en my familie

OPSOMMING

EMO-SUBKULTUUR

Die doel van die navorsing was om die belewensse van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, in 'n spesifieke hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad te ondersoek. Kwalitatiewe, toegepaste navorsing van verkennende en beskrywende aard is gedoen. Die literatuurstudie het gefokus op menslike ontwikkeling, die konsepte *kontrakultuur* en *subkultuur*, Gestalt-ontwikkeling, Gestaltterapie-teorieë en die ekologiese teorie. Dit het as raamwerk vir die bevindinge gedien, wat gegrond is op ongestruktureerde onderhoude met persone wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Data-triangulering was van besondere belang in hierdie ondersoek om vertrouenswaardigheid en geldigheid te verseker, veral in die lig daarvan dat daar min vakkundige literatuur oor die Emo-subkultuur beskikbaar is. Verskeie bevindinge word beskryf en aanbevelings word gemaak vir verdere navorsing.

Sleutel terme:

- Emo's, Gestalt veldteorie, Gestaltterapie teorie, subkultuur, kontrakultuur, selfskending, adolessensie.

SUMMARY

EMO SUBCULTURE

The purpose of the research was to investigate the experiences of adolescents who identify with the Emo subculture in a specific high school in the northern suburbs of Cape Town. Qualitative, applied research of an exploring and descriptive nature was conducted. The literature study focused on human development, the concepts *contra-culture* and *subculture*, Gestalt development, Gestalt therapy theories and the ecological theory. This served as a framework for the findings, which was based on unstructured interviews with persons who identified with the Emo subculture. Data triangulation was of special interest in this study to ensure reliability and validity, especially in the light of the fact that limited specialised literature is available on the Emo subculture. Various findings are described and recommendations are made for further research.

Key terms:

- Emo's, Gestalt field theory, Gestalt therapy theory, subculture, contra-culture, self-mutilation, adolescence

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	ii
VERKLARING VAN TAALPRAKTISYN	iii
DANKBETUIGINGS	iv
OPSOMMING	vi
SLEUTELTERME	vi
SUMMARY	vii
KEYTERMS	vii
HOOFSTUK 1	1
INLEIDING, AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEM EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE	1
1.2.1 Motivering vir die keuse van onderwerp	1
1.2.2 Probleemformulering	4
1.2.3 Navorsingsvraag	5
1.3 DOEL VAN DIE STUDIE	5
1.3.1 Doelstelling	5
1.3.2 Doelwitte	6
1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE	6
1.4.1 Soort navorsing	6
1.4.2 Navorsingsontwerp/-strategie	8
1.4.3 Voorondersoek	9
<i>1.4.3.1 Literatuurstudie</i>	<i>9</i>
<i>1.4.3.2 Ervaring van kenner</i>	<i>10</i>
<i>1.4.3.3 Oorsigtelike beeld van die uitvoerbaarheid van die studie</i>	<i>10</i>
<i>1.4.3.4 Etiese aspekte van die navorsing</i>	<i>11</i>
<i>1.4.3.5 Geldigheid en vertrouenswaardigheid</i>	<i>12</i>
1.5 NAVORSINGSPROSEDURES EN WERKSWYSES	12
1.5.1 Universum en populasie van die studie	12
1.5.2 Steekproefneming en kriteria vir insluiting	13
1.5.3 Data-insamelingsproses	13
1.5.4 Data-analise	14
1.5.5 Impak van die studie	15

1.6	DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	15
1.6.1	Adolessensie	15
1.6.2	Gestaltperspektief	16
1.6.3	Essensiele Self	16
1.6.4	Ledeself	16
1.6.5	Subkultuur	17
1.6.6	Kontrakultuur	17
1.6.7	Emo's	17
1.7	INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	17
1.8	SAMEVATTING	18
HOOFTUK 2		
TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE STUDIE		19
2.1	INLEIDING	19
2.2	VERSKILLE EN RAAKVLAkke TUSSEN KONTRAKULTURE EN SUBKULTURE	21
2.2.1	Kontrakultuur	21
2.2.2	Subkultuur	22
2.3	ADOLESENTE ONTWIKKELINGSFASE	24
2.3.1	Ontwikkelingstake tydens adolessensie	25
2.3.2	Fisieke en emosionele ontwikkeling	26
2.3.3	Sosiale ontwikkeling en gesinskonteks	28
2.3.4	Portuurkonteks	28
2.3.5	Identiteitsontwikkeling	29
2.4	GESTALT-ONTWIKKELINGSMODEL	30
2.5	GESTALTTERAPIE	31
2.5.1	Veldteorie	32
	2.5.1.1 Ekologiese benadering (Bronfenbrenner)	33
2.5.2	Fenomenologie	34
2.5.3	Bewustheid in die hier en nou	35
2.5.4	Polariteite	36
2.5.5	Organismiese selfregulering	36
2.5.6	Siklus van ervaring	38
2.5.7	Self	40
2.5.8	Kontakgrensversteurings	41

2.5.8.1	<i>Introjeksie</i>	46
2.5.8.2	<i>Projeksie</i>	46
2.5.8.3	<i>Samevloeing</i>	47
2.5.8.4	<i>Retrefleksie</i>	47
2.5.8.5	<i>Defleksie</i>	47
2.5.8.6	<i>Desensitiasie</i>	48
2.5.8.7	<i>Egotisme</i>	48
2.6	DIE TOEPASSING VAN TEORIEË OP DIE EMO-KULTUUR	48
2.7	SAMEVATTING	49
HOOFSTUK 3		
BESKRYWING VAN DIE EMO-SUBKULTUUR GEBASEER OP DATA-INSAMELING EN ONTLEDING		51
3.1	INLEIDING	50
3.2	DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE HOOFSTUK	51
3.3	KONTEKSTE VAN DIE STUDIE	51
3.3.1	Akademiese konteks	51
3.3.2	Organisatoriese konteks	52
3.3.3	Samelewingkonteks	52
3.4	NAVORSINGSPROSES MET BETREKKING TOT EMPIRIESE STUDIE	53
3.4.1	Navorsingsbenadering	53
3.5	DATA-INSAMELING	53
3.5.1	Literatuurstudie	53
3.5.2	Ongestruktureerde onderhoude	54
3.5.3	Semi-gestruktureerde onderhoude	55
3.6	AGTERGROND VAN DATA-ANALISE	56
3.6.1	Prosedure vir data-analise	56
3.6.2	Identifisering van temas	57
3.7	ALGEMENE BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE	59
3.7.1	Volledige onderhoudsproses van deelnemer 1	61

3.8	ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA	69
3.8.1	Temas en subtemas	69
	<i>3.8.1.1 Subtema: Vryheid en kommunikasie</i>	<i>70</i>
	<i>3.8.1.2 Kleredrag, voorkoms en vriende</i>	<i>73</i>
	<i>3.8.1.3 Musiek</i>	<i>76</i>
	<i>3.8.1.4 Subtema: Selfbeeld/diskriminasie</i>	<i>81</i>
	<i>3.8.1.5 Subtema: Skoolomgewing</i>	<i>84</i>
	<i>3.8.1.6 Subtema: Huislike omgewing</i>	<i>85</i>
	<i>3.8.1.7 Verskillende vlakke van Emo's binne die Emo-subkultuur</i>	<i>87</i>
	<i>3.8.1.8 Wanopvattinge oor die Emo-subkultuur</i>	<i>89</i>
	<i>3.8.1.9 Selfskending</i>	<i>91</i>
3.9	SAMEVATTING	95
	HOOFSTUK 4	
	DATA-TRIANGULASIE	96
4.1	INLEIDING	96
4.2	GELDIGE STRATEGIEË IN KWALITATIEWE NAVORSING	96
4.3	STRATEGIEË WAT TYDENS DIE STUDIE GEÏMPLEMENTEER IS	98
4.3.1	Triangulasie van bronne	98
	<i>4.3.1.1 Data-triangulering met behulp van kletskamers/webtuistes</i>	<i>99</i>
	<i>4.3.1.2 Kontak met deelnemers by vier verskillende skole</i>	<i>106</i>
	<i>4.3.1.3 Vooropgestelde idees van die navorser met uitklaring deur inperking en selfrefleksie</i>	<i>110</i>
	<i>4.3.1.3.1 Selfrefleksie</i>	<i>111</i>
	<i>4.3.1.4 Spandeer 'n verlengde tydperk in die omgewing van die deelnemers</i>	<i>112</i>
	<i>4.3.1.5 Eksterne kodeerders</i>	<i>113</i>
	<i>4.3.1.6 Vertrouenswaardigheid van die studie</i>	<i>114</i>
	<i>4.3.1.7 Literatuurkontrolle rakende subkultuur teenoor kontrakultuur</i>	<i>115</i>
4.4	SAMEVATTING	116
	HOOFSTUK 5	
	GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	117
5.1	INLEIDING	117
5.2	SAMEVATTING VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE	117

5.3	NAVORSINGSDOELSTELLING EN –DOELWITTE	119
5.3.1	Om die Gestaltbenadering (veral veldteorie) en ekologiese teorie as teoretiese uitgangspunte in verband te bring met die betrokke studie	120
5.3.2	Om teorieë oor subkultuur, kontrakultuur en menslike ontwikkeling as teoretiese onderbou te beskryf	122
5.3.3	Om ’n empiriese studie te loods waar data ingesamel word deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering en ’n kreatiewe projeksietegniek	124
5.3.4	Om gebruik te maak van verskeie strategieë om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog (triangulering: eksterne kodeerders, deelnemers van vier verskillende skole in die noordelike voorstede, en die nagaan van inhoud oor die Emo-subkultuur op webtuistes en kletskamers)	124
5.3.4	Om die data te ontleed en ’n navorsingsverslag te skryf waarin onder meer bevindinge en aanbevelings vervat word	125
5.4	VERTROUENSWAARDIGHEID EN GELDIGHEID VAN DIE STUDIE	126
5.5	GEVOLGTREKKINGS	126
5.6	AANBEVELINGS	135
5.7	TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE	137
5.8	VERDERE NAVORSING	137
5.9	SAMEVATTING	139
	BRONNELYS	141
	BYLAES	
Bylae A:	Brief aan skoolhoof en beheerliggaam: Toestemming tot betrokkenheid by navorsingsprojek	155
Bylae B:	Toestemming tot deelname aan navorsing – leerder	156
Bylae C:	Toestemming tot deelname aan navorsing – ouer	159
Bylae D:	Verklaring deur die navorser en eksterne kodeerder	161

Bylae E:	Etiekkomitee-aansoekvorm: Aansoek om klaring van nuwe navorsingsprojek	162
Bylae F:	Lyntekening van deelnemer 1 – onderhoud 1; Lyntekening van deelnemer 1 – onderhoud 2	169
Bylae G:	Voorbeeld van ongestruktureerde onderhoud met deelnemer wat met die Emo- subkultuur identifiseer	173

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Die Gestalt siklus van ervaring	39
Figuur 2.2: Kontakgrensversteurings	44
Figuur 3.1: Creswell (2009) se data-analise-spiraal	57
Figuur 3.2: Illustrasie van deelnemer 1 se projeksie en wat die Emo-subkultuur vir hom beteken of simboliseer	68

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1: Profiel van deelnemers	59
Tabel 3.2: Temas en subtemas	69
Tabel 3.3: Beskrywing van ander groeperings in skoolverband	80
Tabel 4.1: Terugvoering van beraders/onderwysers van vier verskillende skole in die noordelike voorstede van Kaapstad	107
Tabel 4.2: Bykomende inligting verkry vanaf deelnemers van by die vier skole in die noordelike voorstede	110

HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Hierdie navorsingsproses, wat gerig is op 'n groep adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, is in die tydperk van Oktober 2009 tot November 2010 afgehandel. Die navorser beoog om met hierdie navorsingsverslag die belewenisse van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, te beskryf. Om dit effektief te kon doen, moes die navorser adolessente se omgewing, veld, hulle ontwikkeling en die manier waarop hulle kontak maak in hulle omgewing en veld, verken en eksploreer. Dit is in verband gebring met bestaande teorieë, byvoorbeeld menslike ontwikkeling (Geldard & Geldard, 2004:3; Louw & Louw, 2007:278), die ekologiese teorie (Slee, 2002:69), Baylis se realiteitsteorie (Baylis, 2005:241-272), asook Gestaltterapie-teorie (Blom, 2006:21; Clarkson & Mackewn, 2006:1-31; Woldt & Toman, 2005:5).

Die navorser het reeds twee jaar voor die aanvang van die ondersoek kontak gehad met leerders wat met die Emo-subkultuur identifiseer by die skool waar sy werksaam was. Haar belangstelling in en kontak met die eenheid van analise strek dus oor twee jaar. Hierdie kwalitatiewe navorsing is in lyn met Whittaker (2009:9) se mening dat kwalitatiewe navorsing fokus op die ontsluiting van individue se persepsies, sienings en gevoelens oor aspekte in hulle leefwêreld. Dit strook met Leedy en Ormrod (2005:95), wat meld dat kwalitatiewe navorsing 'n sosiale verskynsel (in hierdie geval die Emo-subkultuur) bestudeer sodat 'n diepgaande begrip van die belewenisse van die verskynsel (die Emo-subkultuur) ontwikkel kan word. In hierdie hoofstuk word veral gefokus op die motivering vir die keuse van die onderwerp, met 'n oorsig oor die navorsingsmetodologie.

1.2 PROBLEEM EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

1.2.1 Motivering vir die keuse van onderwerp

Die rasionaal van 'n studie behels 'n beredenering van hoe die navorser 'n belangstelling in die spesifieke onderwerp ontwikkel het en motiveer die belang van

die studie (Vithal & Jansen in Maree & Van der Westhuizen, 2007:28). Welman, Kruger en Mitchell (2005:279) meld met reg dat daar duidelik moet wees oor die probleem wat ondersoek gaan word asook duidelik aangedui word hoe hierdie probleem ondersoek gaan word.

Die navorser se belangstelling in hierdie studie spruit uit haar betrokkenheid as onderwyseres en berader by 'n hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad oor die afgelope twee jaar. Uit kontak met leerders, en in ooreenstemming met literatuur, blyk dit dat adolessensie 'n ontwikkelings stadium is wat besondere eise stel (Gillis, 1994:71; Epstein, 1998:12; Wait, Meyer & Loxton, 2005). Soos reeds lankal deur Erikson (1951) beskryf, is veral die soeke na identiteit tydens adolessensie 'n uitdagende ontwikkelings taak. Nicholson (2009:17) meld dat adolessente dikwels by subkulture aanklank vind in hulle soeke na identiteit.

By die skool waar die navorsing gedoen is, het die navorser verskeie groeperings van leerders waargeneem en mettertyd die vraag begin vra of dit werklik net groeperings is en of daar 'n dieper dinamika aanwesig is wat sommige groepe leerders in 'n alternatiewe subkultuur plaas. In hierdie verband was dit veral die groep leerders wat hulleself as die Emo-groep tipeer wat die navorser geïnteresseer het. Dit wou voorkom uit voorlopige gesprekke met die sogenaamde Emo-leerders, onderwysers en ouers asof hierdie groep leerders in skoolverband gemarginaliseer word en dat daar wanopvattinge oor hulle is, byvoorbeeld dat hulle by satanisme betrokke is. Daar is spesifieke kenmerke en 'n dinamika wat die Emo-leerders by hierdie hoërskool onderskei van ander groeperings, byvoorbeeld die “Barbies” en “plastics” (mooie meisies wat gesteld is op hulle voorkoms), “jocks” (sportmanne) en die “nerds” (akademies georiënteerde leerders). Buiten die tipiese emosionele patrone van Emo-leerders, word hulle ook onderskei deur die stereotipiese voorkoms van swart hare met 'n lang kuif wat oor die een oog gekam word. Hulle dra nie net swart klere nie, maar ook helder kleure (neonpienk, -geel of -groen) saam met hulle “skinny” jeans (baie stywe jeans), en soms swaar grimering en geskeurde kant. Die navorser wou deur middel van wetenskaplike navorsing meer oor hierdie groep te wete kom, veral omdat daar vermoed is dat hulle 'n kwesbare groep is. Tydens gesprekke het hulle dikwels na diep emosies verwys en dit wou voorkom asof daar 'n redelik algemene blootstelling aan ekstreme lewensgebeure by hierdie leerders was.

Om 'n beter begrip van hierdie groep adolessente te ontwikkel, het die navorser 'n literatuursoektog geloods, maar dit was gou duidelik dat daar min vakkundige literatuur oor die Emo-subkultuur beskikbaar is. Die subjektiewe realiteit van mense wat met die Emo-subkultuur identifiseer, kom wel na vore in internetkletskamers.

In 'n onlangse koerantberig meld Nicholson (2009:17) dat Emo ('n verkorting vir "emosie") in die 1960's tot 1990's uit 'n spesifieke musiekgenre ontwikkel het, naamlik die sogenaamde "Emo-core". In die 20ste eeu het die Emo-subkultuur sekere eienskappe van ander kulture, byvoorbeeld die gotiese, "punk"-, en "skinheads"-kultuur, geneem en dit hulle eie gemaak. Die Emo's se liefde vir verskillende musiekgenres word tot op hede nog gebruik om uiting te gee aan hulle emosies, net soos in die 1960's. Hulle beskou hulleself dus as 'n nuwe kultuur wat deur ander groeperings se invloede gevorm is. Alhoewel hulle van verskeie groeperings se eienskappe gebruik maak, heg hulle tog hulle eie uniekheid aan die kultuur. Die uniekheid wat die Emo's aan hulle kultuur verleen, lê in hulle voorkoms en klerestyl, sowel as hulle vermoë om op kreatiewe maniere (musiek luister, gedigte skryf en soms selfskending) uiting te gee aan hulle emosies (www.Emocorner.com).

Die vraag kan gevra word of die betrokkenheid by hierdie subkultuur in die Emo-leerders se basiese behoeftes (soos vermeld deur Max-Neef, 1991:32-33) voorsien en of dit bloot vir hulle 'n ontvlugting is wat in wese hulle ontwikkeling kan strem. Max-Neef (1991) verwys na fundamentele menslike behoeftes, byvoorbeeld die behoefte aan deelname, identiteit, veiligheid, vryheid en toegeneentheid. Dit is moontlik dat betrokkenheid by die Emo-subkultuur in hierdie behoeftes van die betrokke adolessente voorsien.

Die navorser het deur haar kontak met hierdie groep adolessente tot die slotsom gekom dat dit moeilik is om hulle in 'n kultuur te plaas. Dit is gebaseer op die definisie van Jenks (2005:16-18), wat 'n subkultuur beskryf as 'n kultuur wat hulle eie waardes en morele norme het, maar in teenstelling met 'n kontrakultuur, kan hulle wel binne die dominante kultuur 'n bestaan voer. 'n Kontrakultuur, aan die ander kant, word gedefinieer as 'n kultuur wat teen die dominante kultuur reageer en sodoende 'n heel ander identiteit ontwikkel wat heeltemal in teenstelling is met die norm wat deur die dominante kultuur gestel word (Jordan & Pile, 2002:360-362). Die kenmerke wat

hulle van die hoofkultuur laat verskil, is hulle politieke standpunte, norme, sosiale rituele, waardes en beginsels, asook die manier waarop hulle aantrek en die musiek waarna hulle luister (Haunss & Leach, 2004:9-12). Net soos die kontrakultuur, word die subkultuur ook gedefinieer as 'n kultuur wat in teenstelling is met die dominante kultuur weens hulle kleredrag en voorkoms (Huq, 2006:6-8). Dit is as gevolg van hierdie ooreenstemmende eienskappe dat die navorser dit moeilik gevind het om die Emo's in 'n kultuur te plaas, en dit was een van die mikpunte van die navorsing om meer helderheid hieroor te verkry. Hierdie studie het ten doel om hierdie subkultuur aan die hand van die belewenisse van die Emo-leerders by die betrokke hoërskool te beskryf.

1.2.2 Probleemformulering

Die formulering van 'n navorsingsprobleem is die eerste poging wat die navorser aanwend om helderheid oor die probleem te verkry (Mouton, 2001:53; Fouché, 2005:116) en die eenheid van analise duidelik te omskryf. 'n Navorsingsprobleem kan gebou word uit direkte waarneming, ervarings en teorie, sowel as vorige navorsing (Bless & Higson-Smith, 2004:16). Die navorser het hierdie aspekte in gedagte gehou en kon die navorsingsprobleem afbaken op grond van gesprekke met onderwysers, ouers en leerders, asook die navorser se waarneming. Die eenheid van analise vir hierdie studie is leerders van 'n hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Volgens Welman, Kruger en Mitchell (2005:14) word die navorsingsprobleem gegrond op problematiek in kontekste van teorie of praktyk wat navorsers motiveer om na antwoorde te soek.

Uit gesprekke met onderwysers, ouers en Emo-leerders blyk dit dat daar nie die nodige begrip vir hierdie leerders bestaan nie, omdat hulle meermale volgens hulle uiterlike voorkoms en gedrag geoordeel word. Daar is nie formele navorsingsgebaseerde inligting gevind wat die Emo-subkultuur beskryf nie. Hierdie ondersoek kan daartoe bydra om dié leemte te vul en kan 'n grondslag lê vir verdere navorsing. Hierdie leerders se stemme moet gehoor word sodat hulle nie gemarginaliseer word nie. Die implikasie van sodanige wanbegrip is dat die leerders kan onttrek, geïsoleerd kan raak, merendeels binne hulle subkultuur kan sosialiseer en nie gepas uitreik vir hulp nie. Meer inligting oor hierdie subkultuur kan lei tot die

bemagtiging van ouers, onderwysers en beraders, sowel as die sensitiewe en gepaste hantering van hierdie leerders.

1.2.3 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag spruit uit die navorsingsonderwerp en probleemstelling. As rigtinggewende konsep speel dit 'n kernrol in kwalitatiewe navorsing (Fouché & Delport, 2005:80; Grinnell & Unrau, 2005:424; Whittaker, 2009:6). Die navorsingsvraag baken af wat die navorser interesseer en wat die fokus van die studie gaan wees. Die navorsingsvraag lei die navorser deur die navorsingsproses, wat maande of selfs jare kan neem. Die navorser streef dus daarna om antwoorde op die navorsingsvraag te vind. Volgens Whittaker (2009:6) en Jansen (2007:3) sal 'n goeie navorsingsvraag die navorser na die toepaslike literatuur lei en die nodige fokus bied tydens data-versameling. Die volgende navorsingsvraag is gestel:

Wat is die belewenis van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer?

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

1.3.1 Doelstelling

Volgens Fouché en De Vos (2005:104) dui die doelstelling breedweg aan wat die navorser met die studie wil bereik. Die doelstelling van hierdie studie was om die belewenisse van adolessente by 'n spesifieke hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad wat met die Emo-subkultuur identifiseer, te eksploreer en te beskryf.

Hierdie doelstelling voldoen aan die vereistes gestel deur Vithal en Jansen (2004) soos aangehaal deur Maree en Van der Westhuizen (2007:29), naamlik dat dit moet aandui hoe die navorsing gedoen gaan word (in hierdie geval deur te eksploreer en te beskryf); wat die fokus gaan wees (in hierdie studie is dit die Emo-subkultuur); wie die deelnemers gaan wees (in hierdie studie is dit leerders wat met die Emo-subkultuur identifiseer) en die konteks ('n hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad).

1.3.2 Doelwitte

Die doelwitte van navorsing is die stappe wat geneem word om die doelstelling te bereik (Fouché & De Vos, 2005:104). Die navorsingsdoelwitte van hierdie studie was die volgende:

- Om die Gestaltbenadering (en veral veldteorie) en die ekologiese teorie as teoretiese uitgangspunte in verband te bring met die betrokke studie.
- Om teorieë oor subkultuur, kontrakultuur en menslike ontwikkeling as teoretiese raamwerk te gebruik ter voorbereiding vir die empiriese ondersoek.
- Om van verskeie strategieë gebruik te maak om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog. Data-triangulering sluit die volgende in: eksterne kodeerders, semi-gestruktureerde telefoniese onderhoude met deelnemers (onderwysers/beraders van vier verskillende skole in die noordelike voorstede), en webtuistes en kletskamers waar mense in interaksie is met die Emo-subkultuur.
- Om 'n empiriese studie te loods waar data ingesamel word deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering en 'n kreatiewe projeksietegniek.
- Om die data te ontleed en 'n navorsingsverslag te skryf waarin bevindinge en aanbevelings vervat word.

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.4.1 Soort navorsing

Vanuit 'n navorsingsperspektief kan studies verkennend, beskrywend of evaluerend wees (Babbie & Mouton, 2001:80-81; Fouché & De Vos, 2005:106). Hierdie navorsing is verkennend en beskrywend van aard. Beskrywende navorsing is gerig op diepgaande beskrywing en begin volgens Fouché en De Vos (2005:106) dikwels met 'n goed omskryfde onderwerp (in hierdie geval die Emo-subkultuur). Die doel van

beskrywende navorsing is om 'n breë begrip van 'n situasie, verskynsel, gemeenskap of 'n persoon te verkry. Die studie is ook verkennend, aangesien dit daarop gerig is om insig te verkry in 'n spesifieke groep individue oor wie daar min vakkundige literatuur bestaan (Fouché & De Vos, 2005:106). Hofmeyer (1996:3) is van mening dat verkennende studies geskik is vir navorsing oor onderwerpe waarvoor min navorsing reeds gedoen is.

Daar is elemente van basiese navorsing omdat 'n bydrae tog gemaak sal word tot die ontwikkeling van die kennisbasis rondom 'n subkultuur waarvoor nog min empiriese navorsing gedoen is. Fouché en De Vos (2005:105) dui aan dat die doelstellings van basiese en toegepaste navorsing dikwels oorvleuel. Durrheim (2006:46) se siening oor basiese versus toegepaste navorsing is van belang vir hierdie studie. Hoewel daar min oor die Emo-subkultuur aangeteken is in vakkundige literatuur en die navorsing die kennisbasis hieroor sal help bou (basiese navorsing), word ook in ag geneem dat die resultate van die studie nie sonder meer veralgemeen kan word nie, weens die beperkte aard van die studie. Durrheim (2006:46) meen dat die resultate in sekere gevalle slegs veralgemeen kan word na die spesifieke konteks waarin die studie onderneem is, in hierdie geval die betrokke hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad en moontlik ander hoërskole in hierdie omgewing wat onder meer vir data-triangulering betrek is. Die Emo-subkultuur kan in ander stede, provinsies en so meer anders presenteer. Die resultate is dus toepaslik in hierdie spesifieke konteks, naamlik die noordelike voorstede van Kaapstad en meer spesifiek in hierdie spesifieke skool. Dit is ook in die huidige tydraamwerk van toepassing, omdat dit op die fenomenologie van deelnemers in 2009/2010 gefokus het.

Die volgende aanhaling van Durrheim (2006:46) is van belang: “Applied research aims only to generalise the findings of a study to the specific context under study in order to assist decision makers in drawing conclusions about the particular problems with which they are dealing.” Hierdie studie is merendeels toegepas, aangesien die navorser 'n sekere probleem in die gemeenskap (die Emo-subkultuur) ondersoek en verken het sodat aanbevelings gemaak kon word ten opsigte van die hantering daarvan in die praktyk en verdere navorsing wat meer op intervensie toegespits is.

1.4.2 Navorsingsontwerp/-strategie

Kwalitatiewe navorsing word beskryf as 'n spesifieke metodologiese navorsingsparadigma (Maree, 2007:47). Die eenheid van analise dikteer in 'n groot mate die kwalitatiewe navorsingsbenadering, aangesien die navorser 'n spesifieke groep leerders (Emo's) deurtastend wil beskryf. Terre Blanche, Kelly en Durrheim (2006:272) voer aan dat kwalitatiewe navorsing gepas is waar veranderlikes oor 'n verskynsel nie duidelik is nie en dit dus moeilik is om veranderlikes te beskryf en te meet. In sodanige gevalle is dit meer gepas om met induktiewe beredenering en navrae by 'n spesifieke groep (in hierdie geval 'n klein groep leerders wat met die Emo-subkultuur identifiseer) te begin met die oog op die identifisering van patrone en temas.

Mouton (2001:55), Durrheim (2006:34) en Nieuwenhuis (2007:70), beskryf die navorsingsontwerp as die plan of bloudruk vir die studie. Durrheim (2006:34) sien ook die navorsingsontwerp as 'n strategiese raamwerk wat as oorbrugging dien tussen die navorsingsvraag en die praktiese uitvoering van die studie, met ander woorde hoe die studie uitgevoer gaan word ten einde die navorsingsvraag sinvol te beantwoord.

Volgens Fouché (2005:268-269) is daar in kwalitatiewe navorsing vyf moontlike ontwerpe wat die navorsingsvraag help beantwoord. Die navorser neem kennis van al vyf ontwerpe, maar vir die doeleindes van hierdie studie is die gevallestudie as ontwerp benut soos ook deur Maree en Van der Westhuizen (2007:34) beskryf word. Weens die tekort aan literatuurondersteuning het die navorser besluit om van 'n instrumentele gevallestudie gebruik te maak. Binne die instrumentele gevallestudie word meer as een wyse van data-insameling gebruik. Dit word vermeld deur Bromley (1990) in Nieuwenhuis (2007:71) en Fouché (2005:272) dat 'n gevallestudie belangstelling en navrae toon in die ervarings en belewenisse van 'n verskynsel met die doel om dit te beskryf. Die gevallestudie fokus dus op verskeie perspektiewe en sienswyses van ander partye oor die verskynsel. Dit strook met die volgende aanhaling van Nieuwenhuis (2007:75):

Case studies offer a multi-perspective analysis in which the researcher considers not just the voice and perspective of one or two participants in a situation, but also the

views of other relevant groups of actors and the interaction between them. It opens the possibility of giving a voice to the powerless and voiceless, like children or marginalised groups.

Bogenoemde aanhaling strook met die navorser se motivering om die studie te onderneem. Die navorser wil die Emo's 'n stem gee om hulle kultuur aan die hand van hulle belewenisse te verduidelik as teenvoeter vir negatiewe aannames vanuit die samelewing. Triangulasie is ook tydens die studie gebruik, omdat dit aansluit by die beskrywing van 'n gevallestudie. Volgens Nieuwenhuis (2007:76) is 'n sterk punt van gevallestudies die gebruik van verskeie bronne en tegnieke tydens die data-insamelingsproses. Dit kom ooreen met triangulasie, wat ook behels dat inligting van verskeie bronne bekom word (Creswell, 2009:191) om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog (sien Hoofstuk 4 in hierdie verband).

Die navorser het ook gebruik gemaak van fenomenologiese navorsing omdat dit deel vorm van gevallestudie weens laasgenoemde se fokus op deelnemers se belewenisse van 'n verskynsel (Nieuwenhuis, 2007:71). Fenomenologiese navorsing behels navrae oor die ervarings van 'n aantal deelnemers (Creswell, 2009:13). Fenomenologiese navorsing het ten doel om deur middel van die deelnemers se belewenisse 'n diepgaande begrip van die verskynsel te ontwikkel (Giorgi & Giorgi, 2008:173-176). Deur van hierdie twee navorsingsontwerpe gebruik te maak, kan die navorser 'n geheelbeeld kry van die Emo's se belewenisse binne die subkultuur.

1.4.3 Voorondersoek

1.4.3.1 Literatuurstudie

Fouché en Delpont (2005:124) verwys na verskeie funksies van die literatuurstudie, wat in ag geneem is met die literatuursoektog. 'n Kernfunksie is om vas te stel of daar nie reeds 'n soortgelyke studie onderneem is nie. Literatuur is gesoek binne die konteks van die navorsingsonderwerp, -paradigma en teoretiese raamwerk. Tydens twee konsultasies met 'n vakreferent by die J.S. Gericke-biblioteek van die Universiteit Stellenbosch kon geen direkte verwysing na die Emo-subkultuur in literatuur gevind word nie. Die navorser het internetsoektogte gedoen, maar selfs daar

was min inligting beskikbaar. Soos vermeld kom die subjektiewe realiteit van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, in internetkletskamers na vore.

Soos in die volgende hoofstukke na vore sal kom, is ouer literatuur doelgerig benut. Dit geld veral vir literatuur rakende die adolessente lewensfase waar die werk van onder meer Erikson (1951) , Conger (1973) en Marcia (1980) benut word. Dit was deels om sekondêre bronverwysing te vermy en direk te verwys na outeurs wie se werk steeds relevant is en na wie ander outeurs algemeen verwys.

1.4.3.2 Ervaring van kenner

Ter aanvulling en ondersteuning van die navorser se studie is 'n kenner (L. van der Merwe, 'n opvoedkundige sielkundige van 'n privaat praktyk in Goodwood) vroeg in die navorsingsproses geraadpleeg ten opsigte van haar siening oor die Emo-subkultuur. Sy het ook aangedui dat die navorsing 'n leemte sal vul rakende 'n kwesbare teikengroep.

1.4.3.3 Oorsigtelike beeld van die uitvoerbaarheid van die studie

Die belangrikste aspekte wat die uitvoering van die studie moontlik gemaak het, was onder andere:

- Die nodige toestemming dat die studie by die betrokke hoërskool in die noordelike voorstede kon plaasvind. Toestemming is van die skoolhoof en beheerliggaam verkry.
- Die toestemming van deelnemers en die ouers indien die betrokke leerders onder 18 jaar oud was (Bylae B en C).

Deelnemers was ywerig om deel te neem. Hulle was dermate bereid om by die navorsing betrokke te raak dat hulle selfs in die skoolvakansie ingeskakel het vir navorsingsonderhoude. Hulle het ook vrywillig deelgeneem sonder om enige vergoeding te ontvang. Die navorser het ook ondersteuning van die beraders van die ondersteuningsdienste ontvang, asook van die onderwysers by die betrokke hoërskool.

1.4.3.4 Etiese aspekte van die navorsing

Die etiese aspekte van die studie is van uiterste belang. Daar is ook 'n etiese vorm aangeheg by die navorsingsverslag waar die navorser sekere etiese aspekte stipuleer wat van belang is vir die navorsing (Bylae E). Dit was vir die navorser belangrik dat die deelnemers veilig moes voel en nie blootgestel moes word nie. Die navorser het seker gemaak dat haar aksies te alle tye eties van aard was. Die navorsing en toestemmingsvorm is tydens die onderhoud aan die deelnemers verduidelik. Etiese aspekte soos voorgestel deur Strydom (2005:57-61) en Mouton (2001:243-245) is tydens die navorsing in ag geneem. Die inligting wat op grond hiervan aan die deelnemers oorgedra is, strook met Bless en Higson-Smith (2000:10) se uiteensetting:

- Die deelnemers het die reg tot privaatheid. Dit sluit in die reg om tydens die studie deelname te weier.
- Hulle het die reg om te weier om enige oproepe of e-posse van die navorser te neem.
- Hulle het die reg om tydens die onderhoud te weier om 'n vraag te beantwoord.
- Die deelnemers het die reg om anoniem te bly. Inligting wat van die deelnemer verkry is, moet vertroulik hanteer word. Die eksterne kodeerders moet ook bewus gemaak word van hierdie feit. Die deelnemers se name is nie vermeld nie. Nommers is gebruik om hulle te identifiseer. Die naam van die betrokke skool waar die studie plaasgevind het, is nie genoem nie om die deelnemers te beskerm.
- Vorms gerig op ingeligte toestemming van ouers, deelnemers en die skoolhoof (Bylae A, B en C) is met al die betrokke partye bespreek.
- Die deelnemers het die reg om nie op enige manier, hetsy fisies, sielkundig of emosioneel, leed aangedoen te word nie.

Die navorser het aan die deelnemers verduidelik dat die onderhoud nie terapeuties van aard is nie, maar slegs ten doel het om data in te samel. Indien daar tydens die onderhoud intense emosies of ander reaksies na vore sou kom en die deelnemers die behoefte sou hê om daarvoor te praat, het die navorser voorsiening gemaak daarvoor dat die deelnemers met die beraders van die skool kon gaan praat. Die betrokke beraders was bewus van die navorsing en was gereed om hierdie bykomende diens te verrig.

1.4.3.5 Geldigheid en vertrouenswaardigheid

Verskillende strategieë word in kwalitatiewe navorsing gebruik om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog (Creswell, 2009:190-192). In die tyd wat die navorser as onderwyseres en later as berader by die betrokke skool ingeskakel het, het sy met sowat 30 Emo-leerders kontak gehad. Die navorser was bewus daarvan dat hierdie vorige blootstelling 'n rol kon speel en het doelbewus vooropgestelde idees, moontlike aannames en sienswyses met inperking (“bracketing”) beheer. Inperking word deur Lemon en Taylor (1997:230) beskryf as die bewustelike inperking van vorige kennis en vooropgestelde idees sodat die deelnemers se belewenisse van 'n verskynsel asof eerstehands waargeneem en bestudeer kan word. Die navorser het ook deur die loop van die studie geklankbord met deelnemers, vermelde eksterne kodeerders en haar studieleier ten einde die nodige objektiwiteit te behou. Dit het bygedra tot die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie. Verdere aspekte gerig op die vertrouenswaardigheid en geldigheid van hierdie studie word volledig in Hoofstuk 4 bespreek.

1.5 NAVORSINGSPROSEDURES EN WERKSWYSES

1.5.1 Universum en populasie van die studie

Die universum vir die studie is Emo-leerders in hoërskole in die noordelike voorstede van Kaapstad. Die populasie waaruit deelnemers geselekteer is, is die Emo-leerders in die spesifieke hoërskool in die noordelike voorstede in Kaapstad waar die navorsing uitgevoer is.

1.5.2 Steekproefneming en kriteria vir insluiting

Ten einde eties verantwoordbaar te werk, is slegs leerders ingesluit wat reeds met die Emo-subkultuur identifiseer. Die sneeubalmetode van steekproefneming is benut (Nieuwenhuis, 2007:80). Soos voorgestel deur Maree en Pietersen (2007:177) en Welman, Kruger en Mitchell (2005:69), is daar as deel van die steekproefneming vir hierdie studie ook kontak gemaak met 'n paar leerders wat voldoen aan die vereistes wat gestel is vir die populasie. Hulle het gehelp om ander leerders wat met die Emo-subkultuur identifiseer, uit te wys.

Die deelnemers van die studie moes aan die volgende insluitingskriteria voldoen:

- ingeskrewe leerders by die betrokke hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad.
- tussen 14 en 18 jaar oud, manlik of vroulik.
- identifiseer met die Emo-subkultuur.
- verstaan Afrikaans en/of Engels (enige kulturele groep).

Vier deelnemende beraders by vier ander hoërskole in die noordelike voorstede van Kaapstad is doelgerig geselekteer omdat hulle by daardie skole berading doen. 'n Kort semi-gestruktureerde telefoniese onderhoud wat uit drie vrae bestaan het, is met hulle gevoer. Hierdie onderhoude is na afloop van die empiriese ondersoek met leerders gevoer met die oog op data-triangulering.

1.5.3 Data-insamelingsproses

Die navorser het van 'n reeks kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak (Nieuwenhuis, 2007:81-90). Die navorser het drie individuele ongestruktureerde onderhoude met elke deelnemer gevoer, waartydens verskillende wyses van data-insameling benut is om die deelnemers se belewenisse te bepaal, naamlik:

- Waarneming tydens onderhoude.
- Veldnotas.
- Opname van gesprekke op video-kamera.

- Lyntekeninge waarop aantekeninge gemaak is (Bylae F).
- Bykomende wyses van data-insameling was veral gerig op triangulering. Data-triangulering is gedoen deur telefoniese onderhoude met deelnemers (onderwysers/beraders) by vier verskillende skole in die noordelike voorstede. Die navorser het hierdie spesifieke vier skole gekies omdat hulle die grootste hoërskole in die noordelike voorstede van Kaapstad is (Hoofstuk 4).
- Inligting oor die Emo-subkultuur is op webtuistes en kletskamers versamel (Hoofstuk 4).

Welman, Kruger en Mitchell (2005:194) beklemtoon hoe belangrik dit is om minstens drie metodes van data-insameling in gevallestudies te gebruik om datapatrone te bevestig, omdat die navorser dikwels die navorsingsinstrument is. Daar word aanvaar dat verskeie vorme van data-insameling die geldigheid en vertrouenswaardigheid sal verhoog. Maree en Van der Westhuizen (2007:40-41) beskryf dit as 'n vorm van kristallisering, waar verskillende fasette van die eenheid van analise en die onderwerp wat bestudeer word, deur die verskillende databronne belig word.

1.5.4 Data-analise

Mouton (2001:108) meen dat data-analise behels dat data so bestudeer word dat hanteerbare temas, patrone en tendense na vore kom. In die studie is data ontleed om temas te identifiseer. Creswell (2009:185) se data-analisespiraal is tydens die navorsing gebruik. Dit het behels dat die rou data per hand (veldnotas, transkripsies) georganiseer en voorberei is vir data-analise. Nadat die onderhoude getranskribeer is, is daar weer na die onderhoude geluister, asook deur die veldnotas gegaan wat tydens die verloop van die onderhoud gemaak is. Die navorser kon dus 'n algemene indruk kry van wat die deelnemers sê en wat hulle idees is nadat die data bestudeer is. Dit gee die navorser die geleentheid om vas te stel of die inligting geldig is om te gebruik. Deur die beskrywing van mense, plekke en gebeurtenisse tydens die empiriese ondersoek kon temas en kategorieë geïdentifiseer word. Hierdie temas is dan deur verskillende kleurkode aangedui. Die navorser het ook tydens die data-analiseproses van eksterne kodeerders gebruik gemaak. Die eksterne kodeerders se betrokkenheid is 'n vorm van data-triangulasie gerig op die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die bevindinge, soos aanbeveel deur De Vos (2005:346). (Sien ook Hoofstuk 4.)

1.5.5 Impak van die studie

Die navorsing het ten doel om daartoe by te dra om die gebrek aan kennis oor 'n relatief onbekende subkultuur (die Emo-subkultuur) en ook subkulture in die breë binne die Suid-Afrikaanse konteks en veral soos dit in hoërskole na vore kom, aan te spreek. Die beskrywing in die navorsingsverslag kan die grondslag lê vir ander navorsing gerig op 'n dieper begrip en meer konstruktiewe intervensie vir 'n groep leerders wat op die oog af meermale misverstaan word.

1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Ten einde duidelikheid te verkry oor die hoofkonsepte wat in die studie gebruik word, word dit vervolgens gedefinieer.

1.6.1 Adolessensie

Adolessensie word beskou as die oorgangstydperk tussen die kinderjare en vroeë volwassenheid (Wait, Meyer & Loxton, 2004:151). Die adolessente lewensfase word as volg opgedeel:

- Vroeë adolessensie: 12 jaar by meisies, 14 jaar by seuns.
- Middel-adolessensie: 14-16 jaar.
- Laat adolessensie: 17-20 jaar.

Adolessensie is dus die tydperk in 'n mens se lewe wanneer daar 'n verskeidenheid belangrike veranderinge plaasvind, onder meer op fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale vlak. Weens hierdie feit word dit deur 'n aantal outeurs as die storm-en-drang-fase beskryf, omdat dit gekenmerk word deur intense konflik en wisselende emosies (Gullota, Adams & Markstorm, 1999:83; Burger, Gouws & Kruger, 2000:66; Louw van Ede & Ferns, 2004:387-395). Volgens fase-gerigte modelle tot ontwikkeling is daar 'n aantal ontwikkelingstake in die adolessente fase, waarvan die soeke na identiteit, sosiaal aanvaarbare gedrag en om in 'n groep te behoort, slegs enkele is (Geldard & Geldard, 2004:27-28). Dit is ook hierdie ontwikkelingstake waarop die navorser tydens die navorsing gefokus het.

1.6.2 Gestaltperspektief

Gestaltterapie fokus daarop om mense se kontak met hulle veld te verbeter (Woldt & Toman, 2005:5). Dit word deur middel van 'n terapeutiese verhouding gedoen en fokus daarop om mense se bewustheid van hulle veld in die hier en die nou te verhoog. Die terapeutiese verhouding is die fondament van die terapeutiese proses (Oaklander, 2006:21). Deur mense tydens die terapeutiese verhouding bewus te maak van hulle veld, kan daar stelselmatig verandering en groei plaasvind. Daar word geen druk op mense geplaas om vordering te toon nie, weens die feit dat die terapeut die individu se proses volg. Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n Gestaltperspektief gebruik om adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, se belewenisse binne die subkultuur te verhelder.

1.6.3 Essensiële Self

Alhoewel Polster (2005) op Gestaltterapie fokus, praat hy ook oor 'n verskeidenheid selwe, maar noem dit nie die "regte" self of "ideale" self nie. Polster (2005:41) meld dat 'n persoon oor 'n essensiële self en lede- ("member"-) selwe beskik. Die essensiële en lede-selwe is tegelykertyd teenwoordig en vorm deel van die persoon as 'n geheel. Polster (2005:42) beskryf essensiële selwe as volg: "Essential selves are the enduring qualities of the self that are present most of the time. Essential selves are what individuals identify with."

1.6.4 Ledeself

Volgens Polster (2005:46) is 'n ledeself meer veranderlik van aard as 'n essensiële self. Die vorming van 'n ledeself hang af van die spesifieke veld van die persoon. Aan die ander kant kan 'n ledeself byvoorbeeld die navorser se natuurself wees. Wanneer die navorser die geleentheid kry om weg te breek na die natuur, geniet sy dit om te kamp of staproetes te doen. Hierdie self is dus nie healtyd teenwoordig nie, maar slegs wanneer die navorser se veld/omgewing dit toelaat raak die natuurself meer prominent.

1.6.5 Subkultuur

Subkulture word gedefinieer as 'n kultuur met sy eie waardestelsel en beginsels, maar lede van subkulture kan nog steeds binne die dominante kultuur funksioneer (Jenks, 2005:17-19). Elke subkultuur vestig nuwe modes en tendense binne hulle kultuur. Hulle kleredrag word byvoorbeeld as vreemd beskryf (Hebdige, 1979:93-95). Die kultuur word dus gekoppel aan hulle kleredrag, voorkoms sowel as hulle musieksmaak (Muggleton, 2000:47).

1.6.6 Kontrakultuur

Kontrakulture word gesimboliseer deur dwelmgebruik, vrye seks en anti-oorlogproteste (McLeary, 2004:viii). Die kontrakultuur is in opstand teen die tradisionele waardes en beginsels van die middelklassamelewing. Hulle opstandigheid manifesteer op verskeie maniere, byvoorbeeld lang hare, "rock"-musiek, vrye seks en die gebruik van dwelms (Gelder & Thornton, 1997:197-199). Die lede van 'n kontrakultuur hou nie van die implementering van reëls en regulasies nie en het gewoonlik 'n groot groep wat hulle volg om teen sekere reëls te protesteer (Keniston, 1969:11; Osgerby, 2004:81-82).

1.6.7 Emo's

Daar word nie op hierdie stadium reeds 'n definisie of omskrywing van hierdie groepering verskaf nie, omdat dit juis die doel van hierdie studie is om meer inligting oor die groep in te win. In die laaste hoofstuk sal 'n gevolgtrekking gemaak word oor 'n toepaslike definisie en beskrywing gegrond op die navorsingsbevindinge.

1.7 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die **eerste hoofstuk** van die navorsingsverslag bied agtergrond ten opsigte van die navorsingsproses. In hierdie hoofstuk word die motivering vir die keuse van die onderwerp en die probleemformulering, doel van die studie en navorsingsmetodologie bespreek. Dit dien dus as 'n inleiding tot die navorsingsverslag.

Die teoretiese onderbou, wat op Gestaltherapie-teorie, menslike ontwikkeling sowel as die ekologiese teorie fokus, word in die **tweede hoofstuk** bespreek. Weens die tekort aan literatuur oor die Emo-subkultuur ondersteun die teoretiese onderbou die navorsing sodat die Emo-subkultuur beter verstaan kan word.

In die **derde hoofstuk** van die navorsingsverslag word die Emo-subkultuur op grond van die empiriese werk beskryf. Deur middel van ongestruktureerde onderhoude met leerders van 'n hoërskool in die noordelike voorstede kon die navorser deur verskeie data-insamelingsmetodes die nodige inligting bekom sodat temas geïdentifiseer kon word. Hierdie temas word dan met literatuur in verband gebring.

Die **vierde hoofstuk** gaan oor die deeglike beskrywing van die verskillende geldige en betroubare strategieë in kwalitatiewe navorsing en beskryf veral strategieë vir data-triangulering. Indien vakkundige inligting oor die onderwerp beskikbaar was, sou dit ter wille van literatuurkontrolle in hierdie hoofstuk vervat kon word. By gebrek aan sodanige opsie, is gesprekke met beraders/onderwysers van ander skole en inligting soos verkry op webblaaie en sogenaamde Emo-kletskamers (“chatrooms”) vir data-triangulering benut.

Die **vyfde hoofstuk** bevat sekere gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die ondersoek en die studie as 'n geheel.

1.8 SAMEVATTING

Hoofstuk 1 dien as 'n inleidende hoofstuk en verskaf dus die basiese beplanning en motivering van die studie. Die metodologiese raamwerk waarbinne die navorser gewerk het, asook die verskillende werkswyses, word in hierdie hoofstuk weergegee. Dit bied dus 'n oorsig oor hoe die navorsingsproses gaan verloop. In die volgende hoofstuk word die teoretiese onderbou wat op die studie van toepassing is, bespreek.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE STUDIE

2.1 INLEIDING

Vir so lank as wat die mens bestaan, was daar waarskynlik individue wat nie met die dominante groep in die samelewing saamgestem het nie en wat nie met die samelewingsnorme van die spesifieke tyd gekonformeer het nie. Hierdie groepe mense het dikwels vryheid nagestreef en hulle in kuns en ander kreatiewe handeling uitgeleef. Vanaf 1896 was daar byvoorbeeld in Duitsland die sogenaamde Wandervögel, wat soos trekvoëls op motorfietse rondbeweeg het en die streng reëls van die samelewing verwerp het. In die vorige eeu, veral die sestigerjare, het die hippie-beweging wêreldwyd versprei. Die sogenaamde blommekinders is uitgeken aan lang hare, spesifieke kleredrag en 'n strewe na vryheid, liefde en broederskap. Musiek, kuns en politieke deelname was kenmerkend van hierdie groep. Dwelmgebruik was algemeen en dit wou voorkom asof hulle met hulle lewenstyl protes wou aanteken teen die dominante kultuur van daardie tyd (Meadan, 2001:1; Jordan & Pile, 2002:361-362). Dit is dus van toepassing op hierdie navorsing omdat die navorser 'n groepering van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, interessant gevind het. Hierdie subkultuur vereenselwig hulle met eienskappe soos die wegbreek van die dominante kultuur en die vorming van hulle eie unieke identiteit binne die sub- en kontrakultuur. Om 'n diepgaande begrip van die kultuur te ontwikkel, moes die navorser deel word van hulle veld om hulle belewenisse te kon eksploreer en verken.

Skole vorm 'n mikrokosmos met bepaalde dinamika wat onder meer deur die samestelling van leerders en die ligging van die betrokke skool beïnvloed sal word. So sal die dinamika van hoërskole in Khayelitsha verskil van dié van hoërskole in die noordelike voorstede van Kaapstad weens onder meer verskille in taal, kultuur en selfs ook sosio-ekonomiese status. Die dinamika in skole sal ook geraak word deur landelike versus stedelike ligging. So is daar waarskynlik by elke skool verdere unieke aspekte wat toegeskryf kan word aan die spesifieke groep leerders en onderwysers wat op 'n gegewe tyd daar versamel. Mense sal waarskynlik by terugskouing oor hulle skoolloopbaan kan onthou dat daar verskillende groepe

leerders was wat saamgegroepeer is op grond van gewildheid al dan nie, of akademiese of sportprestasie en so meer. Die navorser het by die skool in die noordelike voorstede van Kaapstad, waar sy werksaam was, opgelet dat hierdie groeperings selfs met sekere benamings onderskei word, byvoorbeeld “Barbies” vir die groep gewilde en mooi vroulike leerders. Veral die groep wat as die “Emo’s” bekend gestaan het, het die navorser geïnteresseer en uit gesprekke met van hierdie leerders en onderwysers wou dit voorkom asof dié leerders dikwels misverstaan word, waarskynlik weens ’n gebrek aan inligting oor hierdie groepering.

Weens die tekort aan literatuurondersteuning oor die Emo-subkultuur moes die navorser bestaande teorieë vind wat as onderbou vir die studie kon dien. Bronfenbrenner se ekologiese teorie (Lerner, 2001:238-239), Erikson se identiteitsontwikkeling (1951:234-236) sowel as die Gestaltteorie (Woldt & Toman, 2005:5; Blom, 2006:21; Clarkson & Mackewn, 2006:1-31) was van toepassing op die studie. Hierdie teorieë is geïntegreer omdat daar ooreenkomste tussen hulle en die eenheid van analise in die studie (adolesente wat met die Emo-subkultuur identifiseer) is. Die navorser beoog om in hierdie navorsingsverslag die Emo-subkultuur te beskryf, sowel as die belewenisse van adolessente wat met hierdie subkultuur identifiseer.

Die navorser het ook besluit om vanuit ’n Gestaltbenadering te werk sodat die Emo’s se vermoë om kontak te maak met hulle veld en omgewing en hulle behoeftes te bevredig, verhelder kon word deur van sekere Gestaltteorieë gebruik te maak. ’n Basiese aanname van Gestaltterapie-teorie is dat mense streef na behoeftebevrediging, en dat kontak gemaak word met hulle omgewing, afgestem op die bevrediging van hulle behoeftes (Polster & Polster, 1973:174-175). Die wisselwerking tussen adolessent en omgewing is van belang vir hierdie studie ten einde vas te stel hoe adolessente kontak maak met hulle omgewing, asook wie of wat hulle omgewing beïnvloed. Die navorser het dus aanklank gevind by Bronfenbrenner (2004) se ekologiese teorie, omdat hierdie teorie fokus op persone se kontak met hulle veld en omgewing, asook die rolspelers wat ’n invloed het op hulle daaglikse funksionering.

Die ontwikkeling van adolessente vanuit die algemene menslike-ontwikkelingsteorie en Gestaltperspektiewe word ook tydens hierdie hoofstuk belig. Deur van sekere Gestaltterapie-teorieë (veldteorie, fenomenologie, kontakgrensversteurings, en siklus van ervaring) gebruik te maak, kon die Emo's se kontak (belewensse/ervarings) in hulle veld en omgewing belig word. Al hierdie aspekte vorm 'n fondament en kontrole vir inligting wat met die empiriese ondersoek verkry is.

2.2 VERSKILLE EN RAAKVLAKKE TUSSEN KONTRAKULTURE EN SUBKULTURE

Vir die doeleindes van hierdie studie was die bestudering van literatuur rakende kontra- en subkulture nodig, aangesien daar vermoed is dat die Emo-groepering as 'n subkultuur of kontrakultuur gesien sou kon word. In hierdie hoofstuk word dié twee terme vanuit beskikbare literatuur bespreek. By die bespreking van die empiriese gegewens, asook in die laaste hoofstuk, waar gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek word, sal hierdie aspek verder aandag geniet deur die navorsingsbevindings in verband te bring met die beskikbare literatuur.

2.2.1 Kontrakultuur

Westhues (1982:19) verwys soos volg na die term “kontrakultuur”:

On the ideological level, a counterculture is a set of beliefs and values which radically reject the dominant culture of a society and prescribe a sectarian alternative. On the behavioral level, a counterculture is a group of people who, because they accept such beliefs and values, behave in such radically nonconformist ways that they tend to drop out of the society.

Dit blyk uit die aanhaling hierbo dat 'n kontrakultuur teen die dominante kultuur reageer en dan sodoende 'n ander identiteit ontwikkel wat in teenstelling is met die norm wat deur daardie spesifieke dominante kultuur gestel is (Jordan & Pile, 2002:360-362). Diegene wat met 'n kontrakultuur identifiseer, word van die dominante kultuur onderskei deur onder meer hulle politieke standpunte, norme, sosiale rituele, waardes en beginsels, die manier waarop hulle aantrek en die musiek waarna hulle luister (Haunss & Leach, 2004:9-12). 'n Verdere kenmerk van kontrakulture is dat daar gewoonlik 'n groot groep volgelinge is wat aktief teen 'n dominante kultuur kan werk (Keniston, 1969:11). Brym en Lie (2007:90) meld 'n

aantal groepe wat as kontrakulture gesien kan word, waaronder feministe, die hippie-beweging en die sogenaamde “punks” en “skinheads”. Elkeen van hierdie kontrakultuurgroepe het hulle eie waardesisteme, en in die geval van hippies, “punks” en “skinheads” is daar ook kenmerkende aspekte in hulle voorkoms en veral kleredrag wat aandag trek. Van hierdie groepe het aktief vir ‘n saak baklei – feministe het byvoorbeeld soms radikaal vir vroueregte baklei (Brym & Lie, 2007:90).

Reeds voor die aanvang van die navorsing was dit duidelik dat diegene wat hulleself as Emo’s sien, uitstaan weens kenmerkende kleredrag, haarstyle en grimering. Dit is een van die aspekte wat in die empiriese ondersoek aandag geniet. Dit is ‘n raakvlak met kontrakulture, soos uit die literatuur na vore kom.

2.2.2 Subkultuur

Die term “subkultuur” word as volg beskryf deur Muggleton (2000:47):

They do not have to worry about contradictions between their selected subcultural identities, for there are no rules, there is no authenticity, no ideological commitment. Merely a stylistic game to be played.

Alhoewel dit blyk dat die subkultuur in opposisie is met die hoofkultuur, word dit juis as gevolg van die dominante kultuur gefiltreer en gemanifesteer. ‘n Subkultuur identifiseer dus nie noodwendig in alle opsigte met die dominante kultuur nie, maar kan steeds in samelewingskonteks binne die dominante kultuur inskakel. Hulle doen dit deur ‘n bestaan te kan voer in hulle onmiddellike omgewing, ten spyte van die andersheid waarmee hulle tans identifiseer. In aansluiting by Muggleton (2000:47) se stelling, word ‘n subkultuur gesien as ‘n kultuur met sy eie waardes en norme, maar in teenstelling met die kontrakultuur kan hulle wel binne die dominante hoofkultuur ‘n bestaan voer. Die subkultuur hou geen direkte bedreiging vir die hoofkultuur in nie (Jenks, 2005:16-18). Lede van subkulture leef hulle in hulle identiteite uit deur aan gemeenskaplike aktiwiteite, byvoorbeeld kuns, deel te neem. Dit wil voorkom asof diegene wat met ‘n subkultuur identifiseer, belangstellings deel en ook sekere style van aantrek en grimeer kan aanhang. Dit is ‘n raakvlak met diegene wat binne kontrakulture funksioneer.

Subkulture soos die gote (“goths”) dra byvoorbeeld donker of swart kleure, met unieke grimering, juweliersware en musiek. Die sogenaamde “homies” dra tipies los klere, bofbalpette en luister na rapmusiek. Volgens Huq (2006:6-8) is inskakeling by die kenmerkende klere, voorkoms en musiekstyle van die spesifieke subkultuur ‘n belangrike voorvereiste vir sodanige inskakeling.

Dit blyk uit die literatuursoektog dat sommige outeurs die hippie-beweging as ‘n kontrakultuur sien (Brym & Lie, 2007:90), terwyl ander (Falk & Falk, 2005:192-195; Issitt, 2009:32-33) hierdie groep as ‘n subkultuur beskou. Dit bevestig die navorser se waarneming dat daar sterk ooreenkomste tussen sub- en kontrakulture is. Die een aspek wat ‘n kontrakultuur van ‘n subkultuur onderskei, is juis eersgenoemde se betrokkenheid by aktivisme en selfs radikale aktiwiteite. Sommige het die hippies gesien as passiviste, maar volgens MacFarlane (2007:171) was dit ‘n radikale beweging. MacFarlane (2007:171) is verder van mening dat dwelmgebruik die mees radikale kenmerk van die hippies as kontrakultuur was. Dwelmgebruik was algemeen en dit wou voorkom asof hulle met hulle lewenstyl protes wou aanteken teen die dominante kultuur van daardie tyd sonder om daardie kultuur direkte skade te berokken. Dit is ook interessant dat die dominante kultuur sekere aspekte eie aan die hippie-beweging geabsorbeer het, byvoorbeeld sekere klerestyle. Daar is tipies by lede van subkulture konformering ten opsigte van rituele en die saak waarvoor of waarteen hulle staan (Osgerby, 2004:117; Steele & Park, 2008:25). Hierdie rituele en maniere van konformering raak dan die meganisme of wyse waarop die individue binne die subkultuur hulle in die samelewing laat geld. Dit word ook die manier waarop hulle hulle van die dominante kultuur distansieer (Falk & Falk, 2005:240).

Opsommend blyk dit dus dat die groot verskil tussen kontra- en subkulture veral is dat kontrakulture tipies groot bewegings is wat druk vir sosiale verandering, terwyl subkulture saam met dominante of hoofkulture kan bestaan. Diegene wat binne kontrakulture funksioneer, is gekant teen en kom in opstand teen hoofstroomkulture. Volgens Haunss en Leach (2004:8) bied subkulture vir lede alternatiewe wat nie met die dominante kultuur ooreenstem nie, maar wat vreedsaam naas hierdie dominante kultuur kan voortbestaan.

Daar is grys areas wat dit moeilik maak om sekere groeperings suiwer binne 'n sub- of kontrakultuur te plaas, soos blyk uit die kategorisering van die hippie-groep. Dit is reeds duidelik dat die teikengroep vir hierdie studie eienskappe het wat ooreenstem met kontra en subkultuur met hulle opvallende kleredrag en klem op musiek. Die rigtinggewende aspek waarop in die empiriese studie gelet sal word, is die Emodeelnemers se sienings oor aktivisme, sosiale druk en radikale optrede, wat op hierdie stadium waarskynlik die faktore is wat plasing in 'n sub- of kontrakultuur sal bepaal.

2.3 ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSFASE

Ten einde 'n historiese oorsig te kry oor die wetenskaplike bestudering van die adolessente lewensfase, is Conger (1973) se werk by hierdie studie ingesluit. Conger (1973:7) verwys na die werk van Hall, wat reeds in 1916 'n boek oor adolessensie (*Adolescence*) gepubliseer het. Hierdie werk het die moderne wetenskaplike navorsing oor die adolessente lewensfase ingelui (Conger, 1973:8). Hall het die adolessente lewensfase beskou as 'n stadium van intense konflikte, wat hy as “storm-en-drang” beskryf het. Ander wat sy siening ondersteun het, was mense soos Freud en Erikson, wat hierdie fase beskryf het as 'n tyd van identiteitskrisis. Reeds in 1964 skryf Bandura 'n artikel getiteld “The stormy decade: Fact or fiction”. Bandura (1964) is van mening dat die konflik, verwarring en vyandigheid wat soms in hierdie fase voorkom, ook verband kan hou met die sosiale omstandighede binne die gesin of gemeenskap. Hierdie siening het raakvlakke met wat later in hierdie hoofstuk tydens die bespreking van die ekologiese teorie en Gestaltveldteorie beskryf sal word. In die navorser se werk as onderwyseres en berader is die wisselwerking tussen adolessent en omgewing dikwels waargeneem wanneer leerders vertel het van die impak van hulle verhoudings met vriende, gesinslede en onderwysers. Uit die navorser se ervaring wil dit voorkom asof nie alle adolessente dié ontwikkelingstadium as ewe stormagtig beleef nie. Dit is in lyn met die siening van verskeie outeurs wat aandui dat adolessensie nie meer of minder uitdagings inhou as enige ander ontwikkelingsfase wat elke persoon moet deurgaang nie (Seifert & Hoffnung, 1997:435; Louw et al., 1998:390; Gouws et al., 2000:1).

Adolessensie word gesien as die tydperk tussen die kinderjare en volwassenheid (Geldard & Geldard, 2004:3; Louw & Louw, 2007:278). Louw en Louw (2007:289)

meld dat adolessensie begin tussen die ouderdom van 11 en 13 en eindig tussen 17 en 21 jaar. Geldard en Geldard (2004:5) meld weer dat adolessensie tussen 11 en 14 begin en op 15 tot 18 jaar eindig. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat die begrensing van die adolessente ontwikkelingsfase kan wissel as gevolg van kultuurverskille. Ander outeurs verdeel adolessensie in drie subfases, naamlik vroeë adolessensie (meisies 12 jr. en seuns 14 jr.), middel-adolessensie (14 tot 16 jr.) en laat adolessensie (17 tot 20 jr.) (Gillis, 1992:70-71; Gouws, Kruger & Burger, 2000:77-64). Vir die doeleindes van die studie gaan daar met adolessente gewerk word wat in die middel- en laat adolessensiefase is, dus 14 tot 18 jaar oud.

Soos vroeër genoem, word adolessensie beskou as die oorgangstydperk tussen die kinderjare en vroeë volwassenheid (Seifert & Hoffnung, 1997:438; Jaffe, 1998:19; Wait, Meyer & Loxton, 2004:151). Volgens Erikson (1951), wat adolessensie bespreek in terme van die sogenaamde fasemodel, is adolessensie die tydperk in 'n mens se lewe waar belangrike lewenskeuses gemaak moet word en waar identiteitsvorming plaasvind. In die konteks van hierdie studie is Epstein (1998:4) se siening van belang, naamlik dat adolessente neig om vervreemd te voel van die breë samelewing. Hierdie studie handel juis oor 'n groep adolessente wat op die oog af randfigure is, hoewel hulle maklik uitgekken word deur die spesifieke voorkoms wat tipies by die sogenaamde Emo-leerders voorkom. Volgens Malapo en Van der Merwe (2003:114) ervaar adolessente probleme in die verstaan en beheer van hulle emosies, onder meer vanweë die konflik waarin hulle hulle bevind met hulle ouers, portuurgroep, ander lede van die gesin en dan selfs ook die gemeenskap in die geheel. Vir adolessente is die vermoë om geleidelik meer abstrak te kan dink en redeneer, verwarrend, maar hierdie ontwikkeling in kognitiewe denke kan ook as opwindend beskou word omdat dit tot nuwe begrip en insig kan lei.

2.3.1 Ontwikkelingstake tydens adolessensie

Dit blyk dus reeds dat adolessensie 'n lewensfase is waar veranderinge op vele vlakke plaasvind waaronder fisiek, emosioneel, kognitief en op waardevlakke (Geldard & Geldard, 2004:3-5; Louw & Louw, 2007:27-28). Hierdie veranderinge word gerugsteun deur ontwikkelingstake wat adolessente help om effektief te kan funksioneer (Rice, 2001:292-294).

Aangesien hierdie 'n studie van beperkte omvang is, en dit ook nodig is om te fokus op literatuur wat met die onderwerp verband hou, neem die navorser wel kennis van die omvang van literatuur oor die adolessente ontwikkelingsfase, maar dit word hier bloot geselekteerd beskryf. Daar word ook kennis geneem van die verskillende sieninge: waar sommige, soos Erikson (1951), fase-gerigte ontwikkeling beskryf en ander, soos Bronfenbrenner, ontwikkeling meer sien as bepaal deur individuele eienskappe in wisselwerking met die omgewing. Wheeler (2002:51-52) het ook gelet op die wydverspreide teorie wat bestaan rondom ouderdomspesifieke ontwikkeling en bied 'n oorsig oor die werk van Freud, Maslow, Piaget and Kohut. Wat egter vir die navorser meer van belang was as die ouderdomspesifieke fase waarin die adolessent hom/haar bevind, was laasgenoemde se manier van kontakmaking. Die navorser fokus binne die bepaalde studie meer op die manier waarop die adolessent met sy/haar omgewing en veld kontak maak, en hoe dit hulle ontwikkeling raak. Hierdie aspekte word egter nie hier uitvoerig beskryf nie, maar sal met die bespreking van resultate in Hoofstuk 3, 4 en 5 toegepas word. Die volgende drie ontwikkelingsstake was van besondere belang vir hierdie studie, omdat dit belangrike onderbou kan verskaf wat kan lei tot beter begrip van diegene wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Hierdie ontwikkelingsstake word deur verskeie outeurs beskryf (Louw, Thom, Van Ede & Ferns, 1998:392; Burger, Gouws & Kruger, 2000: 67; Begevin, Bukowski & Miners, 2003:38):

- die ontwikkeling van sosiaal-verantwoordelike gedrag.
- die ontwikkeling van 'n eie identiteit.
- die aanvaarding en aanpassing by die portuurgroep.

Ten einde adolessente ontwikkeling binne die studie te verstaan, is dit egter vir die navorser nodig om kortliks op fisieke, emosionele en sosiale ontwikkeling te let, soos bespreek deur onder meer Geldard en Geldard (2004:8-10).

2.3.2 Fisieke en emosionele ontwikkeling

Fisieke en emosionele ontwikkeling word hier saam bespreek omdat daar 'n sterk wisselwerking tussen hierdie aspekte bestaan. 'n Belangrike ontwikkelingstaak tydens adolessensie is die aanvaarding van die veranderde liggaamlike voorkoms en die

integrasie daarvan in die res van die selfbeeld (Louw, Van Ede & Louw, 1998:393-394; Gouws & Kruger, 2000:393-394). Pubertale ontwikkeling kan die sosiale en emosionele ontwikkeling van adolessente beïnvloed. Binne verskeie kulture bestaan verskillende sienings oor die ideale liggaamsvorm en dit mag moontlik 'n effek hê op hoe adolessente binne die groep aanvaar word. Die liggaamlike ooreenstemming met die gewenste kulturele beeld kan ook 'n invloed hê op die sosiale aanvaarding deur hulle portuurgroep en volwassenes (Gouws *et al.*, 2002:21; Loxton, 2004:153).

Coetzee (1998:47) beskryf emosionele bewustheid as 'n persoon se vermoë om bewus te wees van emosies wat ervaar word en om erkenning te gee daaraan. Dit moet dan toepaslik hanteer word met bewustheid van die wisselwerking met kognisie, gedrag en liggaamsreaksies sodat dit lewenskwaliteit kan bevorder en 'n leerervaring kan bied. Gouws *et al.* (2000:96-97) beklemtoon sekere aspekte wat die adolessent se gemoedstoestand kan affekteer en dus emosionele welstand kan beïnvloed, naamlik:

- die gemeenskap se hoë verwagtinge van die adolessent waaraan hy/sy nie altyd kan voldoen nie weens kognitiewe onrypheid en ander faktore, byvoorbeeld ontwikkelingsgerigte eksperimentering.
- die eise wat portuurgroepe stel, probleme wat by die skool ervaar word en ook die huislike omstandighede waarin die adolessent leef; en die druk om akademies goed te presteer en keuses te maak rakende sy/haar loopbaan.

Hierdie verwagtinge en eise waaraan adolessente moet voldoen, plaas soms soveel emosionele druk op hulle dat hulle van die portuurgroep en gesin onttrek uit vrees vir mislukking. Dit blyk dus dat adolessente se kontak met omringende sisteme lei tot voortdurende konfigurasie van ervarings, wat ook sekere gedrags- en denkpattre kan vorm, soos later in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Geldard en Geldard (2004:27) beklemtoon die waarde van ondersteuningsisteme vir adolessente. Dit blyk reeds dat interne en eksterne invloede 'n rol speel in die funksionering van adolessente. Hierdie aspekte sal ondersoek word ten opsigte van die eenheid van analise vir hierdie studie, naamlik adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer.

2.3.3 Sosiale ontwikkeling en gesinskonteks

Deur die interaksie inherent aan sosialisering leer adolessente sosiale vaardighede en hoe om kontak te maak met ander in hulle veld/omgewing. Die vermoë om te sosialiseer, help hulle om 'n plek in die samelewing te vind (Bauman & Ennett, 1996:83-84). Dit gee ook aan adolessente die kans om diversiteit te ervaar en te besef dat mense verskillend funksioneer. Louw en Louw (2007:325) beskou die ouers en portuurgroep as twee belangrike invloede in die sosiale konteks van adolessente. Intensiewe konflik kan voorkom wanneer adolessente se begeerte na vryheid bots met ouers se pogings om hulle gedrag te reguleer. Dit is ook vir ouers belangrik om te verstaan dat adolessente onafhanklikheid van waarde ag en hulle eie waardestelsel ontwikkel. Adolessente se verhouding met hulle ouers is van belang tydens die adolessensiefase, omdat ouers leiding en ondersteuning moet bied tydens hierdie fase, wat met 'n aantal veranderinge en keuses gepaard gaan. Hoewel adolessente dus nog afhanklik is van ouerlike steun, vind hulle in hierdie fase dikwels meer aanklank by hulle portuurgroep, en daar kan gevolglik afstand kom tussen hulle en die ouers. Dit is vir ouers moeilik om 'n balans te vind waar hulle die afstand respekteer en aan hulle kinders ruimte gun terwyl hulle tog nog die nodige ondersteuning bied en positiewe verhoudings met die adolessente in stand hou (Eccles & Wigfield, 1996:48; Geldard & Geldard, 2004:27-29).

Dit is soms vir ouers moeilik om te besef dat hulle kinders die vermoë ontwikkel om hulle eie besluite te kan neem en dat adolessente geleenthede nodig het om hulle redeneringsvermoë te verskerp. Adolessente het ouers nodig om hulle emosioneel te ondersteun. Wanneer daar 'n gebrek aan belangstelling en ondersteuning vanuit die gesinskonteks is, kan dit tot 'n lae selfbeeld asook negatiewe gedrag lei (Gouws, Kruger & Burger, 2000:69; Adams & Berzonsky, 2003:60; Holmbeck, O'Mahar, Abad, Colder & Updegrave, 2006:435).

2.3.4 Portuurkonteks

Volgens Geldard en Geldard (2004:11-12) het adolessente die behoefte om hulle plek in die samelewing te vind en om te behoort. Die portuurgroep speel volgens Gouws *et al.* (2000:75) 'n belangrike rol in adolessente se sosiale ontwikkeling. Die verhouding met die portuurgroep is belangrik in die vorming van adolessente se self en

selfwaarde. Adolescente is geneig om vriende te kies wat baie dieselfde karaktereenskappe as hulle toon, en spandeer 'n groot deel van hulle tyd saam met hulle portuurgroep. Die verhouding met die portuurgroep is dus belangrik vir die ontwikkeling van die adolessent se self (Holmbeck *et al.*, 2006:437). Die portuurgroep vorm hulle eie waardestelsel, tradisies en kenmerkende gedrag en adolessente wat by die groep wil aansluit, moet konformeer met die portuurgroep se gedrag en werkswyse. Die portuurgroep het dus 'n invloed op die adolessent se denke, emosionele ervarings en liggaamsbeeld, en hierdie invloed kan as portuurgroepdruk gesien word (Gouws *et al.*, 2000:74-77). Ter illustrasie van die impak van die portuurgroep maak Gouws *et al.* (2000:76) die volgende stelling: "It seems as though the price of gaining emotional autonomy from parents may be some kind of emotional dependence of peers." Die portuurgroep kan beïnvloed word deur sosiale en kulturele stereotipes wat die groep aanneem. Portuurgroep-vriendskappe bied geleentheid vir emosionele intimiteit, ondersteuning en begrip, sowel as kameraadskap en pret (Loxton, 2004:156). Die adolessente portuurgroep kan in baie gevalle beskou word as 'n aparte kultuur wat die oorgang van die kinderfase na volwassenheid vergemaklik (Louw *et al.*, 1998:454).

2.3.5 Identiteitsontwikkeling

Identiteitsontwikkeling tydens adolessensie kan uitdagend en moeilik wees, aangesien dit 'n relatief nuwe proses is wat ontwikkel, geleer en toegepas moet word (Erikson, 1951:234-235). Erikson se teorie verwys na hierdie ontwikkeling as 'n tydperk van identiteitskrisis (Marcia, 1980:101-111). Identiteitskrisis word gedefinieer as 'n tydperk van verwarring waartydens adolessente bestaande waardes bevraagteken en eksploreer, asook met alternatiewe rolle eksperimenteer. Dit is relevant vir hierdie studie omdat die groepering van adolessente wat betrokke is by die studie, ook aanklank vind by 'n kultuur wat hulle eie waardestelsel ontwikkel en op kreatiewe maniere uiting gee aan hulle emosies.

Erikson (1951:235) verwys na verwarring as 'n "gevaar"-sone tydens adolessensie. Verwarring verwys na die proses waar adolessente soms te veel identifiseer met ander (die portuurgroep) sodat die eie unieke identiteit verlore kan gaan (introjeksie) (Adams & Berzonsky, 2003:280). Dit blyk dus dat identiteitsontwikkeling 'n kern-

ontwikkelingstaak is tydens adolessensie. Tydens identiteitsontwikkeling word adolessente bewus van wat vir hulle belangrik is. Dit is ook in hierdie tydperk van die ontwikkelingsfase dat adolessente die vermoë ontwikkel om interaktief met ander mense te verkeer, asook om te leer hoe om verskillende situasies te hanteer. Hierdie vermoëns help adolessente om besluite te neem en verantwoordelikheid vir hulle aksies te aanvaar. Alhoewel adolessente die soeke het om hulle eie identiteit te vorm, het hulle ook die behoefte om deel te wees van hulle portuurgroep (Louw & Louw, 2007:330).

Adolessensie kan dus kortliks opgesom word as 'n lewensfase waar die persoon se identiteit begin vorm, maar ook waar "oor"-identifisering met ander hierdie identiteitsvorming kan beïnvloed (Erikson, 1951:236). Die navorser is van mening dat die proses van identiteitsvorming verskil van adolessent tot adolessent en dat daar eksterne faktore is wat dit beïnvloed. Hierdie kwessie word verder bespreek onder 2.5.1 (veldteorie) en 2.5.1.1 (ekologiese teorie).

2.4 GESTALT-ONTWIKKELINGSMODEL

Ingevolge die Gestalt-ontwikkelingsmodel word menslike ontwikkeling as 'n geheel waargeneem met inagneming van invloede vanaf die veld. Verskeie outeurs (Freud, Piaget en Erikson) het die ontwikkeling van 'n persoon bestudeer met die fokus op die fases van kognitiewe, fisiese, emosionele en identiteitsontwikkeling (Moshman, 1999:5-20; Adams, 2000:7-20). Hierdie menslike ontwikkelingsmodelle fokus op die ontwikkelingsstake wat tydens 'n sekere lewensfase verrig word. In hierdie verband noem Wheeler (2002:38) dat beskrywings van menslike ontwikkeling soms gereduseer word tot die waarneming van die persoon se innerlike emosies.

Wat Wheeler (2002) wil tuisbring, is dat 'n persoon nie slegs in afsondering geëvalueer kan word nie. Die waarnemings kan nie subjektief wees tot die persoon self nie, maar behoort ook eksterne faktore (byvoorbeeld familie, portuurgroep en ouers) in te sluit om 'n duidelike geheelbeeld te kan vorm oor wie die persoon eintlik is. Die persoon se ontwikkeling word dus geëvalueer in terme van die funksionaliteit van die persoon in sy/haar totaliteit, aangedrewe vanuit sy/haar innerlike self, maar ook beïnvloedbaar deur die eksterne, onbeheerbare faktore (Wheeler, 2002:50). Die

navorsers vind aanklank by Wheeler (2002) se ontwikkelingsmodel, omdat dit uit haar ervaring in die praktyk duidelik geword het dat 'n individu se veld en al die rolspelers daarin in ag geneem moet word ten einde 'n diepgaande begrip van die persoon in sy/haar situasie te ontwikkel. Die Gestaltterapie teorie wat van toepassing is op die studie, word vervolgens weergegee en bespreek.

2.5 GESTALTTERAPIE

Die ontwikkeling van Gestaltterapie word in detail beskryf deur verskeie outeurs (Woldt & Toman, 2005:5; Blom, 2006:21; Clarkson & Mackewn, 2006:1-31). Frederick Perls was 'n mediese dokter wat ook as neuro-psiater gewerk het (Clarkson & Mackewn, 2006:5). Hy word algemeen gesien as die vader van Gestaltterapie, hoewel sy vrou, Laura, ook 'n beduidende rol gespeel het in die ontwikkeling van die grondslag van Gestalt. Sy het as student van Husserl veral in fenomenologie gespesialiseer en het ook bydraes gelewer op die gebied van eksistensialisme. Gestaltterapie teorie is sterk gegrond in psigo-analise en hoewel Perls nie met al Freud se idees saamgestem het nie, is die Gestaltteorie oor homeostase byvoorbeeld sterk gegrond op Freud se idees oor psigo-analise. Perls het egter toenemend wegbeweeg van Freud se idees, en sy werk is verder gebaseer op invloede van persone wat ook wegbeweeg het van die meer ortodokse vorme van psigo-analise. Hierdie invloede sluit in die aktiewe tegnieke van Ferenczi, Jung se sienings oor kreatiewe verbeelding en Adler se sienings rondom holisme (Clarkson & Mackewn, 2006:9-10).

Tydens die literatuursoektog oor Gestaltterapie is verskeie definisies gevind. Volgens Clarkson (1989:5) en Bowman (1998:106) word Gestaltterapie gesien as 'n psigoterapeutiese proses wat beoog om die persoon se kontak met die self, die gemeenskap en die omgewing te verbeter. Volgens Blom (2006:46) word die klem in Gestaltterapie op bewustheid in die hier en nou geplaas, terwyl die persoon ook as 'n holistiese entiteit waargeneem moet word. 'n Groep adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, se belewenisse word tydens die studie verken en geëksploreer. Die empiriese studie fokus op deelnemers se bewustheid in die hier en nou oor hulle belewenisse rakende die Emo-subkultuur. Holisme speel ook 'n rol deurdat eksterne invloede op deelnemers geëksploreer word.

Verskeie grondbeginsels van Gestaltterapie is van toepassing op die studie. Bronfenbrenner (Slee, 2002:69) se ekologiese teorie word bespreek saam met die Gestaltveldteorie, omdat hierdie twee teorieë aanklank vind by mekaar weens hulle gemeenskaplike eienskappe, soos hieronder uitgewys sal word.

2.5.1 Veldteorie

Clarkson (1989:8) bied 'n oorsig oor die historiese ontwikkeling van veldteorie binne die Gestaltbenadering. Lewin (1952 in Clarkson, 1989:8), 'n Duitse sielkundige, het 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van veldteorie in sielkunde. Lewin was van mening dat dit onmoontlik is om mense waar te neem buite die konteks van hulle veld/omgewing. Perls, Goodman en Hefferline (1951:227-228) ondersteun hierdie feit deur te noem dat 'n persoon nie in isolasie waargeneem kan word nie. Elke menslike funksie behels interaksie en kontak met ander in die veld. Lewin beskryf die veld as bestaande uit kragte/pole wat 'n uitwerking op mekaar het in 'n komplekse interaktiewe verhouding (Woldt & Toman, 2005:43-46). Yontef (1993:295-297) se mening is ook relevant, naamlik dat die veld konstant in verandering is as gevolg van die komplekse interaktiewe verhouding weens die kontak met invloedryke kragte (Woldt & Toman, 2005:46). Weens die konstante veranderinge in die veld verwys Mackewn (1997:15) na die persoon se behoefte om die veld in betekenisvolle ervarings te organiseer. Geen ervaring kan dus afgesonder of uitgelaat word nie, omdat alle dele van die veld in kontak is met mekaar en dus die veld beïnvloed. Soos deur Blom (2006:28-29) vermeld word, kan geen ervaring bestaan sonder kontak nie. Die invloed van die veld op die konfigurasie van ervaring by deelnemers word in die empiriese ondersoek verken.

Sekere sienings van veldteorie is ook relevant vir die navorsingsproses. Soos voorheen vermeld, is kwalitatiewe navorsing in wese subjektief. Ingevolge veldteorie is daar egter nie subjektiwiteit of objektiwiteit in waarnemings nie, maar bloot verskillende perspektiewe (Nevis, 1996:20-21, Woldt & Toman, 2005:47). Vir die doeleindes van hierdie navorsing moes die navorser deurentyd bewus wees van haar rol (navorser/waarnemer/instrument) in die deelnemers se veld, sowel as haar voorafkennis van en insig in die Emo-leerder. Hierdie aspekte moes bewustelik deur

die navorser ingeperk word ten einde die deelnemers se belewenisse binne hulle veld te kon ondersoek.

2.5.1.1 Ekologiese benadering (Bronfenbrenner)

Die klem op kinder-/adolesente ontwikkeling as 'n individuele proses het geneig om die persoon se sosiale en kulturele konteks te verwaarloos. Bronfenbrenner het die ontwikkeling van die persoon in terme van sy/haar omgewing en sosiale konteks bestudeer (Scileppi, Teed & Torres, 1999:45). Reynolds en Woldt (2002: 243) beveel ook aan dat kinders/adolesente se ontwikkeling binne die konteks van hulle omgewing bestudeer moet word.

Veral twee aspekte van Bronfenbrenner se model is hier relevant. Eerstens word die persoon voorgestel as 'n organisme wat deur die omgewing gevorm is, met ander woorde die persoon het 'n aktiewe rol in sy/haar ontwikkeling, omdat ander genader word wat dieselfde omgewing en belangstelling het en die adolessent dus kan beïnvloed (ter aansluiting van 'n subkultuur, 2.2.2). Tweedens het Bronfenbrenner die kronosisteem beskryf. Die kronosisteem neem in ag hoe tyd 'n rol in die persoon se ontwikkeling speel. As gevolg van tyd wat verbygaan, verskil die persoon se opinie en sienswyse van sekere aspekte van die lewe. Met dít in gedagte het Bronfenbrenner se model die persoon se ontwikkeling binne 'n reeks sisteme waargeneem (Slee, 2002:69). Hierdie sisteme word as volg benoem (Lerner, 2001:238):

- Mikrosisteem
- Mesosisteem
- Eksosisteem
- Makrosisteem

Die mikrosisteem behels die persoon se karaktereienskappe en sluit verskillende rolspelers in sy/haar lewe in waarmee hy/sy verbind is, waaronder vriende, die gesin en die skool. Binne die mesosisteem is daar 'n verbinding tussen een of meer van die mikrosisteem se rolspelers (byvoorbeeld ouer-onderwyserverhouding, suster se vriendskap met die buurman). Die derde sisteem is die **eksosisteem**. Binne hierdie sisteem word die persoon nie direk beïnvloed nie, maar dit beïnvloed moontlik een

van die rolspelers in die mikrosisteem. 'n Voorbeeld van sodanige indirekte invloed is wanneer die adolessent uitvind dat sy/haar ouers se voorregte deur 'n werkgewer verminder gaan word of dat daar dalk 'n moontlikheid is dat die ouer sy/haar werk kan verloor. Dit het 'n indirekte effek op die adolessent, byvoorbeeld op finansiële gebied. Laastens fokus die **makrosisteem** op sosiale faktore soos die kultuur, ekonomie en politiek. Dit verwys onder meer na die kultuur of subkultuur waarin die persoon woon. Veranderinge binne hierdie sisteem beïnvloed die lewens van elke persoon in die samelewing (Scileppi *et al.*, 1999:48; Lerner, 2002:238-241; Salkind, 2004:35-38, Slee, 2002:69-73)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Bronfenbrenner se siening meriete het vir hierdie studie, naamlik dat die persoon in wese deel is van die omgewing en dat 'n individu nie as 'n enkele entiteit bestudeer kan word nie. Dit is veral van toepassing op hierdie studie omdat laasgenoemde oor 'n spesifieke eenheid van analise (Emo) gaan wat waarskynlik sterk omgewingsinvloede het. Dit strook dan ook met die Gestaltveldteorie met die basiese filosofie "Everything is of a field" (Wheeler 1991:27-28; Joyce & Sills, 2001:24).

2.5.2 Fenomenologie

Fenomenologie is gegrond in die werk van Husserl (1970), Satre (1948) en Merleau-Ponty (1973) (in Clarkson, 1989:13). Soos genoem, is Laura Perls beïnvloed deur die werk van Husserl en haar idees oor fenomenologie is by die Gestaltteorie geïnkorporeer (Woldt & Toman, 2005:10).

Ingevolge die fenomenologiese benadering word ondersoek gerig om so na as moontlik aan die persone se ervarings te bly sodat 'n diepgaande begrip vanuit hulle sienswyses en opinies ontwikkel kan word. Fenomenologiese navorsing behels dat navorsingsvrae op die sogenaamde "lived experience" van deelnemers gerig word (Heppner & Heppner, 2004:168). Dit is asof die navorser deel word van die persoon se belewenisse, maar nog steeds bewus is van sy/haar eie waardes en beginsels. Elke persoon se fenomenologie verskil, omdat alle mense op gegewe tye verskillende aspekte op hulle voorgrond het. Fenomenologie behels om 'n persoon uit belangstelling of selfs nuuskierigheid te nader sodat hulle persoonlike belewenisse

verder ontdek en ondersoek word (Joyce & Sills, 2001:16). Die fenomenologiese benadering is van toepassing op hierdie studie, omdat die navorser die Emo-subkultuur uit nuuskierigheid en belangstelling genader het. Om die Emo-leerders se belewenisse te ondersoek, moes die navorser deel word van hulle veld. Deur deel te wees van hulle veld kon die navorser die Emo's se opinies en sienswyses oor hulle belewenisse van die Emo-subkultuur waarneem.

Joyce en Sills (2001:16-20) en Woldt en Toman (2005:24) bespreek inperking as 'n komponent van fenomenologie. Inperking is van belang vir hierdie studie omdat dit bydra tot geldigheid en vertrouenswaardigheid (Hoofstuk 4). Inperking behels dat die navorser se waardes en vooropgestelde idees van die Emo-subkultuur bewustelik tersyde gestel word. Dit word gedoen sodat die navorser nie die empiriese ondersoek vanuit sy/haar eie verwysingsraamwerk beïnvloed nie. Inperking van eie aannames en voorkennis is bewustelik gedoen ten einde deelnemers se begrip van die Emo-subkultuur na vore te laat kom. Hierdie strategie is volgens Heppner en Heppner (2004:170) deur Husserl voorgestaan. Husserl het daarna verwys as *epoche*, wat impliseer dat oordeel en afleidings oor die ware aard van die realiteit nie deur die ondersoeker gemaak word nie, maar dat die stem van diegene wat ondersoek word, helder kan deurkom.

Veldteorie, ekologiese teorie en fenomenologie is dus relevant vir hierdie studie, omdat dit adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, se belewenisse kan verhelder sodat dit deur die navorser waargeneem en beter verstaan kan word.

2.5.3 Bewustheid in die hier en nou.

Bewustheid bring mense in kontak met hulle eie behoeftes en emosies, sodat hulle kan leer om verantwoordelikheid te neem vir wie hulle is en wat hulle doen (Blom, 2006:52). Yontef (1993:144-145) beskryf bewustheid soos volg: "Awareness is a form of experience which can be loosely defined as being in touch with one's own existence, with what is ... The person who is aware knows what he does, how he does it, that he has alternatives and that he chooses to be as he is."

Alhoewel bewustheid na die hier en nou gebring moet word, kan die invloed van ervarings van die verlede sowel as die verwagtinge van die toekoms nie misgekyk word nie (Joyce & Sills, 2001:27-28). Dit hou verband met Bronfenbrenner se siening oor die kronosisteem, waar die historiese oorsig oor 'n persoon se lewensgeskiedenis van belang is (Slee, 2002:69). Soos reeds vermeld is, is die enigste realiteit waarmee gewerk kan word, egter in die hier en die nou. Deur op die hier en die nou te fokus, kan daar waargeneem word hoe onafgehandelde sake die persoon se lewe affekteer (Mackewn, 1997:21-23). Die navorser sal die Emo's se bewustheid in hulle veld verder eksploreer tydens die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3).

2.5.4 Polariteit

Polariteit kan beskou word as teenoorgesteldes wat mekaar aanvul of teen mekaar in verset is. Daar is verskillende vorme van polariteit, byvoorbeeld polariteit van emosies (liefde/haat), karaktertrekke van die self (goeie mens/slegte mens) en karaktertrekke van ander (vriend/vyand). Polariteit ontwikkel wanneer die persoon met een stel van teenoorgestelde karaktertrekke identifiseer, byvoorbeeld haat. Dit dreineer energie uit die persoon en kan soms tot fragmentasie van die self lei. Organismiese selfregulering lei tot die integrering van polariteit, waar verskille aanvaar en geïntegreer word (Yontef, 1993:148; Blom, 2006:40).

2.5.5 Organismiese selfregulering

Organismiese selfregulering verwys na die proses van bevrediging van eie behoeftes. Behoeftes word individueel bevredig soos dit op die persoon se voorgrond kom. Die persoon se veld skep dus voortdurend nuwe behoeftes weens eksterne en interne invloede. Nuwe behoeftes skep ongemak totdat 'n manier gevind word om dit te bevredig (selfregulering) ten einde weereens balans te vind (homeostase) (Clarkson, 1989:18-19; Mackewn, 1997:17; Blom, 2006:23). Selfregulering is daarop gerig om 'n gesonde balans te handhaaf sodat groei kan plaasvind (Oaklander, 2007:12). Elke mens het 'n unieke proses om balans te vind. Sommige mense benut ondersteuningstelsels en netwerke, terwyl ander geloof benut as hanteringsmeganisme. Elke spesifieke situasie, asook die persoon se veld, sal bepaal hoe die persoon na homeostase beweeg. Woldt en Toman (2005:84) beaam hierdie

stelling deur die volgende te sê: “Gestalt therapy is a holistic theory that believes that people are inherently self-regulating and orientated towards growth and that they cannot be validly understood apart from their environment.”

Daar is twee maniere van selfregulering, naamlik interne en eksterne selfregulering. **Interne selfregulering** is ’n spontane en natuurlike proses uniek aan elke persoon, terwyl **eksterne selfregulering** vanaf die mikrosisteem geforseerd geskied. Moontlike fragmentasie kan ook by eksterne selfregulering plaasvind, omdat die persoon nie die behoefte op sy/haar voorgrond bevredig nie en dit moontlik onafgehandelde sake word. Die volgende praktiese illustrasie word gegee om hierdie konsep te verduidelik:

Kinders wat liefde en aandag nodig het, maak gebruik van interne selfregulering wanneer hulle spontaan na hulle ma hardloop en vir haar ’n drukkie gee. Eksterne selfregulering is waar kinders weens hulle kulturele voorskrifte nie hulle behoefte spontaan bevredig nie as gevolg van die feit dat hulle bang is dat hulle maats vir hulle sal lag. Hulle behoefte word dus nie bevredig nie, wat tot ’n onvoltooide Gestalt in die kind lei (Blom, 2006:24).

Kreatiewe aanpassing is wanneer ’n persoon verandering skep om by sy/haar omstandighede aan te pas (Woldt & Toman, 2005:85-86). Hierdie verandering vind plaas deur selfregulering in die persoon se veld. Kreatiewe aanpassing vind plaas in die persoon se veld as sy/haar huidige behoeftes nie voldoende bevredig word nie. Hierdie konsep word as volg verduidelik:

Wanneer daar voldoen word aan ’n kind se basiese behoeftes, byvoorbeeld kos, klere, behuising en geleerdheid, maar hy/sy ontvang nie voldoende liefde en aanvaarding nie, kan hy/sy ’n kreatiewe aanpassing maak om hierdie behoefte op ’n ander manier te bevredig, byvoorbeeld deur betrokke te raak by ’n groep wat hom/haar aanvaar, of hy/sy kan aanklank vind by ’n vriend se gesin wat liefdevol optree.

Dus is daar deur die proses van selfregulering veranderinge in sy/haar omstandighede aangebring om sodoende die behoefte te bevredig en weer in balans te wees. Vir diegene wat met die Emo-subkultuur identifiseer, kan hierdie aspek relevant wees, omdat hulle moontlik kreatiewe aanpassings in hulle veld maak om hulle behoeftes

deur verskillende maniere van selfregulering te bevredig (musiek, kleredrag, gedigte, selfskending). Dit sal in Hoofstuk 3 verder bespreek word.

2.5.6 Siklus van ervaring

Die konsep *siklus van ervaring* word verduidelik as 'n vloei van bewustheid. Die siklus van ervaring bied die geleentheid om 'n persoon se proses (wat hy/sy doen en hoe hy/sy dit doen) waar te neem. Dit fokus op hoe die persoon 'n poging aanwend om sy/haar behoeftes te bevredig deur kontak en interaksie met die veld (McConville & Wheeler, 2002:314). Die siklus word in terapie gebruik om leiding te gee aan die terapeut om vas te stel waar die persoon moontlik in 'n fase kon stagneer het of moontlik vasgevang voel (Joyce & Sills, 2001:33-35).


Binne die fases van die siklus kom figure (behoefte) op die persoon se voorgrond na vore. Wanneer die figuur (behoefte) in 'n fase bevredig word, beweeg die fase terug na die persoon se "agtergrond" (Clarkson, 1989:37). Die fases van die siklus fokus dus op die persoon se bewustheid van sy/haar behoeftes. Om die siklus te voltooi, kan een sessie neem, 'n week of selfs jare.

Die volgende voorbeeld is 'n illustrasie van Blom (2006:26) se siklus van ervaring en hoe dit vloei. Die siklus begin by sensasie en eindig met onttrekking (Clarkson, 1989:29-31). Die siklus word onderbreek wanneer die persoon 'n fase oorslaan of by een fase stagneer en dus nie aanbeweeg in die siklus nie.

- **Sensasie:** Die adolessent is besig om te studeer en skielik is daar 'n behoefte aan kos
- **Bewustheid:** Die adolessent raak bewus van die hongerpyne en besluit om te gaan kyk wat daar te ete is
- **Mobilisasie:** Daar word na die kombuis beweeg en die yskas word oopgemaak om gisteraand se oorskiet uit te haal
- **Aksie:** Die kos word geneem, in die bord geskep en warm gemaak
- **Kontak:** Nadat souse na smaak bygevoeg is, geniet die adolessent 'n warm bord kos

- **Satisfaksie:** Nadat die bord kos klaar geëet is, skink die adolessent 'n glas koeldrank en voel lus om verder te studeer
- **Onttrekking:** Die adolessent beweeg weer terug na die kamer toe en neem sy plek agter die boeke in. Hy is versadig en reg om verder te studeer
- **Versadigingspunt “Fertile void”:** Die adolessent se behoefte om sy hongerpyne te stil, is bevredig. Sy behoefte is dus bevredig en dit kan nou na die “agtergrond” beweeg sodat 'n nuwe behoefte/figuur op die voorgrond kan ontstaan.

Die volgende figuur (Figuur 2.1) is 'n visuele illustrasie van die verskillende fases in die siklus van ervaring en waar dit begin en eindig. Daar is ook ander interpretasies van die figuur, soos vermeld word deur die Gestalt Institute of the National Capital (2006) en Woldt en Toman (2005:160). Die navorser het die figuur van die Gestaltwebtuiste afgelaai (www.nancyhine.co.uk/gestalt/shtml) omdat dit 'n eenvoudige visuele illustrasie van die siklus is.



Figuur 2.1: Die Gestalt siklus van ervaring

Volgens Blom (2006:27) kan hierdie spesifieke fases wel geïdentifiseer word tydens die proses van Gestaltformasie, maar vind dit merendeels onbewustelik en herhaaldelik plaas. Hierdie proses vind daagliks plaas sodat behoeftes bevredig kan word. Indien 'n persoon nie die behoefte kan identifiseer nie, sal hy/sy dit ook nie kan bevredig nie. Dit kan lei tot die fragmentasie van die self. Fragmentasies van die self kom voor as kontakgrensversteurings, wat verder (2.5.8) bespreek sal word.

2.5.7 Self

Verskeie akademici in die veld van Gestalt gee hulle mening ten opsigte van die teorie van die self. Die self is 'n sentrale konsep binne Gestaltteorie, wat steeds sterk gegrond is op die bydrae van Perls (in Clarkson & Mackewn, 2006:59-62). Perls fokus op die self as 'n "system of contacts" (Perls, Hefferline & Goodman, 1951:371-372). Perls *et al.* (1951:372-373) is van mening dat die self net teenwoordig is wanneer kontak gemaak word tussen die organisme en die omgewing. As daar geen kontak is nie, is daar geen self nie. Clarkson en Mackewn (2006:60) verwys ook na Perls se siening dat die self nie 'n permanente, vaste entiteit is nie, maar voortdurend verander op grond van kontak met ander mense en veranderde omstandighede. Die self is dus 'n sisteem van kontakte wat voortdurend verander soos nuwe behoeftes opduik en die organisme ook verander. Perls *et al.* (1951) beklemtoon dus ook hoe belangrik die self is as deel van die veld, met verwysing na die veldteorie (2.5.1) in Gestaltterapie.

Perls (1951) is van mening dat alhoewel die self gesien word as die grens tussen die organisme en die veld, dit nog steeds by die omgewing en die organisme hoort. Dit strook met Yontef (1993:330) se siening, wat by bogenoemde stelling van Perls aansluit: "... here is no 'core' or 'self' that can function apart from the contact between organism/environment and that this process takes place at the boundary between organism/environment." Perls *et al.* (1951) voeg by dat die self ook gesien kan word as 'n agent van groei. Polster (2005:x) se stelling gee verdere betekenis aan die belangrike konsep van die self: "By focusing on particular selves – naming them, addressing them, influencing them, creating dialogue among them – therapist and patient can see how each plays a role in the complex life of the person, how each contributes to a dependable integration of selves." Die self maak dus kontak met die veld deur gebruik te maak van vier verskillende prosesse, naamlik punt/teenpunt ("point/counterpoint"), konfigurasies, animasie en dialoog. Hierdie prosesse word verder bespreek onder 2.5.8. Dit is van toepassing op die studie omdat die navorser die deelnemers se belewenisse wou ondersoek, wat kontak met hulle veld insluit. Die navorser wou dus tydens die empiriese studie ondersoek of die Emo's se self (essensiële self of ledeself) in 'n gegewe tydperk van die Emo's se lewe gerig is op selfregulering en die strewe na homeostase.

2.5.8 Kontakgrensversteurings

Kontak vind plaas wanneer die organisme die omgewing/veld gebruik om 'n behoefte te bevredig (Blom, 2006:29). 'n Ongesonde manier van kontak maak word 'n kontakgrensversteuring genoem en word deur Oaklander (1994:14) as volg beskryf: "The child, in his quest for survival, will inhibit, block, repress and restrict various aspects of the organism: the senses, the body, the emotions, the intellect. These restrictions become contact boundary disturbances and cause interruptions of the natural, healthy process of organismic self-regulation." Kontakgrensversteuring kom dus voor wanneer 'n persoon nie meer in staat is om balans te handhaaf tussen hom-/haarself en die wêreld nie. Behoeftbevreeding vind dus nie plaas nie, veral vanweë gebrekkige bewustheid (Blom, 2006:31). 'n Kontakgrensversteuring kan tot die isolering van 'n persoon lei, omdat hy/sy nie reageer op die behoeftes wat op die voorgrond is nie, en ook soms nie direkte kontak inisieer of toelaat nie (Yontef & Jacobs, 2000:115).

Volgens Strydom (2006:237) kan kontakgrensversteuring met 'n hanteringsmeganisme vergelyk word. Die persoon is soms geneig om 'n hanteringsmeganisme te gebruik om sy/haar behoeftes te bevredig. Hierdie hanteringsmeganisme kan in verband gebring word met kreatiewe aanpassing, wat reeds vroeër bespreek is. Soos reeds genoem is, is 'n kreatiewe aanpassing om verandering te skep om by die persoon se omstandighede aan te pas. Deur gebruik te maak van 'n kontakgrensversteuring/hanteringsmeganisme, maak die persoon 'n kreatiewe aanpassing in die veld. Hoewel dit negatief kan wees, is dit die manier hoe die persoon op die huidige oomblik selfreguleer om sekere behoeftes te bevredig en kontak te maak. Die navorser wil tydens die empiriese ondersoek agterkom of die deelnemers kontakgrensversteurings gebruik as 'n hanteringsmeganisme om hulleself te beskerm of te selfreguleer en hulle behoeftes te bevredig. Hierdie kontakgrensversteurings kan moontlik 'n kreatiewe aanpassing wees.

Die navorser het ook tydens die literatuursoektog op 'n realiteitsteorie afgekom wat moontlik ook as 'n kontakgrensversteuring beskou kan word. Hierdie teorie, wat deur Baylis (2005:241-272) ontwikkel is, fokus op hoe die persoon kontak maak met die realiteit. Baylis se teorie word net soos Gestaltteorie se kontakgrensversteuring as 'n hanteringsmeganisme gesien. Dit kan ook as positief of negatief beskou word. Die

navorsers het besluit om hierdie teorie in die navorsingsverslag te inkorporeer, veral by kontakgrensversteurings, omdat die studie grootliks gefokus is op die realiteit van 'n groepering van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer.

Baylis se **Verhouding met Realiteit**-teorie of **VmR (Relationship with Reality – RWR)** bestaan uit drie kognitiewe/gedragsprosesse, naamlik realiteitsbelegging, kitsoplossing (“quick fix”) en realiteitsvermyding.

Realiteitsbelegging word gekenmerk deur die denke en gedrag van die “belegger” wat volhoubare verbetering in die realiteit teweeg sal bring. Daar kan miskien onmiddellike verbetering wees, maar die “belegger” verwag eerder die verbetering oor 'n langer tydperk. Die tipiese realiteitsbeleggings**gedagtes** behels byvoorbeeld:

- Stap-vir-stap-bepanningslysie wat aan die begin van die dag gemaak word van doelwitte wat moontlik bereik kan word.
- Daaglikse fisiese, geestelike en emosionele voorbereiding om die taak wat voorlê te bemeester.
- Dagdromery vir selfmotivering.

Realiteitsbeleggingsgedrag:

- Daaglikse praktiese aktiwiteite wat daarop gerig is om langtermynvoordele daaruit te put. Om in 'n gesondheidsroetine te belê (byvoorbeeld meer slaap, vitamieaanvullings en oefening).
- Verbetering van opvoedkundige agtergrond sodat meer kennis en 'n kwalifikasie verwerf kan word.

Kitsoplossing (“quick fix”) word gekenmerk deur gedagtes en gedrag wat die persepsie van die realiteit tydelik verdraai. Die gebruiker van 'n kitsoplossing toon nie-konstruktiewe gedrag teenoor realiteit. Die tipiese **gedagtes** met betrekking tot kitsoplossing is:

- Dagdromery wat tot geen aksie lei nie. Die gebruiker van kitsoplossing verwek doelbewus aangename gedagtes en toekomstige scenario's, maar die persoon wend geen poging aan om die dagdroom 'n realiteit te maak nie.
- Om te jok of te oordryf sodat 'n illusie geskep word dat die realiteit beter is as wat dit lyk.
- Om 'n uitdagende situasie te ignoreer sodat die hantering van emosionele ongemak vermy kan word.

Gedrag gerig op kitsoplossing sluit byvoorbeeld die volgende in:

- Oormatige inname van ongesonde kos, in so 'n mate dan dit tot vetsug kan lei, of deprivasie rakende voedselinname wat tot bulimie of anoreksie kan lei.
- Die gebruik van 'n hoë volume van steroïede om vinnig spiermassa te bou, ongeag die nagevolge daarvan.
- Impulsiewe vorme van dobbelary, misdaad of aggressie.

Realiteitsvermyding word gekenmerk deur gedagtes en gedrag van doelbewuste ontwyking van eerstehandse ervaring van realiteit. Selfmoord is deel van realiteitsontduiking, want dit bied permanente ontsnapping van die realiteit. **Gedagtes** gerig op realiteitsontduiking sluit in:

- Deur te ontsnap na fantasieë wat nie teruglei na die realiteit nie. Hierdie fantasieë voldoen tydelik aan die gebruiker se emosionele behoeftes.
- Konstante ontkenning van die werklike omstandighede teenoor jouself en ander. Hierdie ontkenning word gebruik sodat die emosionele pyn wat met 'n konfrontasie met die werklikheid gepaard sou gaan, ontduik kan word.


Realiteitsontduikings**gedrag** sluit in:

- Die gebruik van media soos televisie, musiek, rekenaarspeletjies, tydskrifte en fliëks om van die realiteit te ontsnap, en die luister na musiek met die doel om die realiteit te blokkeer of om deel te word van 'n fantasiewêreld.
- Vermyding van intieme kontak, want laasgenoemde bind die gebruiker aan die realiteit.

- Die gebruik van drank of dwelms sodat die realiteit vermy kan word.

Dit is moontlik dat Baylis (2005:241-272) se teorie van toepassing gemaak kan word op die deelnemers aan hierdie studie se beskrywings van hulle persepsies. Indien wel, sal dit in die volgende hoofstuk op hierdie studie se eenheid van analise van toepassing gemaak word.

Figuur 2.2 is 'n samevoeging van Clarkson (1989) en Tudor (1991) se werk. Dit is 'n visuele illustrasie van hoe die self van verskillende kontakgrensversteurings gebruik maak om kontak te maak met die omgewing (Joyce & Sills, 2001:113-127; Woldt & Toman, 2005:33; Blom, 2006:32-36).



Figuur 2.2 Kontakgrensversteurings

Figuur 2.2 illustreer die verskillende kontakgrensversteurings in Gestaltterapie. Dit verskaf ook 'n kort beskrywing oor dít waaroor die betrokke kontakgrensversteuring gaan. Figuur 2.2 vloei nie soos die siklus van ervaring in verskillende fases nie. Dit hang van die persoon af van watter kontakgrensversteuring hy/sy gebruik maak. In sommige gevalle kan die persoon almal of selfs net een gebruik maak. Die persoon se selfstruktuur maak ook gebruik van verskeie prosesse om kontak te maak met die veld. Die navorser het dit goedgevind om die prosesse ook in te sluit by kontakgrensversteurings, omdat dit deel vorm van hoe die self kontak maak met die veld. Dit word deur Polster (1995:5-15) in vier prosesse verdeel, naamlik:

- Punt/teenpunt (“*Point/counterpoint*”) (verwys na die wisselwerking van aspekte van die self wat tydens kontak in fokus kom).
- Konfigurasie.
- Animasie (verwys na die self wat karakters vorm uit karaktereienskappe. Die adolessent wat daarvan hou om altyd geskenke te gee, kan later gesien word as iemand wat ’n geskenk-gee-self het).
- Dialoog.

Vir die doeleindes van die studie is net gefokus op dialoog en konfigurasie. Die navorser is van mening dat hierdie twee prosesse aanklank kan vind by die manier hoe die Emo’s se self kontak maak met hulle veld. Dit is gevolglik verder verken tydens die empiriese ondersoek. Polster (1995:5-15) beskryf konfigurasie en dialoog as volg:

Konfigurasie word beskryf as persoonlike ervarings wat ’n gekombineerde patroon vorm. As hierdie persoonlike ervarings reeds ’n gekombineerde patroon gevorm het in die self, kan dit weer herroep word wanneer dit weer in aanraking kom met ’n ervaring wat moontlik soortgelyke gevoelens herroep. Konfigurasies word dus eers as “rou data” in die persoon se lewe geregistreer. Dan ontwikkel dit in persoonlike karaktereienskappe wat erkenning kry, en later formuleer dit ’n self. Die volgende dien as illustrasie hiervan: ’n Persoon wat van sy kinderjare af altyd almal se vriend wou wees en alles sou doen om ander se vriendskap te wen (rou data). Soos die persoon ouer word, beskryf sy vriende hom as die vriend wat alles sal doen en altyd al die verantwoordelikheid sal neem. Die persoon neem die karaktereenskap aan van die betroubare, verantwoordelike vriend. Later ontwikkel dit in ’n self wat as die “pleaser”/verantwoordelike self bekend staan. Dit is belangrik dat die persoon bewus is daarvan dat ’n konfigurasie slegs ’n deel van sy/haar self is en dat hy/sy oor ’n aantal verskillende selwe beskik (Polster, 1995:6-7). ’n Potensieel interessante vraag ontstaan hier rakende die teikengroep vir die studie, naamlik hoe die identifikasie met die Emo-subkultuur op deelnemers se konfigurasies gegrond is en of dit slegs een moontlike self is wat so ontwikkel, naamlik ’n deel van die persoon wat Emo is.

Dialoog: Die selwe in ’n persoon is in dialoog met mekaar vir ’n plek in die persoon se lewe, wat soms interne konflik veroorsaak. Perls (1951) het na die selwe verwys as identiteite. Hierdie identiteite het die innerlike karaktereenskappe van

“topdog”/“underdog” aangeneem (Polster, 1995:13-15). Die “topdog” stel eise en verwagtinge aan die persoon, en dít gee die boodskap van “jy sal”. Die “underdog” is baie onseker en reageer deur middel van beloftes soos “ek sal môre weer probeer”. Die “underdog” het gewoonlik die plesierfaktor en kry die oorhand oor die “topdog” in terme van onmiddellike behoeftebevrediging (Blom, 2006:42-43). Hierdie verskynsel het raakvlakke met polariteite, omdat dit op die teenoorgesteldes fokus. Die “topdog”/“underdog”-verskynsel het ook raakvlakke met Baylis (2005:241-272) se Verhouding met Realiteitsteorie, soos hierbo bespreek is. Indien die “underdog” die oorhand kry deur byvoorbeeld belangrike take uit te stel, kan dit ’n patroon van realiteitsvermyding vorm.

Die verskeie kontakgrensversteurings word vervolgens kortliks genoem en gedefinieer en sal met die empiriese ondersoek geïntegreer word, soos vermeld word in Hoofstuk 3.

2.5.8.1 Introjeksie

Introjeksie is ’n proses waar opinies, instruksies en sienswyses sonder enige vrae of kritiek uit die omgewing geneem en aanvaar word asof dit die waarheid is (Joyce & Sills, 2001:125). Volgens Clarkson en Mackewn (1994:73) word die opmerkings of sienwyses nie geassimileer nie en bly dit dus vreemd en onverwerk vir die individu. Die persoon neem dus ander se standpunte aan sonder om dit te bevraagteken. Die persoon wat onder die invloed van ’n introjek is, ondervind druk om aan die introjek te voldoen en kan soms ongemaklik voel as hulle teen die introjek wil gaan.

2.5.8.2 Projeksie

Projeksie word deur ’n persoon gebruik wat nie verantwoordelikheid vir sy/haar emosies of gedrag wil neem nie, maar ander verantwoordelik wil hou daarvoor. Volgens Blom (2006:33) impliseer projeksie dat die omgewing geblameer of verantwoordelik gehou word vir wat met die self gebeur. Die emosies word dus op ander geprojekteer weens die feit dat dit te pynlik is om dit hulle eie te maak.

2.5.8.3 Samevloeing

Samevloeing vind plaas wanneer daar nie voldoende grense tussen die persoon en sy/haar omgewing is nie. Die persoon is dus nie bewus van sy/haar eie persoonlike grense nie en weet ook nie waar dit begin of eindig nie (Clarkson & Mackewn, 1994:74; Blom, 2006: 34). Samevloeiende persone verloor dus hulle eie identiteit weens die feit dat hulle nie oor 'n sterk sin van self beskik wat hulle van die omgewing kan skei nie (Joyce & Sills, 2001:120; Blom, 2006:34). Hierdie aspek kan ook relevant wees vir die deelnemers aan hierdie studie, wat met 'n spesifieke subkultuur identifiseer.

2.5.8.4 Retrofleksie

Retrofleksie kom voor wanneer 'n persoon 'n handeling teenoor hom-/haarself uitvoer wat hy/sy eerder graag aan 'n ander persoon wil doen (Blom, 2004:27). In terapie sal die terapeut gebruik maak van sensoriese werk om vas te stel waar die individu die emosies in sy/haar liggaam voel (Joyce & Sills, 2001:115). Konstante retrofleksie is 'n struikelblok in die kontakproses, omdat die persoon nie kontak maak met sy/haar omgewing nie. Volgens Oaklander (1994:284) retroflekter kinders gewoonlik emosies van rou, woede en pyn deur maagpyn, hoofpyn of dikwels hiperaktiwiteit. Die emosies is te erg om te hanteer; dus soek hulle dan 'n alternatief om die pyn te stil.

2.5.8.5 Defleksie

Defleksie is die kontakgrensversteuring wat 'n persoon sal gebruik sodat vorige ervarings nie herroep sal word nie (Joyce & Sills, 2001:116). Dit gaan gewoonlik gepaard met jok, vermyding van oogkontak, ontoepaslike ligsinnigheid en humor of die totale vermyding van gevoelens oor 'n spesifieke situasie. Wanneer 'n persoon deflekter, word direkte kontak met ander mense vermy, wat dus ook die persoon se bewustheid van die veld verminder (Blom, 2004: 28; Strydom, 2006:243).

2.5.8.6 Desensitisasie

Desensitisasie is 'n proses soortgelyk aan defleksie. Dit is 'n ander manier om kontak te vermy. Defleksie voorkom dat die persoon bewustheid bereik, terwyl desensitisasie eenvouding net afsluit (Joyce & Sills, 2001:118). Dit is die proses waardeur die persoon afsluit van sensoriese en liggaamlike ervarings of kontak wat met pyn of ongemak verband hou (Clarkson & Mackewn, 1994:77; Strydom, 2006:244).

2.5.8.7 Egotisme

Daar kan ook na egotisme as “selfbewustheid” verwys word. Dit is wanneer 'n persoon te besig is met sy/haar eie gedagtes, gevoelens en gedrag en die effek daarvan op ander (Joyce & Sills, 2001:122). Egotisme impliseer dat die persoon rasionele bewustheid het van ervarings, maar nie emosionele bewustheid nie. Dus is hulle nie in kontak met hulle self nie. Egotisme is soms nodig wanneer 'n persoon verantwoordelikheid vir hulle keuses moet neem (Woldt & Toman, 2005:33-35; Blom, 2006:38). Egotisme verwys na 'n persoon wat binne sy/haar eie veld vasgevang is, nie bewus is van ander in die veld nie en dus nie voldoende kontak kan maak nie.

Die navorser wou tydens die empiriese ondersoek vasstel of die deelnemers van kontakgrensversteurings gebruik maak om kontak te maak met hulle veld. Dit sal in Hoofstuk 3 verder verken word.

2.6 DIE TOEPASSING VAN TEORIEË OP DIE EMO-KULTUUR

Die navorser het tydens die studie van sekere teorieë gebruik gemaak om 'n beter begrip te verkry van hoe adolessente kontak maak met hulle veld en omgewing en wat hulle behoeftes is. Die navorser se doelstelling was om die belewenisse van die adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, te ondersoek. Weens die min literatuurondersteuning wat oor die Emo-subkultuur beskikbaar was, moes die navorser bestaande teorieë gebruik, wat as die teoretiese raamwerk van die studie gedien het. Gestaltteorie is relevant vir hierdie studie, omdat hierdie teorie die kontak wat die adolessente met hulle veld en omgewing maak, verhelder. Die kontak wat die adolessent se self met die veld maak, word ook deur die kontakgrensversteurings en

Polster (1995) se prosesse verduidelik. Vanuit die ekologiese benadering word verwys na die verskillende sisteme waarin adolessente kontak maak en hoe dit hulle beïnvloed. Om voldoende kontak te maak met sy/haar veld, is een van die adolessent se ontwikkelingstake.

Soos reeds vermeld is, beweeg die persoon in 'n siklus van ervaring. Daar is verskillende fases waardeur die persoon beweeg, net soos in die adolessent se ontwikkelingsfase. Adolessente beweeg deur die siklus van ervaring soos hulle kontak maak met verskeie rolspelers in hulle veld en omgewing en soos hulle behoeftes bevredig word (Wexberg, 2002:326-327). Deur die verloop van die siklus maak die adolessent kontak met die portuurgroep ten einde 'n gevoel van behoort te ervaar. Tydens kontak met hulle portuurgroep ontwikkel daar moontlik ook 'n behoefte by adolessente om hulle eie identiteit te vind binne hierdie groep. Die navorser kon dus fasegerigte ontwikkelingstake as 'n raamwerk gebruik om vas te stel wat die adolessente se behoeftes is, sodat die navorser 'n diepgaande begrip van die Emo's se belewenis van hulle subkultuur kon ontwikkel. Dit is duidelik dat die ontwikkelingstake van adolessente nie in isolasie afgehandel kan word nie, maar slegs terwyl hulle in kontak is met hulle veld (Parlett, 2005:44).

2.7 SAMEVATTING

Hoofstuk 2 was daarop gerig om 'n konseptuele raamwerk te formuleer ter agtergrond vir die empiriese ondersoek en bevindinge. Dit was van die staanspoor 'n moeilike taak om 'n konseptuele raamwerk van die Emo-subkultuur te formuleer weens die gebrek aan literatuurondersteuning. Die navorser moes dus gebruik maak van ander bestaande teorieë met raakvlakke met die Emo-groepering, byvoorbeeld ten opsigte van subkulture, ontwikkelingsfases en die wisselwerking tussen persoon en omgewing, wat onder meer in die ekologiese sisteemteorie en Gestaltveldteorie gegrond is. Van die aspekte wat in Hoofstuk 2 bespreek is, sal in die volgende hoofstuk in verband gebring word met temas wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het.

HOOFSTUK 3

BESKRYWING VAN DIE EMO-SUBKULTUUR GEBASEER OP DATA-INSAMELING EN ONTLEDING

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk val die fokus op data-insameling en data-ontleding binne die raamwerk van kwalitatiewe navorsing. Die navorser moes doelbewus tydens die empiriese ondersoek sekere voorafkennis van die Emo-leerders reguleer ten einde nie aannames te maak wat die interpretasie van die data kon beïnvloed nie. Hierdie inperking word gebruik as een van die studie se strategieë om geldigheid en vertrouenswaardigheid te verhoog.

Absolute geldigheid en vertrouenswaardigheid in 'n navorsingsverslag is nie moontlik nie; dus word daar tydens die empiriese ondersoek verskeie strategieë geïmplementeer sodat die akkuraatheid van die bevindinge verbeter kan word (Hoofstuk 4). Van besondere belang hier is Heppner en Heppner (2004:139) se siening dat die kwalitatiewe navorsingsproses die volgende aspekte insluit: "Conducting qualitative research is a highly self-reflective and introspective journey in which the researcher listens to other people's stories, retells the stories in the way that he/she understands them, or even reconstructs the story with the participants." Die deelnemers se bydraes maak hierdie ondersoek moontlik. Dit was deurgaans vir die navorser van besondere belang om die deelnemers se kennis, wysheid en geleefde ervaring van hulle betrokkenheid by die Emo-subkultuur so wetenskaplik as moontlik in te samel en te ontleed.

Kwalitatiewe navorsing gee aan hierdie groepering van leerders die geleentheid om hulle stemme te laat hoor ten einde groter begrip vir Emo's by onderwysers, ouers, mede-leerders en ander belanghebbendes te bewerkstellig deur die beskikbaarstelling van inligting daaroor. Weens hulle opvallende voorkoms en hulle interaksie met hulle portuurgroep maak hierdie leerders reeds 'n stelling binne die skoolkonteks. Die stelling wat hulle maak, kan egter maklik misverstaan word, en kan selfs verwar word met ander kwessies, byvoorbeeld satanisme, dwelmmisbruik of gebrekkige toekomsvisie. Data-insameling en verwerking sal hopelik die soeklig laat val op die

dinamika wat verweef is met identifisering met die Emo-subkultuur ten einde die belewenisse van hierdie groep leerders sinvol beskryf. Die navorsing word gebou rondom intensiewe gesprekvoering met leerders wat met die Emo-subkultuur identifiseer ten einde temas uit te lig en die bestaande kennisleemte te vul.

Die navorsingsproses sal weer kortliks beskryf word (3.4) as agtergrond vir die empiriese ondersoek. Data-insameling en -analise sal dus verder aandag geniet in hierdie hoofstuk deur die empiriese gegewens (temas) met die bestaande literatuur (Hoofstuk 2) in verband te bring. Die empiriese resultate sal merendeels in tabelvorm weergegee word. Hoewel hierdie studie 'n beperkte omvang het, hoop die navorser tog om die kennisleemte rakende die Emo-subkultuur aan te spreek en ook 'n grondslag te lê vir toekomstige navorsing.

3.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

In aansluiting by die doelstelling van die studie was die volgende doelwitte rigtinggewend ten opsigte van 'n beter begrip van die Emo-subkultuur se belewenisse, naamlik:

- Om data vir die empiriese ondersoek in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude.
- om temas in die empiriese resultate te identifiseer, wat dan met bestaande literatuur in verband gebring sal word.

3.3 KONTEKSTE VAN DIE STUDIE

3.3.1 Akademiese konteks

Die Instituut vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies aan die Hugonote Kollege bied nagraadse opleiding in Speltherapie. By die Instituut vorm Gestaltterapieteorie 'n paradigma op metateoretiese vlak. Met hierdie studie val die soeklig op 'n kwesbare teikengroep, naamlik adolessente wat met 'n spesifieke subkultuur identifiseer. Hierdie studie val binne die oorhoofse doelstellings van die Instituut, naamlik om kinders, jeug en families in die praktyk by te staan met 'n verskeidenheid behoeftes en

probleme. Hierdie bystand in die praktyk is gebaseer op grondige teorie en die verantwoordelikheid om met navorsing by te dra tot die uitbouing van bestaande teoretiese kennis. Dit is een van die Gestaltterapie teorie se doelwitte om mense se bewustheid te verhoog sodat verandering vanuit hulleself kan geskied en hulle sodoende weer balans kan vind in hulle lewe.

3.3.2 Organisasoriese konteks

Die studie is uitgevoer by 'n hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad waar die navorser werksaam was. Die navorser het gereelde kontak met leerders gehad en deur gesprekvoering en observasie kon tentatiewe waarnemings gemaak word oor die leerders wat met die Emo-subkultuur identifiseer, sowel as ander groeperings in die skool (“Barbies”, “plastics”, “poppies”, “nerds” en “jocks”).

3.3.3 Samelewingkonteks

Daar was in die afgelope jare ongekende groei in die benutting van tegnologie vir kommunikasie en dit wil voorkom asof dit 'n belangrike deel van adolessente se veld is. By die skool waar die navorsing uitgevoer is, het die navorser waargeneem dat leerders selfoontegnologie gebruik en dat veral MXit gewild is. Daar is ook reeds voor die aanvang van die studie waargeneem dat leerders kletskamers vir kommunikasie gebruik, sowel as webwerwe wat sosiale netwerke vorm, byvoorbeeld Facebook. Met hierdie samelewingstendens ter agtergrond was dit dus 'n logiese stap om webtuistes na te gaan ten einde die stemme te hoor van diegene wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Waar ander studies dikwels na afloop van die empiriese ondersoek en data-ontleding van literatuurkontrole gebruik maak, was dit by hierdie studie nie moontlik nie, omdat daar feitlik geen vakkundige literatuur gevind is nie. Derhalwe het die navorser op webtuistes en kletskamers gaan soek vir definisies van die Emo-verskynsel en ook vir verdere inligting ten opsigte van data-triangulering. Die navorser is bewus daarvan dat die gebruik van inligting vanaf webtuistes as subjektief waargeneem kan word, maar weens die min literatuurondersteuning was dit tog regverdigbaar as bron, omdat dit aansluit by die mikpunt om diepgaande kennis oor 'n groepering oor wie min bekend is, byeen te bring.

3.4 NAVORSINGSPROSES MET BETREKKING TOT EMPIRIESE STUDIE

3.4.1 Navorsingsbenadering

Met die eenheid van analise en die doelstelling van die navorsing in gedagte is besluit om van 'n kwalitatiewe benadering gebruik te maak. Die navorsing is dus gerig op deelnemers se begrip oor hoe hulle 'n aspek van hulle lewe beleef (Nieuwenhuis, 2007:78-79). Fouché en Delport (2005:74) se siening oor kwalitatiewe navorsing is ook relevant, naamlik dat kwalitatiewe navorsing gerig is op begrip eerder as verklarings en dat deelnemers die geleentheid kry om hulle ervarings en sienings verbaal, skriftelik of op ander wyses deur te gee. Deur gesprekvoering kan meer inligting ontgin word as wat moontlik sou wees met gestruktureerde vraelyste, wat met kwantitatiewe navorsing benut word.

3.5 DATA-INSAMELING

3.5.1 Literatuurstudie

Literatuur kan andersyds benut word om 'n raamwerk vir die navorsing te skep en om motiverende inhoud vir die studie binne die raamwerk aan te bied (Creswell, 2003:33). Dit is egter ook belangrik dat die literatuurstudie nie die navorser beïnvloed en vooropgestelde idees skep wat die navorsingsresultate kan raak nie. Daarom besluit navorsers dikwels om bloot 'n oorsigtelike literatuurstudie te doen om die navorsing te motiveer en om seker te maak dat soortgelyke studies nie reeds gedoen is nie. 'n Konseptuele raamwerk word dan saamgestel wat volgens Delport en Fouché (2005:264) teoretiese agtergrond oor filosofiese uitgangspunte en paradigmas bied, gestaaf deur relevante bronne uit die literatuur. Na afhandeling van die empiriese ondersoek en die verwerking van die data word 'n literatuurkontrole as 'n vorm van triangulasie gedoen. Literatuursoektogte oor die Emo-verskynsel voor die aanvang van die empiriese ondersoek, asook omvattende literatuursoektogte na die afhandeling van die empiriese ondersoek, het aangedui dat daar min vakkundige literatuur oor die onderwerp was. Die probleem van hierdie studie is juis die wanbegrip van die Emo-subkultuur, omdat daar min inligting oor hierdie verskynsel beskikbaar is.

3.5.2 Ongestruktureerde onderhoude

Volgens De Vos (2002:363) is kwalitatiewe navorsing minder gestruktureerd en is daar verskillende metodes van data-insameling. Vir die doeleindes van hierdie studie is ongestruktureerde onderhoude as die data-insamelingsmetode gebruik. Whittaker (2009:34) meld dat ongestruktureerde onderhoude 'n enkele vraag of 'n lys van onderwerpe kan behels, maar nie, soos by semi-gestruktureerde onderhoude, in 'n onderhoudskedule-formaat nie. In hierdie studie het elke onderhoud 'n spesifieke fokus gehad, maar daar was nie 'n lys van voorgeskrewe vrae nie. Welman, Kruger en Mitchell (2005:198) stel voor dat die navorser slegs die algemene tema vir bespreking aandui en dan verdere vrae stel na aanleiding van inligting wat na vore kom. Dit was die werkswyse tydens data-insameling in hierdie studie. Die navorser het in elke onderhoud 'n spesifieke fokus gehad met die doel om deelnemers se belewenisse binne die Emo-subkultuur te eksploreer.

Ongestruktureerde onderhoude duur gewoonlik nie langer as 'n uur nie, omdat die gesprekvoering intens is en die deelnemers en navorser moeg kan raak (Greeff, 2005:295). Nadat die deelnemer op sy/haar gemak gestel is, moet die navorser die proses van onderhoudvoering fasiliteer en lei, maar nie die deelnemer voorskryf nie. Onderhoudvoering tydens die studie het as volg geskied:

- Individuele onderhoude is met die deelnemers gevoer. Daar is van regstreekse waarneming (video-opname van 20-45 min. elk) gebruik gemaak om elke deelnemer se onderhoud op te neem. Nadat die deelnemer op sy/haar gemak gestel is, het die navorser verduidelik wat navorsing is en wat die spesifieke navorsing behels. Die navorser het aan die deelnemer genoem dat daar drie onderhoude met hom/haar gevoer sou word.
- Die navorser het namens die deelnemers notas gemaak, maar deelnemers kon ook kies om tydens die onderhoud self op 'n eenvoudige lyntekening van 'n mens (Bylae F) te skryf. Die notas wat gemaak is, is die kerngedagtes van die deelnemers se belewenisse, sienswyses en opinies ten opsigte van hulle identifisering met die Emo-subkultuur. Al die deelnemers het verkies dat die navorser self die notas skryf. Die veldnotas is die aantekeninge wat die

navorser ná die onderhoude gemaak het oor die nie-verbale aspekte tydens die onderhoude, byvoorbeeld liggaamstaal, oogkontak en of deelnemers gemaklik voorgekom het.

Die uiteensetting en verloop van die onderhoude was soos volg:

Eerste onderhoud: 'n Diepgaande onderhoud met die fokus op die kernvraag “Hoe is dit vir jou om 'n Emo te wees?”. 'n Eenvoudige lyntekening van 'n persoon is gebruik, waarop notas deur die navorser gemaak is, en toepaslike vrae is gevra om aspekte te verhelder wat elke deelnemer oor die Emo-subkultuur uitgelig het.

Tweede onderhoud: 'n Diepgaande onderhoud oor die wisselwerking tussen die interne en eksterne wêreld van die Emo-deelnemer en of hierdie twee wêreldes mekaar beïnvloed. Die interne wêreld behels hoe die deelnemer hom-/haarself in die Emo-subkultuur sien en wat vir hulle belangrik is in die subkultuur. Die eksterne wêreld behels die rolspelers in die deelnemer se veld, met ander woorde mense met wie hulle kontak het in hulle veld.

Derde onderhoud: Tydens die laaste onderhoud het die deelnemers die geleentheid gekry om 'n projeksie te maak en aspekte van hulle leefwêreld te bespreek. Verskillende mediums is aan die deelnemers beskikbaar gestel, byvoorbeeld klei, verf, tydskrifte en inkleurpotlode. Hierdie sensoriese modaliteite is gebruik om verbale gesprekvoering aan te vul ten einde deelnemers se belewenisse rakende die Emo-subkultuur verder te eksploreer.

3.5.3 Semi-gestruktureerde onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met vier deelnemende beraders by vier ander hoërskole in die noordelike voorstede van Kaapstad. Drie vrae is aan hulle gestel met die oog op data-triangulering (Hoofstuk 4).

3.6 AGTERGROND VAN DATA-ANALISE

Whittaker (2009:89) bespreek data-analise by kwalitatiewe navorsing en dui aan dat dit die analisering van woorde behels. Dit was verseker die geval in hierdie navorsing, waar drie onderhoude per deelnemer heelwat woorde opgelewer het. Dit was egter ook nodig om nie-verbale aspekte soos gesigsuitdrukking in ag te neem, asook die kreatiewe projeksies wat elke deelnemer gemaak het. Kwalitatiewe data-analise behels die opbreek van data in hanteerbare temas en patrone sodat sin gemaak kan word van die teks en data (Mouton, 2001:108; Creswell, 2009:183). Daar is kwalitatiewe navorsers wat die proses van data-analise vergelyk met wanneer 'n ui in lae afgeskil word (Creswell, 2009:183-184). Elke laag is dus 'n stappie nader daaraan om die temas van die studie te identifiseer.

3.6.1 Prosedure vir data-analise

Die navorser onthou 'n gevoel van oorweldiging ná elke onderhoud weens die groot hoeveelheid data wat bekom is. Dit was dus 'n besondere uitdaging om hierdie data sinvol te analiseer. Tematiese analise van data is 'n algemene metode van data-analise binne kwalitatiewe navorsing (Whittaker, 2009:91-97). Weens die hoeveelheid data wat tydens die empiriese ondersoek bekom is, het die navorser besluit om Creswell (2009:185) se data-analise-spiraal te gebruik. Die spiraal is eenvoudig om toe te pas, omdat dit die data-analise-proses stap vir stap verduidelik. Tydens die literatuursoektog het die navorser ook afgekom of verskeie ander outeurs se stappe van data-analise. Whittaker (2009:92-97) verwys veral na die werk van Braun en Clarke (2006), wat ses stappe uiteensit wat in 'n groot mate ooreenstem met dié van Creswell (2009:185). Creswell (2009) se stappe vir data-analise is soos volg: (i) raak bekend met data deur die getranskribeerde materiaal 'n paar keer deur te lees; (ii) daarstelling van aanvanklike kodes met kantaantekeninge by die getranskribeerde materiaal; (iii) temas en subtemas word gesoek deur die verskillende kodes saam te voeg; (iv) hersien van temas; (v) benaming en beskrywing van uiteindelijke temas; en (vi) daarstelling van die verslag.

Die doel van data-analise is om temas te identifiseer. Tydens die data-analise-proses word verskillende boublokke met verwante kleure metafories byeengebring wanneer

temas gesoek word. Whittaker (2009:95) noem dat temas op 'n hoër vlak van analise is as kodes. Wanneer temas dan spesifiek genoem en gedefinieer word, is dit belangrik dat nie net die verbatim weergawes van deelnemers se woorde ingesluit word nie, maar ook kernkenmerke wat van belang is binne die spesifieke tema.

3.6.2 Identifisering van temas

Die navorser beskryf vervolgens hoe data-analise tydens die studie plaasgevind het, met veral Creswell (2009:185) se data-analise-spiraal as riglyn. Alhoewel die visuele illustrasie van Creswell (2009:185-190) se data-analise-spiraal (Figuur 3.1) genommer is, word die stappe geïmplementeer soos die navorser goed dink. De Vos (2005:334) het Creswell (1998) se analitiese spiraal met Marshall en Rossman (1999:152-159) se proses van data-analise geïntegreer en dit word dan weergegee in stappe wat wel liniêr uiteengesit word, maar nie volledig afgehandel word voordat daar met die volgende stap begin word nie. Dit is meer soos 'n sirkelroete waar sekere stappe weer en weer besoek word (Whittaker, 2009:96). Die stappe is eenvoudig en vergemaklik die data-analise-proses wanneer die navorser geweldig baie data moet hanteer:

8. Geldigheid van die data	
7 Interpretasie van die betekenis van die temas.	
6. Blootstelling van temas en beskrywing	
5. Temas	Beskrywing
4. Kodering van data (per hand of rekenaar)	
3. Organisering en voorbereiding van data wat geanaliseer moet word	
2. Deurlees van al die data	
1. Rou data (transkripsie, veldnotas)	

Figuur 3.1: Creswell (2009) se data-analise-spiraal

1. Rou data (transkripsies, veldnotas): Nadat die onderhoude met die deelnemers gevoer is, het die navorser weer na die onderhoude geluister asook die veldnotas van die navorser en die notas wat tydens die verloop van die onderhoud gemaak is, deurgegaan. Dit is in lyn met Braun en Clarke (2006) se eerste fase, soos bespreek deur Whittaker (2009:92). Hierdie was die eerste poging om patrone in die data te begin raaksien. Dit was vir die navorser hier ook nodig om inperking toe te pas sodat

daar tydens data-insameling primêr op die insameling van inligting gefokus kon word, terwyl tentatiewe temas en patrone tog aangeteken is.

2. Deurlees van al die data: Met hierdie aksie kon die navorser 'n algemene indruk kry van wat die deelnemers sê en wat hulle idees is. Ten opsigte van hierdie aanvanklike proses waar die navorser bekend raak met die data, gebruik Whittaker (2009:93) die metafoer van gekleurde boublokke, wat impliseer dat die getranskribeerde materiaal metafories afgebreek word in die verskillende boublokke, wat dan elk 'n verskillende kleur kry volgens kernkodes. Elke spesifieke kode word dan verkieslik in 'n aparte rekenaarlêer aangeteken met saamgevoegde inligting wat uittreksels uit verskillende onderhoude met verskillende deelnemers bevat.

3. Organisering en voorbereiding van data wat geanaliseer moet word: Dit behels die transkribering van onderhoude, die deurgaang van veldnotas wat gemaak is tydens en kort na die onderhoud, asook organisering van data wat bekom is vanuit die verskillende bronne wat deel is van data-triangulasie (Hoofstuk 4).

4. Kodering van data (per hand of rekenaar): Soos reeds genoem is, is die kodering van data per hand gedoen. Die navorser het eers deur al die onderhoude gelees om 'n geheelbeeld te kry van wat die deelnemers se sienings en opinies is. Die deelnemers is deur kleur en nommers onderskei. Die navorser het die getranskribeerde onderhoude en veldnotas geneem en die temas begin onderstreep. Nadat die herhaling van data-patrone opgemerk is, het die navorser geoordeel dat versadiging van data bereik is. Een getranskribeerde onderhoud is ook aan die eksterne kodeerders gegee sodat hulle ook temas kon identifiseer met die oog op data-triangulasie. Hierdie aspek word in Hoofstuk 4 verder beskryf.

5. Temas/beskrywing: Die beskrywing behels inligting oor mense, plekke of gebeurtenisse in die veld van die deelnemers. Die navorser kan kodes genereer vir hierdie beskrywings. Hierdie kodes kan dan temas en kategorieë vir die navorsingsverslag genereer.

6. Blootstelling van temas en beskrywing: Die algemeenste manier om die bevindinge weer te gee, is in paragraafvorm. Dit behels 'n diepgaande bespreking van

verskeie temas (insluitend subtemas, spesifieke illustrasies en verskeie perspektiewe van individue). Daar kan ook gebruik gemaak word van visuele voorstellings soos tabelle en figure, asook beskrywende inligting oor elke deelnemer in 'n tabel (dit word gewoonlik in gevallestudies gedoen).

7. Interpretasie van die betekenis van die temas: Die interpretasie van die betekenis van die temas verwys na die lesse wat tydens die navorsingsproses geleer is. Hierdie lesse kan wees ten opsigte van die navorser se persoonlike interpretasie van die studie of die betekenis van die bevindinge wat in verband gebring is met literatuur. Die doel is dat reeds bestaande literatuur of inligting wat tydens die empiriese studie bekom is, bevestig word of daarvan afgewyk word. Met betrekking tot hierdie navorsing was daar min literatuurondersteuning oor die Emo-subkultuur en moes bestaande teorieë gebruik word om 'n raamwerk vir die studie te verkry. Die temas vanuit die empiriese ondersoek kon dus in verband gebring word met bestaande literatuur (Hoofstuk 2).

8. Geldigheid van die data: Die navorser kan die transkriberings weer nagaan om vas te stel of daar enige foute is. Deur die data voortdurend met die kodes te vergelyk, kan die beskrywings van die verskillende kodes deeglik deurgegaan word.

3.7 ALGEMENE BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE

Volgens Creswell (2009:185-190) se voorstelle rakende data-analise word die deelnemers se inligting tydens die gebruik van 'n gevallestudie weergegee in tabelvorm, figure of ander visuele illustrasies. Voordat die inhoud en temas wat uit die onderhoude na vore gekom het, weergegee word, word 'n profiel van die deelnemers en bondige beskrywende inligting oor elkeen hieronder in tabelvorm weergegee ter agtergrond:

Tabel 3.1: Profiel van deelnemers

PROFIEL VAN DEELNEMERS				
GESLAG	GRAAD	OUDERDOM	HUISTAAL	HUWELIKSTATUS VAN OUERS
Manlik: 2	Graad 9: 3	17 jaar: 1	Afrikaans: 2	Getroud: 1
Vroulik: 3	Graad 10: 1 Graad 11: 1	16 jaar: 1 15 jaar: 3	Engels: 3	Geskei: 4

Deelnemer 1: Hy kom uit 'n ondersteunende gesin. Hy het aanklank gevind by die Emo-subkultuur nadat een van sy vriende selfmoord gepleeg het. Volgens sy mededeling het hy betrokke geraak by verkeerde vriende, wat uit Emo's en nie-Emo's bestaan het. Selfskending het ook voorgekom. Hierdie **selfskending** was soms die gevolg van die intense emosies (woede, hartseer, verwarring) wat hy ervaar het weens sy vriend se selfmoord, asook **aanmerkings** wat deur ander leerders en selfs onderwysers gemaak is.

Deelnemer 2: Sy rapporteer dat daar stremming is in haar verhouding met haar ma en dat sy eerder graag by haar pa wil bly. Sy het aangetrokke gevoel tot die Emo-subkultuur nadat selfmoord in haar vriendekring voorgekom het. Sy het die kenmerkende kleredrag en musiek van die Emo-subkultuur begin aanneem ("scene style") en selfskending het later voorgekom. Deelnemer 2 het selfs betrokke geraak by **satanisme**. Sy het mettertyd besluit om net die **klerestyl** en **musiek** van die Emo-subkultuur aan te neem en nie die **intensiewe negatiewe** wat soms daarmee gepaard gaan om 'n "hard-core" Emo te wees nie.

Deelnemer 3: Hy meld dat hy iemand gesoek het wat **verstaan waardeur hy gaan**. Hy het gesukkel om sy emosies te hanteer. Hy het aanklank gevind by die Emo-subkultuur omdat hy van mening was dat daar mense was wat deur **dieselfde ervarings** gegaan het as wat hy deurgemaak het. Hy meld dat hy gevoel het dat iemand **sy pyn en hartseer verstaan**. Aan die begin was hy betrokke by **verkeerde vriende** en het hy die **negatiewe kant** van die Emo-subkultuur aanloklik gevind (selfskending, satanisme, negatiewe emosies). Hy het uiteindelik besluit om **net die kleredrag, musiek en filosofie** (om gemaklik te wees met jouself en jou identiteit) van die Emo-subkultuur aan te neem.

Deelnemer 4: Sy meld dat haar verhouding met haar ma nie goed is nie en dat sy eerder by haar pa wil gaan bly. Sy het in die laerskool by die Emo-subkultuur betrokke geraak terwyl haar ouers in die proses van egskeiding was. Sy noem dat sy 'n beter verhouding met haar pa gehad het en dat sy nie van hom af wou wegtrek nie. As gevolg van die skeiding tussen haar en haar pa het sy teen haar ma begin rebelleer en by verkeerde vriende betrokke geraak. Later het sy haarself begin sny, omdat sy nie geweet het hoe om haar emosies te hanteer nie. Haar beste vriend het selfmoord gepleeg en haar selfskending het sulke afmetings aangeneem dat sy hulp gaan soek het. Sy het **die Emo-klerestyl en -musiek ("scene style")** aangeneem.

Deelnemer 5: Sy het weggeloop van haar ouerhuis en bly tans by haar ouma. Sy het

teen die skoolreëls en selfs haar ouma begin rebelleer. Sy meld dat sy nie haar emosies kon hanteer of uitbeeld nie en het almal wat haar wou help, weggestoot. Die Emo-subkultuur het haar aangetrek omdat **hulle haar aanvaar het soos sy is**. Sy kon tussen mense wees wat **verstaan het** hoe dit voel om seer te hê. Selfskending het soms voorgekom, maar sy het grotendeels teen alles en almal gerebelleer. Dit was vir haar die manier waarop sy haar seer kon wegsteek. Sy het later by haar ouma hulp gesoek.

3.7.1 Volledige onderhoudsproses van deelnemer 1

Welman *et al.* (2005:198-201) beskryf aspekte van belang vir ongestruktureerde onderhoude, waaronder die nodigheid om vertroue tussen navorser en deelnemer te ontwikkel. Soos voorgestel deur Welman *et al.* (2005:199), is deelnemers verseker van anonimiteit en die feit dat vertroulikheid gehandhaaf sou word. Hulle is aangemoedig om hulle gevoelens en menings vryelik te lug. Die navorser het dit nie moeilik gevind om 'n verhouding met die deelnemers te ontwikkel nie, aangesien sy die skoolmilieu goed ken en gereeld in een-tot-een-gesprekke met adolessente is.

Aangesien die vyf deelnemers min of meer dieselfde navorsingsproses deurloop het, het die navorser dit goedgevind om slegs die volledige proses van een deelnemer weer te gee. Hierdie deelnemer se drie onderhoude is saam met dié van die ander deelnemers aan data-analise onderwerp (Creswell, 2009:185) om temas te identifiseer.

Die volledige getranskribeerde onderhoude is beskikbaar, maar word om vertroulikheidsredes en ook omdat dit te veel plek sou neem, nie in hierdie hoofstuk ingesluit nie. 'n Volledige getranskribeerde onderhoud word egter as bylae (Bylae G) ingesluit. Deelnemer 1 se lyntekeninge waarop daar tydens die onderhoude notas gemaak is, word ook in Bylae F aangeheg.

Deelnemer 1 se onderhoudsproses word as volg weergegee:

Onderhoud 1: In onderhoud 1 is daarop gefokus om die deelnemer gemaklik te laat voel oor die onderhoudvoering en te verduidelik wat die navorsing behels. Die fokus van die eerste onderhoud was om te eksploreer hoe dit vir die deelnemer is om hom-

/haarself as 'n Emo te sien en om navraag te doen oor verskillende aspekte van die Emo-subkultuur.

Volgens deelnemer 1 bied Emo-wees vir hom 'n ruimte waar hy net homself kan wees en nie bekommerd te wees oor ander se opinies of sienswyses nie. Alhoewel dit hom pla wanneer mense hom spot, beleef hy die Emo-subkultuur in 'n mate as 'n veilige hawe, omdat dit 'n ruimte bied waar hy net homself kan wees. Dit gaan vir hom meer oor die musiek en die kleredrag as die selfskending of satanisme. Hy voel dat mense 'n wanindruk van die Emo's het en hulle sien as kinders wat verlore is. Die Emo-subkultuur se identiteit is gekoppel aan vryheid (hulle hou nie daarvan om ingeperk te word nie, byvoorbeeld deur skoolreëls), sowel as die manier waarop hulle aantrek, hulle voorkoms en hulle musiek.

Die volgende aspekte van die Emo-subkultuur is deur deelnemer 1 weergegee. Baie van hierdie aspekte stem ooreen met die ander deelnemers se terugvoer tydens hulle onderhoude.

<p>Musiek</p>	<p>Musiek speel 'n groot rol in die Emo-subkultuur. Deur na verskillende tipes musiek te luister, gee hy uiting aan sy emosies. Hy luister na verskillende genres musiek, afhangende van sy bui. Hy hou van die musiekgroep The Chemical Romance en Slipknot, en meld dat hy aanklank vind by hulle lirieke. Daar is verskillende tipes musiek waarna Emo's volgens hom luister, naamlik "punk rock", "death metal" en "heavy metal".</p>
<p>Kleredrag</p>	<p>Kleredrag is vir deelnemer 1 baie belangrik. Hy dra graag "skinny" jeans. Hy koop gewoonlik hierdie jeans by die vroue-afdeling van winkels. Volgens hom gee kleredrag hom 'n gevoel van identiteit en die vryheid om te wees wie hy wil wees. Hy dra nie net swart klere nie; daar is baie kleur in sy kleredrag. Hy noem laasgenoemde ook die "scene style". Dit is die kleredrag van die Emo's wat nie net uit swart klere bestaan nie. Hulle hou van helder kleure, "skinny" jeans en "hoodies" ('n sweetpaktop met 'n kappie).</p>

Hare en grimering	Hy sal sy hare soms met 'n haartang (“straightener”/ “flat iron”) reguit maak en dit soms in sy oë laat hang. Hy sit nie onderlaag aan nie, maar sal soms oogomlyner aansit as hy uitgaan.
Ander groeperings	Deelnemer 1 meld dat hy nie van die “jocks” hou nie. Volgens deelnemer 1 is ‘n “jock” gewoonlik ‘n leerder wat goed in sport is en soms ook akademies presteer. “Jocks” is gewoonlik gewild by ander leerders. Hy meld dat die “jocks” hom spot en aanmerkings oor hom maak.
Groeperings binne Emo-kultuur	<p>Deelnemer 1 beskryf die sogenaamde “hard-core” Emo’s as dié wat gewoonlik by satanisme betrokke is. Volgens deelnemer 1 is hulle dikwels erg depressief en toon hulle selfmoordneigings. Selfskending is ook aanwesig, waar hulle daarop fokus om hulleself seer te maak of selfs dood te maak. Hulle ervaar ‘n ander vlak van intense emosies wat hulle nie weet hoe om te hanteer nie, en dit is hoekom hulle hulleself sal seermaak. Hy was self eers ‘n “hard-core” Emo en praat uit ondervinding.</p> <p>Die gewone Emo: Hierdie groep is nie betrokke by satanisme nie. Selfskending is ook betrokke, maar dit hang van persoon tot persoon af. Die verskil tussen selfskending by “hard-core” en gewone Emo’s is die intensiteit van die emosies. Volgens deelnemer 1 sal “hard-core” Emo’s hulleself sny om hulleself seer te maak of selfs dood te maak. Die gewone Emo’s sny hulleself om van die seer ontslae te raak in ‘n poging om uiting te gee aan hulle emosies. Die deelnemer dui aan dat selfskending nie by alle Emo’s voorkom nie, en dat dit gerig is op die uitdrukking van emosie waar dit wel voorkom. Negatiewe gevoelens word dikwels in gedigte of die musiek waarna hulle luister uitgebeeld. Deelnemer 1 luister na musiek of skryf selfs sy eie musiek om uiting te gee aan sy emosies.</p>

	<p>Deelnemer 1 meen dat “fake” Emo’s soos Emo’s probeer wees omdat hulle voel dat hulle nêrens inpas nie. Hulle neem byvoorbeeld die “scene”-klerestyl aan en selfskending kom voor. Dit blyk egter dikwels oppervlakkig te wees – binne die ware Emo-subkultuur word daarna verwys as katkrappies. Hulle neem dus die identiteit van die Emo-subkultuur aan, maar het nie regtig die agtergrond (trauma wat beleef is) van die Emo’s nie. Deelnemer 1 dui aan dat Emo’s nie van “fake” Emo’s hou nie, omdat hulle meen dat laasgenoemde met die ware Emo-subkultuur en -emosies spot.</p>
Diskriminasie teenoor Emo’s	<p>Deelnemer 1 voel soms dat daar in skoolverband en deur sy portuurgroep teen hom gediskrimineer word omdat hy anders lyk en nie skaam is om sy emosies te deel en sy eie identiteit aan te neem nie. Lede van die portuurgroep verwys soms na hom as <i>gay</i>.</p>
Wanopvattings oor die Emo-subkultuur vanuit deelnemer 1 se oogpunt, weergegee deur die navorser	<p>Nie alle Emo-leerders is sataniste nie. Daar is ook Emo-Christene in die subkultuur.</p>
	<p>Volgens deelnemer 1 word baie van die seuns-Emo’s as gay gesien, wat ’n wanopvatting is. Hulle is ook nie gote (“goths”) of “punk” nie, hoewel hulle sommige van die style van hierdie groepe aangeneem het. Volgens deelnemer 1 voel Emo’s sterk daarvoor dat hulle ’n unieke groep in eie reg is.</p>
	<p>Selfskending kom nie by alle Emo’s voor nie. ’n Ware Emo vertoon nie maklik die snye nie.</p>
	<p>Nie alle Emo’s is by dwelms betrokke nie.</p> <p>Alle Emo’s is nie altyd depressief nie. Wanneer persone depressief voel, is dit dikwels ’n reaksie op eksterne faktore in die veld, geleë in algemene omstandighede en ondersteuningsisteme.</p>

Die navorser het die eerste onderhoud interessant gevind. Sy het nie vooraf besef dat daar soveel aspekte van die Emo-subkultuur is nie. Deelnemer 1 was gemaklik tydens die onderhoud en wou graag sy storie met die navorser deel. Die onderhoud het 25 minute geduur. Deelnemer 1 was opgewonde oor die studie. Hy wou graag hê dat die

onderwysers die navorsingsverslag moet lees, sodat hulle die Emo-subkultuur beter kan verstaan.

Onderhoud 2: Die tweede onderhoud was gerig op die wisselwerking tussen die interne en eksterne wêreld van die deelnemer in die Emo-subkultuur. Die navorser het aan die deelnemer verduidelik dat die interne wêreld sy siening is oor homself asook die mense of dinge wat na aan hom is. Die eksterne wêreld is alles wat 'n invloed op hom het en wat hy ver van homself plaas.

SIENING OOR HOMSELF (SY INTERNE WÊRELD)

Deelnemer 1 sien homself as iemand wat **gemaklik is in sy eie vel**. Hy weet wie hy is en meen dat diegene wat nie daarvan hou nie, maar net vrede moet maak daarmee. Die **identiteit** wat hy binne die Emo-subkultuur aangeneem het, naamlik om nie skaam te wees vir jou gevoelens nie en gemaklik te wees met wie jy is, maak hom gelukkig. Hy voel ook dat dit 'n positiewe eienskap is wat die subkultuur hom geleer het. Sy verhouding met sy ouers het ook baie verbeter omdat hy kan kommunikeer hoe hy voel, en hulle ondersteun hom. Daar is tye wanneer sy negatiewe kant sy positiewe kant beïnvloed (polariteite). Deur die ondersteuning van sy ouers en vriende kan hy sy negatiewe kant beheer en beskryf hy sy negatiewe kant as “mooi stout wees”.

Mense/dinge wat na aan hom is: Sy ouers speel 'n belangrike rol in sy lewe. Aan die begin het sy pa glad nie die Emo-subkultuur verstaan nie en het hy gedink dit gaan oor selfmoord en depressie. Hy het aan sy ouers verduidelik dat die subkultuur nie daarvoor gaan nie en dat dit nie vir hom persoonlik oor selfmoord en depressie gaan nie. Sy ouers het hom gerespekteer en hom die nodige **vryheid gegee**, wat baie vir hom beteken het. Volgens deelnemer 1 kan Emo's nie sonder vryheid klaarkom nie – dit is deel van hulle identiteit.

Sy **musiek** beteken vir hom baie. Hy soek musiek met woorde waarmee hy hom kan vereenselwig (byvoorbeeld “heavy metal” of “Emo-punk”). Volgens die deelnemer bied musiek hom die geleentheid vir kreatiewe uitlewing en die verwerking van emosies.

Sy meisie en vriende is ook baie na aan hom en vorm ook deel van sy positiewe ondersteuningsstelsel. Alhoewel sy meisie en vriende ook met die Emo-subkultuur identifiseer, is hy ook vriende met ander mense wat nie deel is van die subkultuur nie. Hy aanvaar almal en **veroordeel nie mense** nie, maar kan nie oor die weg kom met die “jocks” nie.

EKSTERNE WÊRELD (persone of dinge wat 'n invloed op hom het en wat hy ver van homself plaas)

Sy **geloof** plaas hy in sy eksterne wêreld. Dit is vir hom belangrik en beïnvloed hom op 'n daaglikse basis, maar dit is op die oomblik nie hoe hy homself sal beskryf nie en hy voel nog nie gemaklik oor sy spiritualiteit nie. Dit is iets waaraan hy nog werk en daarom plaas hy dit vir eers in sy eksterne wêreld, omdat hy dit nog nie geïnternaliseer het as deel van homself nie.

Die deel van hom wat hy as “hard-core” Emo beskryf, plaas hy ook in sy eksterne wêreld. Dit is die kant wat hom in die verlede negatief beïnvloed het en hy wil dit nie weer herleef nie. Volgens deelnemer 1 is dit die beheer van “goed versus sleg” (polariteite) op 'n daaglikse basis, maar hy het geleer hoe om dit te hanteer. Sy ondersteuningstelsel (ouers en vriende) help hom om bewus te wees van gesonde keuses in sy lewe.

“Jocks” word ook in sy eksterne wêreld geplaas. Hulle aanmerkings beïnvloed hom in so 'n mate dat hy soms in die nag wakker word en hulle aanmerkings herroep. **Weens sy sensitiewe en kwesbare aard neem deelnemer 1 aanmerkings persoonlik op**, wat sy emosionele welstand negatief beïnvloed.

Die **skool** is 'n volgende aspek wat deelnemer 1 as negatief beleef in sy eksterne wêreld. Die skool bied hom geen vryheid nie. Dit blyk dat deelnemer 1 sukkel met die handhawing van die grense wat die skoolomgewing stel. Dit kan daartoe lei dat hy rebels optree teenoor onderwysers.

Onderhoud 2 was weereens 'n gemaklike onderhoud. Dit het 30 minute geduur. Dit was vir die navorser interessant dat die skoolomgewing so 'n uitwerking op deelnemer 1 het. Deelnemer 1 was tydens die onderhoud eerlik met betrekking tot sy verlede as 'n “hard-core” Emo.

Onderhoud 3: In die derde onderhoud kry die deelnemers die geleentheid om projeksies (kreatiewe werkstukke) te maak wat enigiets in hulle leefwêreld uitbeeld, waarna hulle dit bespreek. Verskillende mediums, byvoorbeeld verf, klei, tydskrifte en inkleurpotlode, is beskikbaar gestel.

Deelnemer 1 het tydens hierdie onderhoud deur tydskrifte geblaai op soek na materiaal waarmee hy aspekte wat in onderhoud 1 en 2 van belang was, in sy projeksie kon uitbeeld.

Uit sy projeksie kon die navorser bevestig dat **musiek** 'n belangrike rol speel in sy lewe. Nie net is dit vir hom 'n medium waardeur hy sy **emosies kan uitbeeld** nie, maar dit is ook grootliks deel van sy **identiteit** (leefwêreld). Die naam My Chemical Romance wat hy op sy projeksie geskryf het, is die naam van 'n musiekgroep van wie se musiek hy baie hou. Hy meld dat hy by hierdie groep se lirieke aanklank vind.

Soos tydens 'n vorige onderhoud deur die deelnemer vermeld is, bied liedjies en gedigte skryf hom die geleentheid vir kreatiewe uitlewing, wanneer hy oor sy emosies van hartseer, woede en pyn skryf.

Sy vriende, klerestyl en voorkoms (hare) is ook vir hom belangrik, soos deur die projeksie aangedui word. Hy hou ook van gaatjies wat in sy ore of lyf geskiet word (“piercings”), soos aangedui word deur die ringetjie wat hy op sy projeksie geteken het. Die “no rules”-teken/simbool verteenwoordig sy vryheid en die afwesigheid van inperkende grense. Dit is duidelik aan sy projeksie dat “jocks” nie deel van sy leefwêreld is nie.



Figuur 3.2: Illustrasie van deelnemer 1 se projeksie en wat die Emo-subkultuur vir hom beteken of simboliseer:

Aangesien die navorsingsontwerp 'n gevallestudie is, fokus die navorser op 'n sosiale kwessie met die oog daarop om diepgaande inligting in te win. Hierdie onderhoud is 'n illustrasie van die tipe inligting wat na vore gekom het. Die laaste onderhoud was in 'n groot mate 'n samevatting van die vorige twee onderhoude. Dit het ook geleentheid gebied vir verdere eksplorاسie van relevante aspekte. Deelnemer 1 was

weereens baie gemaklik en het rustig deur die tydskrifte geblaai totdat hy iets gevind het wat sy oog gevang het.

3.8 ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA

Die onderstaande tabel 3.2 verteenwoordig die temas en subtemas wat verkry is tydens die analise van al die onderhoude met die vyf deelnemers.

Tabel 3.2: Temas en Subtemas

TEMAS		SUBTEMA
TEMA 1	1. Identiteit	3.8.1.1 Vryheid en kommunikasie 3.8.1.2 Kleredrag, vriende en voorkoms 3.8.1.3 Musiek (gedigte vorm deel van hulle kreatiewe kant)
TEMA 2	2. Negatiewe effek van ander groepe op die Emo-subkultuur (skoolgroeperings, “jocks”, “Barbies”/“plastics”, “nerds”, ouers en onderwysers)	3.8.1.4 Selfbeeld/diskriminasie
TEMA 3	3. Gesagsfigure en inperkingsgrense	3.8.1.5 Skoolomgewing 3.8.1.6 Huislike omgewing
TEMA 4	4. Die verskillende komponente van die Emo’s se veld	3.8.1.7 Verskillende vlakke van Emo’s binne die Emo-subkultuur 3.8.1.8 Wanopvatting oor die Emo-subkultuur 3.8.1.9 Selfskending

3.8.1 Temas en subtemas

Die temas wat geïdentifiseer is, word vervolgens bespreek en met bestaande literatuur in verband gebring. Drie onderhoude is in Engels gevoer en die ander twee in

Afrikaans. Die Engelse deelnemers se woorde word eers direk in Engels weergegee voordat Afrikaanse vertalings gegee word. Met data-analise was dit gou duidelik dat temas en subtemas kan oorvleuel. Musiek word byvoorbeeld as aparte subtema binne die tema van identiteit aangegee, maar dit vorm ook 'n belangrike komponent van 'n ander subtema, naamlik kommunikasie.

Tema 1: Identiteit

Soos in Hoofstuk 2 genoem word, is een van die ontwikkelingsake van adolessente die soeke na identiteit (Wait, Loxton & Meyer, 2004:157-160). Adolessente het die behoefte om te behoort en om onafhanklik te wees. Alhoewel elke adolessent sy/haar eie identiteit nastreef, is daar terselfdertyd die behoefte om by 'n portuurgroep te behoort (Newman & Newman, 2006:45; Louw & Louw, 2007:330). Die Emo-leerders se soeke na identiteit word aan sekere elemente gekoppel. Hulle wil ook graag in 'n groep behoort wat hulle aanvaar vir wie hulle is en vind dus aanklank by die Emo-subkultuur omdat daar 'n klimaat van nie-veroordeling is.

Die volgende subtemas word aan die Emo-leerders se identiteit gekoppel. Waar toepaslik, sal deelnemers se eie woorde benut word om sekere aspekte te illustreer.

3.8.1.1 Subtema: Vryheid en kommunikasie

'n Herhalende tema rondom vryheid en kommunikasie het sterk na vore gekom by die deelnemers. Die strewende na vryheid vorm deel van die Emo's se identiteit. Soos deur Erikson (1951:234-236) vermeld word, vind adolessente dit moeilik om 'n identiteit te vorm weens die feit dat dit 'n relatief nuwe proses is wat nog ontwikkel en geleer en toegepas moet word. Dit is as gevolg van hierdie feit dat wanneer hulle vryheid van hulle weggeneem word, hulle soms emosies van aggressie, hartseer of rebellie toon, omdat hulle nog in die proses is om te leer wie hulle is en wat hulle belangstellings is. Hierdie reaksies kan deur die samelewing beskou word as dié van 'n "tipiese" tiener wat nie sy/haar sin kry nie, maar volgens Burger, Gouws en Kruger (2000:67) en Erikson (1951:234-236) is hierdie uitbarstings deel van die adolessent se ontwikkeling van sy/haar identiteit. Kommunikasie is belangrik sodat die persoon sy/haar gevoelens, emosies, persepsies en sienswyses met ander kan deel. Tydens die adolessente lewensfase vind adolessente dit soms moeilik om hulle gevoelens weer te gee teenoor hulle ouers en portuurgroep (Adams & Markstrom, 1999:81-84).

Alhoewel dit dikwels as sukkelend voorkom, het adolessente tog die behoefte om hulle gevoelens effektief te kan oordra (Geldard & Geldard, 2004:28; Doherty & Hughes, 2009:39-41).

'n Algemene gevoel by die deelnemers was dat hulle 'n behoefte daaraan het om hulle sienswyses en opinies teenoor die rolspelers in hulle veld te kommunikeer. Weens die feit dat hulle sukkel om te kommunikeer, sal hulle dit waardeer as hulle ouers en portuurgroep na hulle sal luister sonder om aannames te maak. Dit lei soms daartoe dat die Emo-leerders weerstand toon teenoor hulle ouers en portuurgroep as hulle voel dat hulle opinies en sienswyses nie in ag geneem word nie. Hierdie weerstand is egter nie as gevolg van ongehoorsaamheid nie, maar die Emo-leerders se behoefte aan vryheid (wat deel is van hulle identiteit).

Tydens die navorsingsproses het die navorser bewus geword daarvan dat die deelnemers soms sukkel om oor hulle emosies te kommunikeer. Hulle maak dus gebruik van musiek of gedigte of vind aanklank by vriende (met dieselfde belangstellings) om hulle emosies te kommunikeer. Deur gedigte te skryf, gee hulle uiting aan hulle dieperliggende emosies. Hulle maak meer oop in hulle gedigte, omdat hulle voel dat hulle die seer op hierdie manier beter kan weergee as wat hulle dit verbaal kan kommunikeer. Musiek bied weer vir hulle geleentheid vir die ontlading van emosies. Hulle sal na verskillende tipies musiek luister om aan verskillende emosies (woede, hartseer, bedruktheid, geluk) uiting te gee. Deur hierdie maniere van kommunikasie vind hulle weer balans in hulle lewe. Deelnemer 1 het tydens die onderhoud genoem dat sy ouers hom die nodige vryheid gegee het deur met hom te kommunikeer oor die Emo-subkultuur. Sy ouers was onseker oor die subkultuur en het hom gevra wat dit behels. Dit het vir deelnemer 1 baie beteken dat sy ouers met hom kom praat het en meer inligting oor die Emo-subkultuur wou hê. Dit het vir hom gevoel dat hulle hom die nodige vryheid gee en na sy opinie en sienswyse luister.

Die deelnemers se direkte woorde oor hulle vryheid en kommunikasie is as volg:
Deelnemer 2 se verhouding met haar ma was spanningsvol. Dit het vir haar gevoel asof haar ma nie na haar wil luister en ook nie haar sienswyse in ag wil neem nie. Hulle het dikwels baklei en haar ma het haar vryheid ingeperk.

“My mom looked Emo up on the internet and saw bad stuff about it. She just assumed that I was also doing it; did not even ask me. She will punish me and I won’t know what I did wrong. I wanted to rebel against everything to spite my mom.” [Angry facial expression]

“My ma het op die internet oor Emo opgelees en op slegte goed daaroor afgekom. Sy het net aanvaar dat ek dit ook doen; het my nie eers gevra nie. Sy sal my straf en dan sal ek nie eers weet wat ek verkeerd gedoen het nie. Ek wou teen alles rebelleer om my ma te vermaak.” [Gebelgde gesigsuitdrukking]

Deelnemer 4 het ook ’n spanningsvolle verhouding met haar ma. Sy wou eerder by haar pa gaan bly. Sy het teen haar ma gerebelleer weens die feit dat daar te veel inperkende grense en min sinvolle kommunikasie tussen haar en haar ma was.

“Ek wil so graag hê my ma moet my aanvaar vir wie ek is. Ek wil my eie foute maak. Sy het haar lewe gehad; laat ek nou my foute maak. Ek moet my vryheid hê. Wanneer sy dit wegneem van my, voel dit sy neem my identiteit weg. O ja, en sy moenie op my skreeu nie – praat net ’n slag met my.”

Uit die bostaande terugvoer van die deelnemers het die navorser afgelei dat hulle strewe na vryheid deel vorm van hulle identiteit, soos ook deur die literatuur aangedui word as tipies van die adolessente fase (Erikson, 1951:234-236; Geldard & Geldard, 2004: 8-10; Louw & Louw, 2007: 309). Die deelnemers hou nie daarvan om ingeperk te voel nie en wil ook graag hulle opinies en sienswyses met die rolspelers in hulle veld deel. Die deelnemers het ook oor die algemeen aangedui dat hulle sukkel om hulle emosies te kommunikeer en soms gedigte en musiek gebruik om uiting te gee aan hulle emosies. Hulle voel gemakliker daarmee om hierdie kommunikasietegnieke te gebruik omdat hulle sonder enige risiko uiting kan gee aan hulle dieperliggende emosies. Wanneer hierdie aspek wat uit die onderhoude na vore gekom het, in verband gebring word met Gestaltteorie, blyk dit dat dit ’n poging kan wees tot selfregulering om weer balans te vind (Mackewn, 1997:19; Blom, 2006:23).

3.8.1.2 Kleredrag, voorkoms en vriende

Die Emo-subkultuur is oor die algemeen meer bekend aan die samelewing vanweë hulle voorkoms en kleredrag as oor hulle emosionele welstand. Die Emo's se kleredrag verteenwoordig hulle identiteit van uniekheid en rebellering teen die dominante kultuur. Drie van die deelnemers is van mening dat dit hulle nie pla om anders te wees as hulle portuurgroep nie. Hierteenoor het twee van die deelnemers aangedui dat hulle soms snags wakker word en aan die kommentaar van hulle portuurgroep dink. Die navorser het by die deelnemers verneem dat adolessente met 'n lae selfbeeld soms die Emo-subkultuur nader omdat die kleredrag en voorkoms hulle deel laat voel van 'n groep. Hulle voel ook nie meer so alleen nie, omdat hulle die identiteit van die Emo-groep aanneem.

Vriende en om in 'n groep te behoort, was vir deelnemers belangrik. Dit strook met Geldard en Geldard (2004:11-13) se siening dat een van die ontwikkelingtake van adolessente is om sosiaal te verkeer met hulle portuurgroep, wat hulle die gevoel van behoort laat ervaar. Volgens Erikson (1951:235) is die adolessent se psigo-sosiale krisis tydens die adolessente lewensfase groepsidentiteit teenoor vervreemding. Adolessente wil tipies as individue gesien word, maar het terselfdertyd die behoefte om deel van 'n portuurgroep te wees om hulle identiteit te bevestig (Louw & Louw, 2007: 330). Dit is waar vriende in die Emo-subkultuur 'n belangrike rol speel. Uit deelnemers se bydraes blyk dit dat Emo's met 'n laer selfbeeld soms meer steun op hulle Emo-vriende met 'n sterker selfbeeld ten einde hulle kwesbaarheid weg te steek. Lede van die Emo-subkultuur weet dat elkeen van hulle iets in hulle lewe beleef het wat hulle seer, kwaad of hartseer gemaak het; hulle vriende bied dus die nodige emosionele ondersteuning, omdat laasgenoemde weet waardeur hulle gaan en hoe dit voel om alleen te wees en selfs gespot te word. Die volgende direkte aanhalings van die deelnemers verwys na die belangrikheid van hulle vriende in hulle lewe, asook hulle kleredrag en voorkoms.

Die kwesbaarheid van een deelnemer kom uit die volgende stelling na vore:

“I have a low self-esteem and I am vulnerable. It bothers me what people think of me. I try not to show them that it bothers me.” [Looks at her feet and does not make eye contact]

“Ek het ’n lae selfagting en is kwesbaar. Dit pla my wat ander mense van my dink. Ek probeer om nie vir hulle te wys dat dit my pla nie.” [Kyk na haar voete en maak nie oogkontak nie]

Deelnemer 3 se terugvoer oor die belangrikheid van vriende in sy lewe:

“I will rather tell my friends my problems, before I tell my parents. My friends understand and don’t judge me.”

“Ek sal eerder my vriende van my probleme vertel voordat ek my ouers vertel. My vriende verstaan en veroordeel my nie.”

Deelnemer 3 se terugvoer oor druk van verkeerde vriende en hoe die samelewing hom hanteer oor sy kleredrag en voorkoms:

“Ja, I did experience pressure from friends with drugs and sometimes cutting, but now I don’t care anymore. I just take on the Emo style. I had a lot of aggression while I was a hard-core Emo; did not care about anything. I now experience people making fun of me – the way my friends and I dress or look sometimes.”

“Ja, ek het druk ervaar van vriende oor dwelms en soms “snyery”, maar nou gee ek nie meer om nie. Ek neem net die Emo-styl aan. Ek het baie aggressie gehad toe ek ’n “hard-core” Emo was; het oor niks omgee nie. Ek ervaar nou mense wat my spot – die manier waarop ek en my vriende soms aantrek of lyk.”

Nadat deelnemer 1 uit die kringe beweeg het van die vriende wat ’n negatiewe invloed op hom gehad het (onder wie Emo’s sowel as nie-Emo’s), het hy weer vriende ontmoet (’n mengsel van Emo-vriende, “plastics” en “nerds”) wat hom ondersteun en help om die regte keuses te maak. Hy voel gemaklik rondom hierdie vriende:

“... my friends helping me through a lot ...” “... my vriende wat my deur baie gehelp het ...”

Deelnemer 1 het wegbeweeg van die “hard-core” Emo-styl na dié van ’n gewone Emo. Hy het dus die Emo-leefstyl, -musiek en -klerestyl aangeneem, maar nie die

negatiewe invloede wat met die “hard-core” Emo’s gepaard gaan nie. Volgens deelnemer 1 is dit veral die klerestyl wat hom trek, want dit gee hom ’n unieke sin vir styl. Hy hou daarvan om anders te wees en aan te trek:

“My clothes are my sense of identity. Oh ja, and music too.”

“My klere is my sin vir identiteit. O ja, en musiek ook.”

“Sometimes I don’t care what people say about me, but about my looks, I do.”

“Partykeer gee ek nie om wat ander mense van my sê nie, maar oor my voorkoms gee ek om.”

Deelnemer 5 gee nie om wat die samelewing van haar kleredrag of voorkoms dink nie: *“Ek gee soos in glad nie om wat mense van my dink nie. Ek trek aan soos ek wil – as hulle nie daarvan hou nie, so what. Ek love my styl. Ek lyk anderster, nie soos die poppies nie.”*

’n Herhalende tema rondom die belangrikheid van kleredrag, voorkoms en vriende het tydens die onderhoud met die deelnemers na vore gekom. Die navorser het afgelei dat die uniekheid van die deelnemers se kleredrag en voorkoms deel vorm van hulle identiteit. Alhoewel hulle klerestyl en voorkoms soms die samelewing skok, is dit vir hulle ’n manier om uiting te gee aan hulle behoefte aan vryheid. Die navorser is van mening dat vryheid (die afkeer van inperkende grense) ook deel vorm van hulle identiteit, en dit is hoekom hulle ’n sekere styl ten opsigte van kleredrag en voorkoms aanneem sodat hulle in teenstand kan wees met die dominante kultuur. Alhoewel hulle in teenstand is met die dominante kultuur, funksioneer hulle nog steeds binne hierdie dominante kultuur (Muggeleton, 2000:47). Dit is asof die Emo’s hulle eie nuwe identiteit vorm om in hulle subkultuur te kan funksioneer en sekere take tydens hulle ontwikkelingsfase te kan bemeester. Dit strook met Adams en Berzonsky (2003: 280) se siening dat die adolessent ’n nuwe identiteit vorm wat hom/haar tydens die jare van adolessensie help om sekere take te bemeester en hanteer. Tydens die proses van identiteitsontwikkeling is dit vir die adolessent belangrik om te sosialiseer en deel te wees van sy/haar portuurgroep (Geldard & Geldard, 2004:8). Dit blyk dus ook dat aspekte van fasegerigte adolessente ontwikkeling, byvoorbeeld die belangrikheid van die portuurgroep, ook vir deelnemers van belang was.

Die Emo-subkultuur is beter bekend vir hulle kleredrag en voorkoms as die ander aspekte wat aan hierdie subkultuur gekoppel word. Die Emo-leerders word maklik uitgeken as gevolg van hulle unieke smaak in kleredrag. Van die klerestyl in die Emo-subkultuur is getuig van smaak, terwyl ander weer meer dramaties voorkom. Die klerestyl en voorkoms van die Emo-subkultuur onderskei hulle dus van ander portuurgroepe. Volgens die deelnemers is hulle kleredrag en voorkoms deel van wie hulle is, en dus deel van hulle identiteit.

3.8.1.3 Musiek

“Music is so naturally united with us that we cannot be free from it even if we so desired” (Boethius, 2010)

Soos uit bogenoemde aanhaling blyk, speel musiek potensieel 'n belangrike rol in mense se lewens. Daar is bewys dat musiek die mens op 'n goeie en slegte wyse kan beïnvloed. Musiek kan 'n onmiddellike of langdurige effek op die mens hê en sluit ook emosionele, spirituele en fisiese elemente in. Musiek het ook die vermoë om emosies te versterk of te verswak in 'n spesifieke situasie (www.cerebromente.org.br/n15/mente/musica.html/O'Donnell).

Die term “Emo” is afkomstig van die woord “emosies”. Die deelnemers hanteer hulle emosies op verskeie maniere, onder meer deur na musiek te luister. Soos reeds genoem is, kan die deelnemers sekere emosies van ervarings herroep deur na 'n sekere tipe musiek te luister. Selfregulering vind dus plaas deur na musiek te luister en uiting te gee aan sekere emosies. Oaklander (2007:12) verwys na selfregulering as die manier waarop behoeftes wat op die persoon se voorgrond is, bevredig word sodat die persoon weer balans in sy/haar lewe sal vind. Musiek, gedigte of soms selfskending is maniere waarop die deelnemers selfreguleer deur 'n kreatiewe aanpassing ten opsigte van hulle omstandighede te maak sodat hulle deur die pyn/hartseer/woede kan werk. Baylis (2005:241-272) se teorie oor die Verhouding met Realiteit is ook hier ter sake, aangesien deelnemers vermoedelik musiek kan gebruik om die realiteit te blokkeer, of om in sekere gevalle kontak te maak met die realiteit wanneer musiek benut word vir die meer intense emosionele belewenis van lewensgebeure.

Musiek of selfs gedigte is hulle manier om uiting te gee aan hulle gevoelens, omdat hulle met die Emo-musiek se woorde/lirieke kan identifiseer. Die Emo-musiek is afkomstig van “punk rock” en “indie rock”. Hierdie musiekgenre het in die vroeë 1980’s ontstaan. Voorbeelde van Emo-musiekgroepe is “Fugazi”, Texas is the Reason en ook die bekende musiekgroep The Chemical Romance. Laasgenoemde groep sing byvoorbeeld ‘n lied getiteld “Emo girl”. Die liedjie word vervolgens weergegee (<http://www.elyrics.net/read/m/my-chemical-romance-lyrics/emo-girl-lyrics.html>) om te illustreer hoe van die adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, hulle met hierdie lirieke kan vereenselwig:

Emo girl

Artist (band): **My Chemical Romance**

1,2 ,3

*always see her you walking down the street
pink streaks and converse on her feet
doesn't wear the makeup most girls need ,no need to be.*

*friday morning when I looked out of window
put the music loud
punk rock and little bit of emo
makes you scream and shout*

*she's a new girl on the road
since the first time saw and I wanted more
only this and more and more
she is the one that i adore (Yeah!)
when I see her at my show
then i what to do
the answer in nooo
Then out came a boyfriend
and looks like a girlfriend
Ooh!*

she's a new girl on the road

*since the first time saw her and i want it more
only this and more and more
she is the one that i adore (Yeah!)*

*Don't tell me that i don't know
where's been down freakin' on you
Let's Go!*

*she's a new girl on the road
since the first time sawn and i want it more
only this and more and more
she is the one that i adore (Yeah!)*

Nonono nonono nonono nonono nonono nonono nonono nonono

*Don't tell me that i don't know
where's been down freakin' on you*

Daar is ook verskillende style van die Emo-musiek, naamlik “Emo-core” en “Screamo”. Hierdie musiekgroepe se lirieke is uiters emosioneel of aggressief en het metaforiese betekenis. Die lirieke sal soms op selfmoord, hartseer of woede fokus en sal dan van metafore gebruik maak, byvoorbeeld die woestyn wat verwys na die metafoor van dood wees (www.Emocorner.com).

Die volgende direkte aanhalings van die deelnemers gaan oor watter betekenis hulle heg aan musiek in hulle lewe en wanneer hulle na musiek luister.

Deelnemer 1: *“I listen to ... lots of the bands I listen to is about ... depressing and stuff, but, ja, I’m ... ja, I still think about back in the days when I listened to music like that and I try to not think about it.”*

“Ek luister na ... baie van die groepe waarna ek luister is oor ... depressief en so aan, maar, ja, ek is ... ja, ek dink nog steeds terug aan die dae toe ek na sulke musiek geluister het en ek probeer om nie daaraan te dink nie.”

Deelnemer 2: *“Music is very important to me. It is like a sense of my identity. I listen to music when I am angry or sad; then I don’t have to talk about my feelings.”*

“Musiek is baie belangrik vir my. Dit is soos my gevoel van identiteit. Ek luister na musiek wanneer ek kwaad of hartseer is; dan hoef ek nie oor my gevoelens te praat nie.”

Deelnemer 3: *“Music makes my feel better. You get different types of music styles in Emo. When you are hard-core, the music is a bit hectic and can mess with your head.”*

“Musiek laat my beter voel. Mens kry verskillende tipes musiekstyle in Emo. Wanneer jy “hard-core” is, is die musiek ’n bietjie erg en kan dit met jou kop smokkel.”

Deelnemer 4: *“Musiek, gedigte en die klere. Dit is wat Emo is vir my. Ek luister na verskillende tipes musiek – hang af hoe ek voel die dag of hoe kwaad my ma my maak.”*

Dit is duidelik dat musiek ’n baie belangrike rol in die deelnemers se lewe speel ten opsigte van die uitlewing van hulle emosies. Weens die feit dat hulle dit moeilik vind om hulle emosies te kommunikeer, dien musiek vir hulle as ’n kommunikasietegniek. Musiek word gesien as ’n kragtige medium om in voeling te wees met sekere emosies. Die navorser is van mening dat dit moontlik die rede kan wees hoekom die Emo-leerders aanklank vind by musiek en dit deel van hulle identiteit vorm. Dit was nie deel van die doelstelling en doelwitte van hierdie navorsing om die lirieke van die verskillende musiekgroepe na te gaan nie. ’n Kort internetsoektog het egter laat blyk dat sommige lirieke waarskynlik wel kragtig genoeg is om – soos deelnemer 3 aandui – met die kop te smokkel.

Tema 2: Negatiewe effek van ander groeperings op die Emo-subkultuur

Volgens Geldard en Geldard (2004:10-13) is die grootste uitdaging vir adolessente om ’n plek binne die samelewing (hulle veld) te verkry terwyl hulle terselfdertyd die behoefte vervul om hulle eie identiteit te vorm. Adolessente het die behoefte om aan

'n groep te behoort wat dieselfde belangstellings as hulle het en sal dus soms waardes, beginsels en sienswyses van ander aanneem net om die gevoel van behoort te ervaar.

Die deelnemers ervaar soms dat hulle portuurgroep en ander partye van die samelewing hulle as anders waarneem omdat hulle verskillende belangstellings het en op 'n ander manier uiting gee aan hulle emosies. Die negatiewe kommentaar wat die deelnemers op 'n daaglikse basis ervaar, lei soms daartoe dat hulle afgesonder van die samelewing voel. Groeperings in skoolverband, naamlik die “jocks”, “nerds” en “poppies”/“barbies” en “plastics”, asook van die onderwysers en ouers, verstaan nie die Emo-subkultuur nie en maak soms afleidings daaroor sonder dat hulle oor die nodige kennis beskik. Die volgende inligting het oor ander groeperings na vore gekom:

Tabel 3.3: Beskrywing van ander groeperings in skoolverband

Beskrywing:	Beskrywing:	Beskrywing:
<p>Barbies: Hierdie groepering van adolessente verwys na die populêre meisies (Barbies) en word deur ander gesien as die mooi meisies.</p> <p>Plastics: Die “plastics” is die meisies wat hulle grimeer en mooi maak voordat hulle skool toe kom. Daar word na hulle verwys as plastic, want sonder die grimering en hulle bykomstighede is hulle gewone meisies. Dus verhoog/verbeter die grimering en bykomstighede hulle voorkoms en waarskynlik ook hulle selfbeeld.</p> <p>Poppies: Die “poppies” is die meisies wat daarvan hou om baie stylvol aan te trek. Hulle hou die nuutste modes fyn dop.</p>	<p>Nerds word beskryf as leerders wat nie so populêr is nie en baie meer belangstelling toon in hulle akademie as hulle sosiale lewe. Hulle blink gewoonlik uit in akademie en/of rekenaars.</p>	<p>Jocks: word beskryf as seuns wat as populêr beskou word en gewoonlik ook goed in sport is.</p>

3.8.1.4 Subtema: Selfbeeld/diskriminasie

Selfbeeld speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die adolessent. Studies het gevind dat adolessente veral in die vroeë adolessensiefase met 'n lae selfbeeld sukkel (Harter, 1990:352-387). 'n Lae selfbeeld kan tydelik voorkom by adolessente, maar in ernstige gevalle kan dit tot depressie, selfskending en selfs selfmoord lei (Smith, Cox & Saradjian, 1999:32-36). Die Emo-leerders se lae selfbeeld maak dat hulle, soos enige ander adolessent, beïnvloedbaar is deur hulle portuurgroep. In die geval van die Emo-leerders word hulle beïnvloed deur die Emo-subkultuur se lewenstyl. Hierdie lewenstyl behels hulle kleredrag, musiek en gedigte. Adolessente met 'n lae selfbeeld wat met die Emo-subkultuur identifiseer, kan moontlik die lewenstyl aanneem net om die gevoel van behoort te ervaar. Twee deelnemers het tydens die onderhoud genoem dat hulle weens hulle lae selfbeeld aanklank gevind het by die Emo-subkultuur, omdat hulle lewenstyl hulle deel laat voel het van die groep. Deelnemer 2 het genoem dat sy aan die begin net die Emo-groep se sienswyse en opinies aangeneem het sonder om dit te bevraagteken. Sy was ook eers betrokke by verkeerde vriende (Emo- en nie-Emo-vriende) en sal soms selfskending toepas, omdat hulle dit gedoen het. Dit is 'n vorm van 'n kontakgrensversteuring, omdat die deelnemer op 'n ongesonde manier kontak maak met die omgewing. Daar word na hierdie kontakgrensversteuring verwys as introjeksie. Introjeksie beteken om ander se sienswyse en opinies te aanvaar sonder om dit te bevraagteken (Yontef & Jacobs, 2000:115; Joyce & Sills, 2001:125). Dit wil voorkom asof die Emo-subkultuur vir adolessente met 'n lae selfbeeld as 'n veilige hawe dien, omdat hulle dadelik inskakel en deel voel van 'n groep.

Al vyf die deelnemers het tydens die onderhoud genoem dat hulle voel dat daar teen hulle gediskrimineer word weens die feit dat hulle Emo is. Onderwysers, ouers en selfs lede van hulle portuurgroep sal hulle anders hanteer omdat hulle aksies teenstrydig is met die dominante kultuur. Dit kom dalk voor of hulle nie omgee wat die samelewing van hulle dink nie, maar wanneer hulle alleen is, herroep hulle van die kommentaar van die verskeie groeperings.

Die volgende uittreksel kom uitdeelnemer 1 se onderhoud, waar hy met die navorser deel hoe hy daarvoor voel dat daar teen hom gediskrimineer word omdat hy Emo is.

No 1: *“Ja, they think, like, you are stupid or something. Because Miss X... can you remember her?”*

OG: *“Ja, I remember her.”*

No 1: *“She used to, like, make fun of me all the time as well.”*

OG: *“OK, so teachers say that you are a drop-out and then that you are stupid?”*

No 1: *“Not stupid but not like other people.”*

OG: *“OK.”*

No 1: *“Not serious with your work and stuff, but we are.”*

OG: *“OK, can you say you feel like sometimes you’re discriminated [against] ... because you’re different?”*

No 1: *[Pause] “Ja.”*

OG: *“By whom? Can you maybe say?”*

No 1: *“By every person that does not like Emos.”*

Nr 1: *“Ja, hulle dink, soos, jy is dom of iets. Want mej. X... kan jy haar onthou?”*

OG: *“Ja, ek onthou haar.”*

Nr 1: *“Sy het my ook, soos, die heeltyd gespot.”*

OG: *“Oukei, so onderwysers sê dat jy ’n drop-out is en dat jy dom is?”*

Nr1: *“Nie dom nie, maar nie soos ander mense nie.”*

OG: *“Oukei.”*

Nr 1: *“Nie ernstig oor jou werk nie en so aan, maar ons is.”*

OG: *“Oukei, kan jy sê jy voel soms asof daar teen jou gediskrimineer word ... omdat jy anders is?”*

Nr 1: *[Pause] “Ja.”*

OG: *“Deur wie? Kan jy dalk sê?”*

Nr 1: *“Deur elke persoon wat nie van Emo’s hou nie.”*

Die volgende direkte aanhalings van die deelnemers is waar hulle met die navorsers deel hoe hulle voel wanneer daar teen hulle gediskrimineer word. Hulle lewer ook kommentaar oor hoe dit hulle selfbeeld beïnvloed:

Deelnemer 1: *“Teachers can bring you down. They think we are weird.”*

“Onderwysers kan jou ondertoe trek. Hulle dink ons is eienaardig.”

Deelnemer 3: *“It really hurts me how people treat me.”*

“Dit maak my regtig seer hoe mense my behandel.”

Uit gesprekke het dit duidelik geblyk dat wanneer die deelnemers oor die diskriminasie teenoor hulle gepraat het, hulle liggaamstaal (vermyding van oogkontak, gevroetel met hulle hande) gewys het dat dit hulle pla. Hulle word konstant gespot oor hulle voorkoms en emosionele welstand – nie net deur ander in die portuurgroep nie, maar ook selfs deur van die onderwysers, wat na een deelnemer verwys het as ‘n “drop-out”. Die navorser is dus nie verbaas dat van die Emo-leerders oor ’n lae selfbeeld beskik nie. Hulle veld speel ook ’n belangrike rol in die vorming van hulle selfbeeld. Al vyf deelnemers het deur ’n traumatiese gebeurtenis gegaan. Dit het bygedra tot die kwesbaarheid van hulle selfbeeld. Die diskriminasie wat hulle ervaar het, het gemaak dat van die deelnemers meer teruggetrokke geraak het en selfs aanklank gevind het by negatiewe alternatiewe, byvoorbeeld selfskending of rebellering om die woede of hartseer te demp.

Tema 3: Gesagsfigure en inperkende grense

Adolessensie is die tydperk tussen kinderjare en volwassenheid (Louw & Louw, 2007:278). Tydens hierdie tydperk voel dit vir adolessente asof hulle reeds onafhanklik van hulle ouers kan funksioneer en hulle eie keuses kan maak, maar hulle tree tog nog in sekere situasies kinderagtig op.

Die deelnemers aan die studie is oor die algemeen meer sensitief en kwesbaar van aard en het gevoel dat wanneer hulle deur te veel inperkende grense gekonfronteer word, hulle vryheid van hulle weggeneem word. Wanneer dít gebeur, het dit tot sekere negatiewe reaksies (selfskending, aggressie en rebellering) gelei. Die navorser neem kennis daarvan dat buierigheid en konstante toetsing van grense deel is van adolessente se ontwikkeling (Geldard & Geldard, 2004:4), maar die manier waarop Emo’s inperkende grense en outoriteit hanteer, kan soms kommerwekkend wees.

3.8.1.5 Subtema: Skoolomgewing

Emo-leerders vind ook dat hulle vryheid die meeste gedemp word in die skoolomgewing, weens die inperkende grense en outoriteit. Inperkende grense verwys na wanneer daar te veel grense aan 'n persoon gestel word, wat soms tot negatiewe reaksies kan lei. In die skoolomgewing is daar nie sprake van die bespreking van grense en die lug van opinies nie – die reëls moet net aanvaar word en gesagsfigure se sienswyses en opinies moet aangeneem word. Volgens deelnemers se reaksies werk hierdie realiteit nie goed vir hulle nie. Hulle sal nie noodwendig moeilikheid maak in die klas of skool net omdat hulle nie van die reëls hou nie, maar wanneer hulle nie saamstem met die onderwyser nie, sal hulle teëpraat.

Die volgende aanhalings van die deelnemers behels hulle gevoel rondom wat hulle van die skoolomgewing dink:

Deelnemer 1: *“I hate school. Does not matter which school – I want my freedom.”*

“Ek haat skool. Maak nie saak watter skool nie – ek wil my vryheid hê.”

Deelnemer 4: *“Wens elke dag ek is klaar met skool. Dit voel so die onderwysers is op 'n mission om my uit te vang omdat ek anderster is. Hulle soek net fout met jou.”*

3.8.1.6 Subtema: Huislike omgewing

Inperkende grense en gesagsfigure verskil van huisgesin tot huisgesin. Konflik ontstaan oor die algemeen in huisgesinne wanneer sekere grense oorskry word en nie gerespekteer word nie. Inperkende grense sal soms negatiewe reaksies teweegbring wanneer die Emo's voel dat hulle vryheid van hulle weggeneem word. Die meeste van die deelnemers aan die studie meld dat hulle ouers hulle nie verstaan nie en ook nie hulle behoeftes of sienswyses in ag neem nie, en dat dit grootliks die rede is hoekom hulle negatief optree. Van die deelnemers beskou hulle huislike omgewing as die rede hoekom hulle optree soos hulle doen. Hulle projekteer dus hulle gevoelens op die huislike omgewing in plaas daarvan om self verantwoordelikheid te neem daarvoor. Dit strook met Blom (2006:24), wat vermeld dat projeksie deur 'n persoon

gebruik word wat nie verantwoordelikheid vir sy/haar emosies of gedrag wil neem nie, maar ander verantwoordelik wil hou daarvoor. Drie van die deelnemers aan die studie het as gevolg van hulle huislike omgewing aanklank gevind by die Emo-subkultuur. Hierdie deelnemers se manier van selfregulering (deur musiek, gedigte of selfskending) help hulle wanneer hulle oorweldig voel deur hulle huislike omstandighede.

Die deelnemers het met die navorser gedeel wat hulle gevoel rondom hulle huislike omgewing is. Die deelnemers het ook die outoriteit in hulle huislike omgewing die skuld gegee hoekom hulle soms net wil rebelleer:

Deelnemer 2: *“If she can just give me a chance to talk and listen to my side of the story, our relationship won’t be so shitty. My dad always listens to me.”*

“As sy my net ’n slag ’n kans wil gee om te praat en na my kant van die storie luister, sal ons verhouding nie so sleg wees nie. My pa luister altyd na my.”

Deelnemer 3: *“Sometimes my mom and dad make me so mad. They must just leave me alone. Give me my freedom.”*

“Partykeer maak my ma en pa my so kwaad. Hulle moet my net uitlos. Gee my net my vryheid.”

Deelnemer 4: *“My ma neem alles weg van my: my selfoon, make-up, my vriende, o ja, en my straightner. Natuurlik gaan ek mos nou glad nie doen wat sy sê nie. Ek wil haar spite.”*

Vanuit die bostaande inligting is die navorser van mening dat Emo’s inperkende grense nie as ’n straf waarneem nie, maar die demping van hulle vryheid. Dit gee weer aanleiding daartoe dat die deelnemers maniere sal vind om die party wat die grense toegepas het, te na te kom deur te rebelleer en geen samewerking te gee nie. Dit kan deur die samelewing gesien word as die gedrag van ’n ongehoorsame kind, maar dit wil voorkom asof die deelnemers bloot poog om hulle opinies en sienswyses te laat hoor. Die grense moet dus aan hulle gekommunikeer word, en ook waarom dit geïmplementeer word. Dit is asof hulle ’n vennootskap wil hê as dit by grense kom.

Hulle wil ook 'n bydrae lewer met die opstel en onderhandeling daarvan. Van hierdie aspekte is redelik algemeen by alle adolessente en kan 'n struikelblok tussen ouers en adolessente wees (Geldard & Geldard, 2004: 27)

Tema 4: Die verskillende komponente van die Emo's se veld

Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie fokus op die ontwikkeling van die persoon in terme van die omgewing (Scileppi *et al.*, 1999:45; Lerner, 2001:238). Die persoon se interaksie word dus in verskillende sisteme (mikrosisteem, mesosisteem, eksosisteem en makrosisteem) waargeneem om vas te stel met wie die persoon in aanraking kom (Slee, 2002:69). Die navorser is van mening dat deur hierdie teorie te gebruik, die persoon as 'n geheel waargeneem kan word, omdat dit die ontwikkelingsfase sowel as die omgewing van die persoon in gedagte hou. Tesame met die ekologiese teorie word daar gebruik gemaak van die veldteorie, wat geen ervaring afsonder of uitlaat nie, omdat alle dele van die veld in kontak is met mekaar en dus die hele veld beïnvloed (Yontef, 1993:295-297). Dit strook met Wheeler (2002:50) se siening dat die funksionaliteit van die persoon in sy/haar totaliteit waargeneem moet word, insluitend sy/haar innerlike self en die eksterne, onbeheerbare faktore.

Dit is van toepassing op die Emo-subkultuur, waar konfigurasie van ervaring in die wisselwerking tussen interne en eksterne faktore in die veld tot spesifieke gedrag, houdings en opinies by die deelnemers lei. Dit blyk dat die vyf deelnemers se omgewing/veld 'n belangrike rol speel ten opsigte van hulle reaksies (emosioneel, spiritueel, fisies) teenoor hulleself asook ander mense in hulle lewe. Al vyf deelnemers se omgewing/veld sluit die ervaring van trauma in. Daar word tentatief deur die navorser afgelei, gebaseer op gesprekke met deelnemers, dat hierdie wisselwerking met die omgewing/veld en die trauma-komponente hulle hanteringspatrone beïnvloed. Verdere navorsing oor die effek van trauma op die dinamika van die Emo-subkultuur blyk nodig te wees.

3.8.1.7 Verskillende vlakke van Emo's binne die Emo-subkultuur

Daar is reeds vasgestel dat die deelnemers se omgewing/veld 'n rol speel in hulle reaksies teenoor hulleself, asook hulle kontak met die samelewing. Dit is bekend dat alle mense konfigurasies (Hoofstuk 2) in hulle veld ontwikkel as gevolg van hulle verlede of huidige ervarings in hulle veld. Dit kan daartoe lei dat die persoon gedesensitiseer word van sy/haar emosies om die realiteit te ontvlug (Joyce & Sills, 2001:118). Die navorser is van mening dat dit gelei het tot die ontstaan van verskillende vlakke binne die Emo-subkultuur. Die Emo-vlakke verwys na stadiums/fases van emosies sowel as ervarings waardeur die Emo's gegaan het in hulle veld. Die navorser het tydens die deelnemers se onderhoud bewus geword van vyf verskillende vlakke, naamlik:

- “hard-core” Emo
- gewone Emo
- “fake” Emo
- “gay” Emo
- “nerd” Emo

Die *hard-core Emo's* is volgens die deelnemers die donker kant van die Emo-subkultuur. Hierdie groep Emo's is betrokke by satanisme, erge selfskending en is baie meer geneig om selfmoord te pleeg. Dit is die Emo's wat depressief is en voel dat niemand hulle kan help nie.

Die *gewone Emo's* is grotendeels die Emo's wat deel was van hierdie studie. Dit is die Emo's wat die leefstyl aangeneem het van nie omgee wat die samelewing van hulle dink nie, nie van te veel grense hou nie en openlik oor hulle emosies kan wees, hetsy deur musiek of gedigte. Selfskending is ook betrokke (dit verskil van Emo tot Emo), maar baie van hulle soek hulp en ondersteuning vir hulle selfskending (wat waarskynlik 'n poging tot selfregulering is). Dit gaan vir hulle meer oor die styl en voorkoms van die subkultuur.

Daar is ook nog 'n afdeling binne die gewone Emo's waarna verwys word as die *scene kids*. Dit is wanneer 'n persoon nie die lewenstyl van die gewone Emo aanneem nie, maar slegs die kleredrag en voorkoms van die Emo-subkultuur.

Die *fake Emo's* is die leerders wat die Emo's se kultuur probeer aanneem om net êrens in 'n groep in te pas. Hulle sal hulleself ook sny om deel te wees van die groep, en beskik soms oor 'n lae selfbeeld. Die fake Emo's ontstel die normale Emo's, omdat dit vir hulle voel asof hulle spot met hulle kultuur.

Die *gay Emo's* is leerders wat eksperimenteer met hulle seksualiteit. Hulle neem nog steeds die Emo-kultuur aan, maar sal soms verward voorkom oor hulle seksualiteit. Die deelnemers in die betrokke studie voel dat die samelewing seuns wat Emo is, dadelik as homoseksueel sien.

Die *nerd Emo's* is die leerders wat die scene kid-styl van die Emo-subkultuur aanneem, maar terselfdertyd akademies sterk is en goed presteer op skool.

Uittreksels uit die deelnemers se terugvoer oor die feit dat daar wel verskillende vlakke van Emo's is, asook of hulle deel is van die ander vlakke, word hieronder verskaf:

Deelnemer 1: *“You get different kinds of Emo's: nerds, gays, hard-core.”*

“Jy kry verskillende tipes Emo's: nerds, gays, hard-core.”

Deelnemer 2: *“I was hard-core Emo, into the satanistic stuff. Then it did not feel right anymore. Now I just like the style.”*

“Ek was'n hard-core Emo; het deelgeneem aan die satanistiese goed. Toe het dit nie meer reg gevoel nie. Nou hou ek net van die styl.”

Deelnemer 3: *“Hard-core Emo's is hectic stuff. It is very dark and depressive; get suicidal thoughts.”*

“Hard-core Emo is baie erg. Dit is 'baie donker en onderdrukkend; kry selfmoordgedagtes.”

“Now, it’s much better. I still listen to the hard-core music sometimes, but I don’t feel so depressed. I have a girlfriend now.”

“Nou is dit baie beter. Ek luister nog steeds partykeer na die hard-core musiek, maar ek voel nie meer so depressief nie. Ek het nou ’n meisie.”

Dit was vir die navorser interessant om uit te vind dat daar verskillende vlakke van Emo’s is. Dit het sin gemaak, want tydens die navorser se waarneming oor die afgelope twee jaar by die betrokke skool het sy opgelet dat die Emo’s tog in ’n mate van mekaar verskil. Die verskillende vlakke gee die leerder dus die geleentheid om byvoorbeeld net van die Emo’s se klerestyl te hou, maar nie die leefstyl aan te neem nie. Ouers, onderwysers en ander portuurgroepe sal dus ook verstaan dat wanneer ’n leerder as ’n Emo geëtiketteer word, hulle nie noodwendig depressief is of hulleself sny nie. Die samelewing sal dus ook ’n beter begrip van die Emo-subkultuur ontwikkel, omdat hulle nie meer almal oor een kam kan skeer nie. Dit is dus selfs ook moontlik dat leerders deur die verskillende vlakke beweeg deur byvoorbeeld eers fake Emo te wees en dan na hard-core te beweeg, maar uiteindelik ’n plek te vind by die gewone Emo-subkultuur. Meer navorsing oor hierdie vlakke is nodig. Meer navorsing is ook nodig oor die hard-core-groep, aangesien die deelnemers in hierdie studie nie werklik meer daar ingedeel kan word nie. Dit wil voorkom asof diegene wat hulleself as hard-core Emo’s sien, in ’n donker en potensieel gevaarlike wêreld beweeg waarvan meer kennis nodig is. Hulpverleningsprogramme moet dan ook veral op hierdie groep afgestem word.

3.8.1.8 Wanopvattinge oor die Emo-subkultuur

Die deelnemers wat betrokke was by die studie, is van mening dat die samelewing ’n wanindruk van die Emo-subkultuur het. Hulle vermoed dat mense ’n basiese idee het oor wat ’n Emo is, maar aannames maak dat alle Emo’s dieselfde is. Dit ontstel die Emo’s, omdat daar verskillende vlakke van Emo’s is en almal nie oor een kam geskeer kan word nie, soos reeds genoem is. Hulle omgewing, persoonlikheid en traumatiese ervaring moet in gedagte gehou word. Die volgende wanopvattinge is deur die deelnemers van die studie uitgewys:

- Nie alle Emo's sny hulleself nie. Daar is Emo's wat net die klerestyl en musiek aanneem en nie sny nie.
- Emo's is nie konstant depressief nie. Selfmoord gaan nie konstant deur hulle gedagtes nie. Daar is wel Emo's wat dit doen, maar nie almal nie.
- Nie alle manlike Emo's is homoseksueel nie. Daar is seuns wat net van die klerestyl hou.
- Alle Emo's is nie sataniste nie. Daar is selfs Emo-Christene. Dit is weereens leerders wat net die klerestyl aanneem, maar nie die leefstyl nie. Die Emo-subkultuur is ook nie veroordelend nie, maar daar heers 'n gees van onvoorwaardelike aanvaarding. Emo's is nie probleemkinders nie. Dit is 'n groepering van leerders wat gemaklik voel rondom mekaar, wat stil voorkom en hulle emosies in musiek of gedigte weergee. Emo's is kreatiewe en soms baie intellektuele kinders.

Die deelnemers bevestig dat daar wanopvattinge oor die Emo-subkultuur is en dat hulle net soos enige ander adolessent is, met verskillende opinies en sienswyses:

Deelnemer 1: *“Ja ... [pause] um, we're just like everyone else. We just fall under another culture.”*

“Ja ... [pouse] um, ons is net soos al die ander. Ons val net onder 'n ander kultuur.”

Deelnemer 2: *“People think we cut ourselves every day. They will say, go sit in the corner and cut yourself. We are not depressed all the time.”*

“Mense dink ons sny onself elke dag. Hulle sal sê: Gaan sit in die hoekie en sny jouself. Ons is nie die heelyd depressief nie.”

Deelnemer 3: *“We are actually happy people. I go to church and stuff. I am just more in touch with my emotions.”*

“Ons is eintlik gelukkige mense. Ek gaan kerk toe en als. Ek is maar net meer in voeling met my emosies.”

Soos vermeld word deur tema 4 word die Emo-subkultuur deur die samelewing gesien as 'n groep adolessente wat depressief is en gebruik maak van selfskending. Die navorser maak hierdie stelling na aanleiding van inligting wat bekom is vanaf onderwysers, ouers en ander skole in die noordelike voorstede wat as deel van data-triangulasie gedien het. Hulle word ook soms deur onderwysers geëtiketteer as “drop-outs” of selfs probleemkinders. Dit is weens sulke wanopvattinge dat die deelnemers voel dat daar teenoor hulle gediskrimineer word. Alhoewel die Emo's se voorkoms verskil van dié van hulle portuurgroep en hulle op ander maniere uiting gee aan hulle emosies, is hulle nog steeds net adolessente. Hulle ervaar ook die verskillende veranderinge in hulle liggame en struikel ook soms met hulle ontwikkelingstake, net soos enige ander adolessent. Die navorser is van mening dat as die samelewing oor die nodige kennis van die Emo-subkultuur beskik, daar minder wanopvattinge oor hierdie groepering sal wees, en hopelik meer respek vir wie hulle werklik is.

3.8.1.9 Selfskending

Volgens Plante (2007:1) is dwelm- en drankmisbruik, selfskending, seksuele aktiwiteit, eetversteurings en tatoeëermerke van die aksies wat adolessente sal neem om die samelewing te skok, asook om soms hulle pyndrempel te toets. Die navorser is van mening dat hierdie aksies moontlike hanteringsmeganismes kan wees wat adolessente gebruik om sekere emosies te verwerk of te demp. Selfskending kom soms by adolessente voor as gevolg van hulle genetiese kwesbaarheid, kinderjare, omgewing asook traumatiese ervarings (D'Onofrio, 2007:39). Dit wil voorkom asof deelnemers selfskending benut het weens eksterne, onbeheerbare faktore vanuit hulle omgewing/veld.

Plante (2007:3) se definisie van selfskending is dat dit opsetlike skending van die persoon se lyf is sonder die bedoeling van selfmoord. Dit strook met die manier waarop die gewone Emo hulleself sal sny. Die gewone Emo sal hulleself sny sonder die bedoeling van selfmoord, waar die “hard-core” Emo hulleself soms sny of leed aandoen met die bedoeling om selfmoord te pleeg. Die navorser is van mening dat die Emo's hulleself sny as gevolg van hulle vermoë om te desensitiseer. Desensitasie beteken om af te sluit van sensoriese en liggaamlike ervarings of kontak wat verband hou met pyn of ongemak (Strydom, 2006:244). Die pyn wat hulle ervaar, word gevolg

deur die gevoel van verligting en rustigheid. Aansluitend hierby vermeld Plante (2007:4) die volgende: “Self-injury in itself is a coping device, a means of controlling and communicating a confluence of overwhelming emotions”.

Die deelnemers dui aan dat hulle selfskending as hanteringsmeganisme (kontakgrensversteuring) gebruik wanneer hulle nie weet hoe om op 'n gesonde manier uiting te gee aan hulle emosies nie. Die deelnemers word ook deur hulle “underdog” gekonfronteer wanneer hulle moet besluit hoe hulle kontak gaan maak met hulle veld. Hulle “underdog”, wat die plesierfaktor is, word soms aan negatiewe faktore gekoppel, byvoorbeeld selfskending, rebellering, dwelms of drankmisbruik. Selfskending gee aan hulle die gevoel van bemagtiging, asook beheer. Deur hulle innerlike pyn sigbaar te maak (letsels van selfskending en brandwonde), kommunikeer hulle hulle wanhoop aan ander. In sommige gevalle hou hulle dit egter privaat. Volgens die deelnemers kan selfskending 'n verslawing word. Die deelnemers is van mening dat van die Emo's selfs sal sny al is daar geen rede daarvoor nie. Hulle kan gelukkig, hartseer of kwaad wees – hulle sal nog steeds sny. Volgens die deelnemers sal die Emo's hulle snymerke privaat hou en dit nie vir enigiemand wys nie, totdat hulle die persoon beter leer ken en hom/haar vertrou.

Deur die herhaling van hierdie subtema het die navorser bewus geword daarvan dat die gebruik van hierdie hanteringsmeganismes as gevolg van die Emo's se veld plaasvind. Van die deelnemers in die studie het die subkultuur genader omdat van hulle vriende selfmoord gepleeg het. Hulle was baie emosioneel daaroor en het aanklank gevind by die Emo-subkultuur. Al vyf die deelnemers het met die navorser gedeel dat hulle op een of ander stadium aan selfmoord gedink het weens die omstandighede in hulle omgewing/veld. Deelnemer 4 het al selfmoord probeer pleeg deur 'n oordosis pille te neem en is hospitaal toe geneem. Deelnemer 3 het selfmoord probeer pleeg deur homself te hang, maar sy vriende het hom betyds gevind.

Selfskending het by al vyf deelnemers voorgekom. Dit was vir hulle 'n hanteringsmeganisme om hulle emosies te hanteer. Hulle het skuldgevoelens gehad nadat hulle hulleself gesny het, maar het tog verlig gevoel nadat hulle gesny het. Drie van die deelnemers het hulleself op hulle polse gesny, en die ander twee het op hulle polse en bobene gesny.

Die deelnemers het terugvoer gegee oor hoekom hulle hulleself sny, asook watter gevoelens by hulle ontstaan wanneer hulle sny. Die deelnemers was baie openlik met die navorser oor hulle selfskending. Daar is van die deelnemers wat graag ander leerders wil ondersteun sodat hulle sal ophou sny. Selfskending is vir hulle soos 'n siekte waarvoor jy hulp moet kry:

Deelnemer 2: *“When I cut, I felt so much better. You feel guilty, but relieved – it was like a coping thing for me.”*

“Wanneer ek gesny het, het ek soveel beter gevoel. Jy voel skuldig, maar verlig – dit was vir my soos 'n hanteringsmeganisme.”

“Did think of killing myself, but my friends supported me.”

“Het daaraan gedink om selfmoord te pleeg, maar my vriende het my ondersteun.”

“I was shy about the cutting. I would hide it.”

“Ek was skaam oor die snyery. Ek het dit weggesteek.”

Deelnemer 4: *“Cutting word geassosieer meer met 'n siekte as 'n trend.”*

“Hoe meer pyn jy voel, hoe beter. Ek hou daarvan om piercings te kry.”

“Partykeer voel ek ek moet sny. Weet soms nie hoekom nie?”

Deelnemer 5: *“Ek het my snye weggesteek. Het gesny om van al die pyn af weg te kom.”*

“Wanneer jy klaar gesny het en die bloed sien loop, voel jy 'n bietjie skuldig, maar meer net ahhhhhhhhhhh [verligte sug].”

“Jis, ek het gesny as ek flippen kwaad was en dan weer as ek hartseer is.”

Alle mense benut 'n verskeidenheid konstruktiewe en nie-konstruktiewe hanteringswyses vir die hantering van behoeftes en probleme. Party mense gebruik kos om die emosies te demp, waar ander weer die leemte probeer vul deur materiële items te koop. Die deelnemers aan die studie het gebruik gemaak van verskeie hanteringsmeganismes om hulle emosies te demp. Deur hierdie hanteringsmeganismes/hanteringspatrone te gebruik, kon hulle die behoeftes wat op hulle voorgrond ontstaan het, bevredig, al was dit nie altyd op 'n positiewe manier nie (Strydom, 2006:237-238). Ongeag die positiewe of negatiewe kenmerke van die hanteringsmeganismes bly dit 'n manier om emosies wat pyn of gemak veroorsaak, te demp. Dit is kommerwekkend dat al die deelnemers selfskending as hanteringswyse benut het en dat selfmoordgedagtes prominent was. Hierdie aspekte behoort die fokus van verdere navorsing te wees, waarop toepaslike intervensie gegrond kan word.

Tydens die data-verwerking om temas vir die navorsingsverslag te identifiseer, het dit vir die navorser duidelik geword dat die Emo-subkultuur baie meer kompleks is as wat dit voorkom. Dit bestaan uit verskillende vlakke, gebruik verskillende hanteringsmeganismes en alhoewel hulle teen die dominante kultuur se reëls is, funksioneer hulle nog steeds binne laasgenoemde kultuur sonder die sosiale en politieke aksies wat kontra-kulture kenmerk. Uit hierdie temas en subtemas is daar aanduidings van aspekte wat verder nagevors behoort te word. Dit vorm deel van die aanbevelings in Hoofstuk 5. Die herhaling van inligting by verskillende deelnemers het temas en subtemas bevestig en daar was volgens die navorser se oordeel versadiging van data.

3.9 SAMEVATTING

Deur die verloop van die empiriese werk het die navorser bewus geword daarvan dat die Emo-subkultuur 'n meer komplekse groepering is as wat dit op die oog af voorkom. Weens beperkte literatuurondersteuning oor die Emo-subkultuur wil dit voorkom asof daar wanindrukke oor hierdie subkultuur bestaan. Mense assosieer hulle moontlik met probleemkinders, “verlore skapies” en selfs kinders wat net aandag soek. Die navorser hoop dat die samelewing deur die empiriese werk bewus sal word daarvan dat hierdie groepering van leerders nog steeds adolessente bly en leiding en ondersteuning nodig het, alhoewel hulle vreemd en anders voorkom. Dit blyk dat

Emo's sensitief en kreatief ingestel is en besonder kwesbaar is weens vorige traumatiese ervarings en negatiewe aspekte in hulle huislike omgewing.

Die ongesonde uitdrukking van emosies is nie net in die Emo-subkultuur teenwoordig nie. Dit is oor die algemeen in die adolessente fase teenwoordig. Weens die samelewing se gebrek aan kennis oor die Emo-subkultuur noem hulle enige adolessent wat selfskending toepas of depressief is, 'n Emo. Die navorser is van mening dat die Emo-subkultuur nie net 'n negatiewe kultuur is nie. Dit het ook baie positiewe eienskappe, byvoorbeeld dat hulle nie veroordelend is nie, ondersteunend van aard is, tevrede is met wie en wat hulle is, en kreatiewe werk kan lewer. Die navorser is van mening dat indien ouers, onderwysers en ander groeperings oor die nodige kennis beskik, hulle die Emo-subkultuur beter sal verstaan en aanvaar.

In die volgende hoofstuk word die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie bespreek, veral aan die hand van data-triangulering.

HOOFSTUK 4

DATA-TRIANGULASIE

4.1 INLEIDING

Dit is reeds deur die verloop van die navorsingsverslag bekend gemaak dat daar min literatuurondersteuning beskikbaar is oor die Emo-subkultuur. Ander wyses van data-triangulering moes dus gevind word, aangesien dit nie moontlik was om literatuurkontrole met vakkundige literatuur en ander navorsingsbevindinge te doen nie. Sekere bevindinge van die empiriese studie kon wel met algemene literatuur in verband gebring word, byvoorbeeld die plasing van die Emo-groepering in 'n subkultuur, gebaseer op literatuur oor sub- en kontra-kulture.

Subjektiviteit is 'n byna onvermydelike deel van kwalitatiewe navorsing (Delpont & Fouché, 2005:351). Alhoewel dit bykans onmoontlik is om absolute geldigheid en vertrouenswaardigheid in die navorsingsverslag te bereik, is dit 'n doelwit waarna die navorser streef. Daar is dus gebruik gemaak van verskeie geldige strategieë om die akkuraatheid van die bevindinge te verhoog (Creswell, 2009:191). Een van hierdie strategieë wat die navorser gebruik het, is data-triangulasie. Data-triangulasie behels dat verskillende bronne van data benut word. Deur die verskillende perspektiewe van hierdie bronne van inligting in ag te neem, kan dit daartoe bydra om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog. Die navorser kon ook 'n diepgaande begrip van die Emo-subkultuur ontwikkel deur die gebruik van verskeie databronne. Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verbeter deur die beskrywing van verskeie strategieë wat tydens die studie geïmplementeer is.

4.2 GELDIGE STRATEGIEË IN KWALITATIEWE NAVORSING

Die navorser het dit goedgevind om Creswell (2009:185-195) se verskillende geldige strategieë wat tydens die navorsingsproses gebruik is, te beskryf. Daar is agt verskillende strategieë wat tydens die navorsingsproses gebruik kan word om geldigheid en vertrouenswaardigheid te verhoog. Die navorser het vier van hierdie agt strategieë gebruik om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van hierdie studie te

verhoog. Die strategieë wat in die studie benut is, word vervolgens weergegee (Stage & Manning, 2003:66-70; Nieuwenhuis,2007:80; Creswell, 2009:191-192):

- **Triangulasie** behels die verkryging van data vanaf verskillende bronne. Dan word die bewyse vanaf die verskillende bronne geëvalueer sodat samehorigheid verkry kan word, wat tot die identifisering van temas lei. Die verskeie vorme van data-insameling sal die vertrouenswaardigheid en geldigheid van die navorsing verhoog. Maree en Van der Westhuizen (2007:40) beskryf dit as 'n vorm van kristallasie. Kristallasie verwys na die geldigheid van die studie se bevindinge deur van verskeie metodes van data-insameling en -analiserings gebruik te maak. Dit is ook 'n beter lens waardeur die deelnemers waargeneem kan word in kwalitatiewe navorsing en verhoog die vertrouenswaardigheid van die studie.
- Klaar enige **vooropgestelde idees** wat die navorser na die studie bring, uit. Goeie kwalitatiewe navorsing bevat opmerkings van navorsers oor hoe hulle interpretasie van die bevindinge deur hulle agtergrond, geslag, kultuur, geskiedenis en sosio-ekonomiese oorsprong gevorm is. Dit kan gedoen word deur inperking of selfrefleksie. Selfrefleksie is doelbewus voor die studie gedoen, waar die navorser besin het oor haar eie agtergrond en waar sy met ander woorde haar eie kronosistiem (soos beskryf in Hoofstuk 2) (Slee, 2002:69) deurdink het. Hierdie oorsig oor die navorser se lewensloop kan help om houdings wat byvoorbeeld die interpretasie van data kan beïnvloed, te identifiseer. Konfigurasie van ervaring uit die navorser se veld wat tot vooropgestelde idees kan lei, kan dus opgespoor en met inperking hanteer word. 'n Kort refleksie oor die navorser se agtergrond, wat juis ten doel het om die fenomenologie van die navorser na vore te bring, word in hierdie hoofstuk ingesluit. Soos vermeld, moes die navorser doelbewus inperking toepas ten opsigte van haar vorige ervaring met Emo-leerders by die betrokke skool, wat 'n groot mate van voorkennis geskep het.
- **Spandeer 'n verlengde tydperk in die veld.** Dit gee die navorser die geleentheid om 'n diepgaande begrip van die verskynsel te ontwikkel tydens die navorsingsproses. Hierdie diepgaande begrip sluit fyner besonderhede van

die omgewing en die mense in, wat bydra tot die geldigheid van die studie. Hoe meer interaksie die navorser met die deelnemers in hulle werklike omgewing het, hoe akkurater en meer geldig sal die bevindinge wees. In hierdie geval het die navorser reeds twee jaar voor aanvang van die navorsing kontak gehad met die leerders. Die negatiewe aspekte van hierdie kontak is reeds uitgelig, byvoorbeeld die gevaar dat die navorser vooropgestelde idees kon ontwikkel het. Die positiewe aspek is dat die navorser nie die deelnemers se veld net vinnig betree het en weer uitbeweeg het nie. Daar was werklik verlengde kontak met die eenheid van analise.

- Maak gebruik van **eksterne kodeerders** om sekere transkriberings van onderhoude deur te gaan. Hulle bied 'n objektiewe assessering deur die verloop van die studie of aan die einde van die studie. Deur gebruik te maak van 'n onafhanklike “navorser” kan verskeie aspekte van die studie nagegaan word (akkuraatheid van die transkripsies, die verhouding tussen die navorsingsvrae en die data) ten einde die algehele geldigheid en vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe studie te verbeter.

Hieronder sal bogenoemde en bykomende aspekte wat tot data-triangulering bygedra het, verder bespreek word.

4.3 STRATEGIEË WAT TYDENS DIE STUDIE GEÏMPLEMENTEER IS

Die strategieë wat tydens die studie gebruik is, word as volg weergegee:

4.3.1 Triangulasie van bronne

Die verskillende perspektiewe van die verskeie bronne het daartoe bygedra om 'n geheelbeeld van die Emo-subkultuur te verkry. Die databronne in die studie is as volg:

- Die deelnemers aan die studie (Hoofstuk 3).
- Kletskamers en webtuistes waar Emo's in interaksie is (Hoofstuk 4).
- Onderhoude met deelnemers (onderwysers/beraders) by vier verskillende skole in die noordelike voorstede van Kaapstad (Hoofstuk 4).

- Eksterne kodeerders (Hoofstuk 4).
- Refleksie deur navorser (Hoofstuk 4).

4.3.1.1 Data-triangulering met behulp van kletskamers/webtuistes

Een van die uitdagings van hierdie navorsing was die min literatuurondersteuning rakende die Emo-subkultuur. Die navorser wil hier motiveer dat dit geregverdig was om minder konvensionele inligtingsbronne te benut vir data-triangulering. Kletskamers en webtuistes kan binne die veld van wetenskaplike navorsing as onbetroubare bronne gesien word weens die sydigheid en subjektiwiteit van die deelnemers in sodanige kuberruimtes. Die doel van hierdie studie is om die persepsies na te gaan van 'n groep adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Hierdie persepsies is in wese ook subjektiewe weergawes binne 'n bepaalde tydraamwerk van hoe deelnemers hulle wêreld beleef deur die lens van die Emo-subkultuur. Dit sluit dus aan by die dialoog in kletskamers, waar meer bekend word oor die wêreld van gesprekvoerders in sodanige ruimtes. Tydens die soektog op die betrokke webtuistes het die navorser op verskillende definisies van Emo's afgekom, sowel as meer besonderhede oor hulle kleredrag en musieksmaak. Die kletskamers, aan die ander kant, was 'n plek waar verskillende persone hulle menings kon gee oor wat hulle van Emo's dink of hoe dit is om Emo te wees.

Wanneer 'n internetsoektog oor Emo's gedoen word, kom daar verskeie webbladsye na vore wat Emo's beskryf. Baie van hierdie webbladsye word geskryf deur mense wat oënskynlik nie van Emo's hou nie. Daar is selfs kletskamers waar Emo's afgekraak word. Dit kan bydra tot vooropgestelde idees by ouers, onderwysers en ander groeperings wat hierdie webbladsye lees en dan negatiewe indrukke van die Emo-subkultuur kan vorm. Die prosedure vir interaksie in 'n kletskamer behels gewoonlik dat 'n potensiële gesprekvoerder 'n profiel opstel en dit beskikbaar maak. Dit kan onder 'n skuilnaam wees en kan 'n foto insluit indien die persoon dit verkies. Dit is dan moontlik om kommentaar te lewer op ander se sienings oor die Emo-subkultuur. Die navorser het na die volgende kletskamers gekyk, waar inligting bekom is oor die Emo-subkultuur se kleredrag en voorkoms, sowel as definisies van die subkultuur:

- www.emochat.org
- www.bebo.com/profile
- www.emoforum.org
- www.emochats.blog.com

Daar is ook verskillende kletskamers vir verskillende vlakke van Emo's:

- Gotiese (goth) Emo-kletskamers ("hard-core" Emo).
- Emo scene-kletskamers (wat van die klerestyl hou).
- Luv Emo-kletskamers (alle Emo's).

Die navorser het die Emo-klerestyl interessant gevind en die webtuiste www.Emocorner.com (2010), wat deur die Emo's voorgestel is, besoek. Wat daar gevind is, strook met inligting oor kleredrag soos vermeld deur deelnemers (Hoofstuk 3). Die navorser het ook foto's van die webtuiste afgelaai om die klerestyl te illustreer. Die Emo-seuns en -meisies se klerestyl word as volg beskryf:

Emo-seuns se kleredrag is as volg:

- Hulle hare is gewoonlik oor die voorkop of hang in hulle oë. Hulle maak ook soms hulle hare reguit. Hare word algemeen swart gekleur, alhoewel kleure soos blou, rooi of pienk ook gebruik word.
- Hulle trek dikwels klere aan wat kleiner is as hulle gewone klere-grootte. Hulle sal byvoorbeeld by die damesafdeling jeans koop. Hulle maak ook soms iets nuuts uit ou klere deur byvoorbeeld 'n ou hemp te skeur of op 'n wit hemp te teken.
- Hulle skiet gaatjies in die gesig of lyf ("piercings") en heg dan verskeie objekte aan, byvoorbeeld ooringe en naeltjieringe.


Die Emo-meisies se klerestyl word as volg beskryf, soos verduidelik op die webtuiste www.Emocorner.com:

- Daar is baie ooreenkomste tussen die Emo-meisies se styl en dié van seuns. Hulle hare is ook soms oor hulle voorkop met die kuif wat in hulle oë hang.

Hulle verkies om hulle hare swart te maak, maar ander kleure word ook gebruik. Hulle dra baie bykomstighede, byvoorbeeld swart leerbande om hulle arms, en belde met “studs”.

- Dit blyk dat hulle ook gaatjies in die gesig of lyf laat skiet (“piercings”), met allerlei objekte wat dan aangeheg word, byvoorbeeld ooringe.
- Grimering is ’n belangrike wyse van uitkenning vir hierdie groep. Hulle oë word dikwels baie donker gegrimmer, met die res van hulle grimering so lig as moontlik. Hulle sal dikwels hulle naels, en selfs hulle lippe, ’n donker kleur maak (swart of blou).
- Hulle kleredrag behels ook die stywe “skinny” jeans. Hul sal heeltemal swart dra, of sal net een helder kleur by hulle swart uitrusting dra. Die Emo-meisies dra ook meermale swart kant by hulle uitrustings. Dit is afkomstig van die gotiese kultuur se kleredrag wat hulle aangeneem het.


Die volgende foto’s is van die webtuiste www.Emocorner.com afgelaai en illustreer die styl van die Emo-seuns en -meisies. Die klerestyl staan bekend as die Emo scene-styl. Dit is wanneer adolessente net die klerestyl van die Emo-subkultuur aanneem, maar nie die lewenstyl nie. Die gekleurde hare, gaatjies in die gesig of lyf (“piercings”) en grimering word geïllustreer:



Dit strook met die volgende aanhaling oor die Emo-subkultuur se voorkoms en kleredrag:

“Emo guys usually have shaggy hair that covers a majority of their forehead and eyes. Much like the girls, they like to dye their hair dark colors. Especially black. When it comes to their clothing, Emo boys usually sport undersized clothing. A lot of them will wear girls’ pants. When it comes to their shirts, they like the vintage look. Much like the girls again, Emo boys like to have facial piercings. Emo girls’ hair is shorter than what most girls have. They like to dye their hair black and cut their bangs uniquely. Jewelry is a big part of their fashion. Body piercings and facial piercings are very common among girls. Girls and boys tend to purchase all their clothing at thrift stores. However, many Emo kids will make their own clothing or mod their own clothes to fit the look they are going after. Girls and boys that are Emo share the same taste when it comes to fashion. Incredibly jet black hair with possible brighter colors such as blue, a maroon-red or a possible pink. These can be highlighted throughout the hair to give more definition and tone to the Emo look. The style of the hair is usually asymmetric. It has a lack of proportion, making it look like a three year old took scissors to your hair, different shapes and length levels. A cheap box of die and some choppy scissors will help you to create your own Emo hairstyle.”
(webtuistes: emocorner, emoforum, emochat <http://www.emo-corner.com/emo-fashion>.)

Soos reeds verneem tydens die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3), word daar gespot met die Emo’s deur hulle portuurgroep en ander mense in hulle leefruimte. Weereens op die webtuiste www.Emocorner.com het die navorser op ’n spotprent afgekom wat ’n aminasierolprentkarakter, Nemo, gebruik om met die Emo-subkultuur te spot:



Die volgende uittreksels is van die webtuistes www.Emocorner.com (emoforum sowel as emochat) verkry. Weereens is daar baie ooreenstemmende aspekte van die webtuistes wat in verband gebring kan word met die bevindinge van die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3). Die navorser het dit goedgevind om die direkte aanhalings van die verskillende webtuistes by te las en uit te lig hoe dit met die empiriese ondersoek se bevindinge strook.

Die volgende aanhaling is 'n definisie van die Emo-subkultuur:

*“When you are referring to someone as being Emo, you usually are stating that they are sensitive, or have an emotional personality. Emo truly is a type of music that started in the eighties and is rapidly moving back in its popularity. It’s a sub-genre of punk music which has grown to be more popular than punk itself. Each and every day more and more Emo bands are coming out. **However, emo most commonly is referred to as a type of fashion.**”* (www.Emocorner.com)

Dit strook met die volgende bevinding vanuit subtema 3.8.1.2, waar die Emo's vermeld dat hulle kleredrag hulle identiteit van uniekheid en rebellering teen die dominante kultuur verteenwoordig. Volgens deelnemer 2 is dit veral die klerestyl wat hom aangetrek het, want dit gee hom 'n unieke sin vir styl. Dit gaan meer vir die Emo's oor die styl en voorkoms van die subkultuur. Dit strook met deelnemer 2 se aanhaling oor die belangrikheid van kleredrag in die Emo-subkultuur:

“My clothes is my sense of identity. Oh ja, and music too.”

“My klere gee my 'n gevoel van my identiteit. O ja, en musiek ook.”

Dit het in subtema 3.8.1.9 na vore gekom dat die deelnemers van selfskending gebruik gemaak het om uiting te gee aan hulle emosies. Alhoewel die selfskending verskil het van deelnemer tot deelnemer, het al vyf deelnemers genoem dat hulle hulp en ondersteuning gesoek het tydens daardie fase in hulle lewe. Dit was ook vir die navorser interessant dat daar op webtuistes (www.Emocorner.com/Emoforum) vir die Emo's ondersteuning aangebied word ten opsigte van selfskending.

Die volgende direkte aanhalings is van twee Emo's wat hulle ervarings en belewenisse binne die subkultuur met ander Emo's op die webtuiste

www.Emocorner.com deel. Die tweede aanhaling gee 'n selfrefleksie van iemand wat selfskending toegepas het en hoe hy spyt is oor wat hy gedoen het. Hy deel dit dus met ander Emo's sodat hulle hulp kan vind voordat dit te laat is. Dit dui op die ondersteuning wat aanhangers van die Emo-subkultuur by mekaar vind:

(Jul 6 2010, 09:32 PM) ☒

“Over the past year or so, I was going through a bad spate of depression, and stressful times at home and other things, so I turned to cutting and other self-mutilation. I am now scarred for life: my arms, legs and stomach area are a mess. Other than the physical problems, I now have internal issues. As I have lost so much blood, my body can't replenish it by itself when and as it needs to, [and] as you can probably see, this causes major problems. I have to go every few weeks to the hospital to have blood transfusions and tests to make sure my body is functioning properly.

I am monitored all the time ... and I get little or no time alone; my mom/someone has to be watching me all the time, and I am not allowed near anything sharp, including butter knives and child-safe scissors. As you can see, this will have a major impact on my life. I am lucky I am not on medication. On Sunday night/Monday morning I was admitted to the hospital as all weekend I had been having really bad dizzy spells, and I later fainted and went into a semi-coma, or out cold as most people know it, waking up early Tuesday morning. I stopped cutting in about May, with the help of my friends and family and boyfriend. Without them I would most likely be dead, because they were the ones that put me in hospital and got me the help I needed. Now, all you self-harmers out there, you may be reading this and thinking maybe I want to die – that's the whole point, but, in the end, you will realise you don't want to die, and I want this to be the wake-up call you need, because until I was at the point of near death, and how I am now, I was the same – I wanna die, my life sucks, etc. You don't want to die; you have a life worth living, so live it. I am so lucky to still be alive, and now, I value my life so much, and you should yours, otherwise you keep going and you'll end up like me, or worse, dead. Stop and think about it.”

Dit strook met die bevindinge van subtema 3.8.1.9 dat die deelnemers hulleself op hulle bobene, polse sowel as hulle maag sal sny. Dit was vir hulle 'n hanteringsmeganisme om hulle emosies te hanteer. Hulle het skuldgevoelens gehad

nadat hulle gesny het, maar het tog verlig gevoel nadat hulle gesny het. Deur die herhaling van hierdie subtema het die navorser bewus geword van die feit dat die gebruik van hierdie hanteringsmeganisme as gevolg van die Emo's se veld plaasvind.

(Jan 14 2009, 01:43 AM) ☒

“If you cut because of shit in your life or whatever – put down your razor and take a look at yourself and reality. Why, yes, cutting can be a release for you, stress wise, and give you a temporary high. But it’s just an idiotic way to deal with things. You can’t go on with your life just cutting yourself because shit gets hard. If you could take grasp of your own life, you could probably find happiness if you TRIED to. Which is so much better than a high. Can’t stop cutting? Throw your shit away, and make a damn stand to yourself. Not ‘I want to quit. But it feels good.’ But ‘I’m a human being, god damnit, and I have value for my own life.’ Because from what I hear, getting over cutting sounds like nothing compared to hard drugs. So quit saying you cannot quit. Because if you give yourself the will power and the respect, you can. Need to find a release? Find something creative and positive rather than self-destructive to do. Music, friends, instruments, art. Things like that. Because people normally cut for the release. If you have nothing really serious you need to release about anymore, why should you cut? Because, being honest here, you may think cutting is all right now. But in 10 or 20 years you’ll probably regret it for most of your life. I’ve gone through with my own self-destructive behaviour as a release, and I DO regret it.”

Dit strook met die bevindinge van subtema 3.8.1.3 dat die Emo's uiting kan gee aan hulle dieperliggende emosies deur gedigte te skryf en na musiek te luister. Hulle maak meer oop in hulle gedigte, omdat hulle voel hulle kan die seer só beter weergee as wat hulle dit verbaal kan kommunikeer. Musiek bied weer vir hulle 'n geleentheid vir die ontlading van emosies. Uit die aanhaling hierbo blyk ook dat selfskending selfdestruktiewe gedrag is. Dit is kommerwekkend dat dit klaarblyklik 'n integrale deel van die Emo-subkultuur vorm, hoewel dit nie by almal voorkom nie en daar verskille in die graad van selfskending is. Meer navorsing hieroor is nodig ten einde die omvang daarvan te bepaal, ook by ander adolessente wat nie noodwendig met die

Emo-subkultuur identifiseer nie, en om toepaslike hulpverleningsprogramme te ontwikkel.

Die inligting wat bekom is deur die betrokke webtuistes en kletskamers te besoek, het baie ooreengestem met die deelnemers se terugvoer tydens die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3), soos vermeld word in bogenoemde aanhalings. Deur van inligting op die verskillende webtuistes en kletskamers gebruik te maak, vorm nie net deel van triangulering nie, maar verhoog ook die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie.

4.3.1.2 Kontak met deelnemers by vier verskillende skole

Deel van triangulasie was om inligting oor die Emo-subkultuur te bekom by die beraders by vier verskillende skole in die noordelike voorstede van Kaapstad. Die navorser het met die vier verskillende skole se beraders semi-gestruktureerde telefoniese onderhoude gevoer waartydens daar drie vrae aan hulle gevra is. Die navorser het die betrokke skole genader omdat dit die grootste hoërskole in die noordelike voorstede is. Die doel met die onderhoude was om vas te stel of die onderskeie deelnemers bewus is van die Emo-subkultuur en wat hulle opinie van hierdie groepering is. Die vier deelnemers by die betrokke skole het almal belangstelling getoon in die studie en gevra dat die navorser die inligting na afloop . van die ondersoek met hulle moet kom deel. Hierdie deelnemers se terugvoer word in tabelvorm weergegee:

Tabel 4.1: Terugvoering van beraders/onderwysers van vier verskillende skole in die noordelike voorstede van Kaapstad

VRAAG 1: Word die term “Emo” ook in julle skool gebruik?

Die deelnemers by skool 1, 2 en 3 is bewus van die Emo-subkultuur en verwys ook na die groep adolessente as Emo's. Die deelnemer by skool 2 verwys ook na hierdie groep leerders as die “cutters”. Die deelnemer by skool 3 verwys ook na die groep as probleemkinders. Die deelnemer by skool 4 ken die term “Emo”, maar praat ook van die “verlore skapies”.

Bespreking van data: Deelnemers by skool 2, 3, en 4 maak gebruik van stereotipering om die subkultuur te beskryf, wat strook met die subtema oor die wanopvatting van die Emo-subkultuur (3.8.1.8). Dit word tydens die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3) deur die deelnemers bevestig, naamlik dat hulle van mening is dat die samelewing 'n wanindruk van die Emo-subkultuur het. Die wanopvatting dat alle Emo's hulleself sny, is byvoorbeeld deur die deelnemers aan die studie uitgewys. Soos reeds vasgestel is tydens die empiriese ondersoek, is daar verskillende vlakke van die Emo-subkultuur, waarby selfskending soms nie aanwesig is nie. Dit word bevestig deur deelnemer 2 en 3:

Deelnemer 2: *“People think we cut ourselves every day. They will say go sit in the corner and cut yourself. We are not depressed all the time.”*

Deelnemer 3: *“We are actually happy people. I go to church and stuff. I am just more in touch with my emotions.”*

Dit blyk verder uit die antwoorde op die eerste vraag dat daar by al vier hierdie skole leerders is wat met die Emo-subkultuur identifiseer en dat die onderwysers bewus is van hierdie subkultuur.

VRAAG 2: Is daar Emo's by julle skool en hoe sal u hulle interaksie met hulle portuurgroep beskryf?

Volgens die deelnemers by skool 1 en 2 is daar in 2010 minder Emo-groepe in die skool as in 2009. Die deelnemers by skool 3 en 4 meld dat daar wel enkele leerders by hulle skool is wat met die Emo-subkultuur identifiseer, maar dit is nie 'n groot kwessie nie. Die deelnemer by skool 1 meld dat die Emo's gewoonlik pouses in klein groepies bymekaarkom of alleen op die skoolterrein rondwaal en nie met ander groepe ("jocks", "poppies") meng nie. Die deelnemers by skool 2, 3 en 4 se mededelings strook met dié van die deelnemer by skool 1, naamlik dat die Emo's klaarblyklik nie graag met ander groeperings ("jocks", "poppies", "nerds") by die skool meng nie.

Bespreking van data: Emo's word deur die deelnemers by die vier skole gesien as 'n groepering van adolessente wat nie graag kontak maak met ander groeperings van hulle portuurgroep nie. Volgens subtema 3.8.1.2 is vriende vir die Emo's belangrik omdat hulle 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van hulle identiteit. Dit is as gevolg van hierdie feit dat vriende en om in 'n groep te behoort, vir die Emo's belangrik is.

Volgens Geldard en Geldard (2004:11-13) en Louw en Louw (2007:330) is dit een van die ontwikkelingtake van adolessente om sosiaal te verkeer met hulle portuurgroep wat hulle die gevoel van behoort laat ervaar. Alhoewel 'n adolessent as 'n individu gesien wil word, is daar tog die behoefte om deel van 'n portuurgroep te wees om sy/haar identiteit te bevestig. Die lede van die Emo-subkultuur vind klaarblyklik aanklank by mekaar onder meer omdat hulle traumatiese ervarings gehad het wat hulle ook met mekaar bespreek. Hulle bied emosionele ondersteuning en begrip vir mekaar. Dit strook met wat die deelnemers van skool 3 en 4 genoem het oor die interaksie met hulle portuurgroep. Deelnemer 1 van die studie het tydens sy onderhoud vermeld dat hy nie van "jocks" hou nie, wat strook met die deelnemers in skool 1, 2, 3 en 4 se terugvoer oor die Emo's se interaksie met ander groeperings by hierdie skole. Die Emo's verkeer dus sosiaal met sommige lede van hulle portuurgroep en vriende speel 'n belangrike rol in hulle lewe. Hulle vind dus aanklank by persone wat deur dieselfde ervarings as hulle gegaan het omdat hulle hulle kan vereenselwig met daardie persone se gevoelens en emosies. Deelnemer 3 se terugvoer oor die belangrikheid van vriende in sy lewe is hier relevant: *"I will rather tell my friends my problems, before I tell my parents. My friends understand and don't judge me."* *"Ek sal eerder my vriende van my probleme vertel voordat ek my ouers vertel. My vriende verstaan en veroordeel my nie."*

VRAAG 3: Wat is u persepsie van die Emo-subkultuur?

Die deelnemer by skool 1 se persepsie van die Emo's is dat hulle 'n groep leerders is wat 'n sekere klerestyl en voorkoms het wat soms verskil van dié van hulle portuurgroep. Die deelnemer van skool 1 is van mening dat hierdie leerders sukkel om uiting te gee aan hulle emosies. Die deelnemer by skool 2 se persepsie van die Emo-subkultuur is dat dit leerders is wat bedruk en beswaard voorkom. Hierdie deelnemer is van mening dat die groepering van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, dit soms moeilik vind om hulle emosies weer te gee asook om hulle emosies te hanteer. Die deelnemers van skool 2, 3 en 4 is van mening dat die Emo's by hulle skool se huislike omstandighede 'n bekommernis is en dat hulle moontlik traumatiese ervarings beleef het. Die deelnemer by skool 2 meen dat dit 'n rol speel in die manier waarop hulle uiting gee aan hulle emosies. Hierdie deelnemer noem ook dat selfskending aanwesig is by die Emo's met wie sy in kontak is by skool 2. Die navorser het opgelet dat drie deelnemers (skool 1, 2 en 3) uit die vier skole genoem het dat selfskending voorkom by die Emo's met wie hulle in kontak is by hulle skool. Dit is in lyn met die bevindinge van subtema 3.8.1.9, waar al vyf die deelnemers op een of ander stadium selfskending toegepas het of nog steeds toepas om uiting te gee aan hulle emosies. Dit is ook in lyn met inhoud wat van webtuistes verkry is waar selfskending prominent is.

Die deelnemers by skool 3 en 4 se persepsies van die Emo-subkultuur is dat dit 'n groep adolessente is wat 'n ervaring/emosie in gemeen het. Volgens die deelnemers het die Emo-subkultuur ook 'n sekere klerestyl en maak hulle gebruik van kreatiewe maniere om uiting te gee aan hulle emosies, byvoorbeeld deur gedigte of musiek te skryf. Dit strook met die navorser se bevinding onder subtema 3.8.1.3 (Hoofstuk 3) dat musiek, gedigte of soms selfskending maniere is waarop die deelnemers uiting gee aan hulle emosies.

Bespreking van data: Dit was vir die navorser opvallend hoe die deelnemers by die vier skole se persepsies van die Emo-subkultuur ooreenstem. Die doel met triangulasie was om die verskillende persepsies van die bronne in verband te bring met die empiriese ondersoek (Hoofstuk 3) sodat die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie verhoog kan word. Daar is 'n groot mate van ooreenstemming in inligting soos verkry vanaf Emo-deelnemers, webtuistes en die deelnemers by die vier skole.

Die volgende tabel 4.2 verskaf bykomende inligting wat verkry is tydens die onderhoude met die deelnemers by die vier verskillende skole:

Tabel 4.2: Bykomende inligting verkry vanaf deelnemers van by die vier skole in die noordelike voorstede.

BYKOMENDE INLIGTING
<p>Volgens die deelnemer by skool 4 is Emo's leerders wat soms net aandag soek. Die deelnemer by skool 2 beskryf die Emo-subkultuur as die leerders wat depressief voorkom, soms hulleself sny en nie graag oor hulle probleme praat nie. Dit strook met subtema 3.8.1.8, wat oor wanopvatings van die Emo-subkultuur gaan.</p>
<p>Die Emo's se voorkoms word volgens die deelnemers by skool 3 en 4 beskryf as kuif in die oë, swart klere en swart naels. Hulle voorkoms verskil van dié van hulle portuurgroep. Dit word gestaaf deur bogenoemde aanhalings en uittreksels vanaf die onderskeie Emo-webtuistes oor hulle voorkoms en kleredrag.</p>
<p>Al die deelnemers by die vier skole het bevestig dat daar wel ander groeperings van leerders by hulle skole voorkom soos "jocks", "barbies/plastics/poppies" en "nerds".</p>

Die bevindinge van die empiriese ondersoek kon in verband gebring word met inligting wat van ander databronne bekom is en dit vorm dus die onderbou vir data-triangulasie in hierdie studie. Die inligting wat vanuit die bronne bekom is, het gestrook met die temas en subtemas van die empiriese ondersoek, wat dus die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie verhoog het. Die volgende strategieë wat genoem en bespreek gaan word, het ook bygedra tot die studie se geldigheid en vertrouenswaardigheid.

4.3.1.3 Vooropgestelde idees van die navorser met uitklaring deur inperking en selfrefleksie

Die navorser het vir die afgelope twee jaar in die deelnemers se omgewing gewerk as onderwyser en later as berader. Die navorser het dus reeds vooropgestelde idees gehad weens haar interaksie met die Emo's. Deur van inperking gebruik te maak (Lemon &

Taylor, 1997:230), kon die navorser haar vooropgestelde idees en sienings bewustelik tersyde stel tydens onderhoudvoering met die deelnemers en ook tydens data-analise. Die navorser het gesprekke met haar studieleier benut om bewus te raak van moontlike aannames en vooropgestelde idees. Die studieleier het ook die teks van die navorsingsverslag voortdurend nagegaan ten einde moontlike aannames raak te sien en dit met die navorser te bespreek.

Die navorser het voor die empiriese ondersoek 'n selfrefleksie geskryf om 'n eerlike vertelling te gee oor hoe die interpretasie van bevindinge gevorm is deur haar agtergrond, geslag, kultuur, geskiedenis en sosio-ekonomiese oorsprong. Hierdie bewustheid van eie fenomenologie kan bydra tot die identifisering van aannames en vooropgestelde idees wat veral met data-analise 'n rol kan speel. Die data-kontrole met betrekking tot kletskamers en met deelnemers by ander skole, asook die eksterne kodeerders, het gehelp om die navorser se tema-analise te ondersteun en kontaminering uit die navorser se veld te beperk. Selfrefleksie kan bydra tot die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie en dus word die navorser se selfrefleksie hier ingevoeg.

4.3.1.3.1 Selfrefleksie

Ek is in Ladysmith (Natal) gebore, maar het in die Overberg grootgeword. Om in die platteland groot te word, gee mens 'n ander uitkyk op die lewe, omdat ons afgesonder is van die stadsewe. Ons is meer bekommerd oor die koring of graanpryse as die nuutste modes. Na my hoërskoolloopbaan is ek na die Universiteit Stellenbosch, waar ek vir die kursus BEdPsig (Opvoedkundige Sielkunde) ingeskryf het. Ek het nie eintlik geweet wat ek wou studeer nie en het vir die eerste jaar die klas bygewoon net om te kan sê ek studeer op Stellenbosch. Deur die loop van my prakties het ek met verskillende etniese groepe, mense van verskillende sosio-ekonomiese agtergronde sowel as mense met verskillende kognitiewe vermoëns gewerk. Ek het bewus geword daarvan dat verskillende groeperings van mense sekere gewoontes en maniere het waarop hulle kontak maak met hulle veld. Dit was vir my baie interessant, en tydens my voorgraadse studie het ek 'n punt daarvan gemaak om verskillende groeperings waar te neem. Na my voorgraadse studies het ek die behoefte gehad om verder te studeer en het ingeskryf vir die MDIAC-graad in Speltherapie. Ons het speltherapie as

'n tipe terapie behandel in my voorgraadse studie en ek het dadelik aanklank gevind by hierdie tipe terapie met kinders sowel as volwassenes. Terwyl ek aan my studies gewerk het, het ek met kinders met spesiale behoeftes gewerk. Dit was 'n baie uitputtende werk, maar aan die einde van die dag baie belonend. Om elke dag nuwe maniere van stimulasie te vind en dan aan die einde van die week vordering te sien, was die beste gevoel ooit.

Later ek het by 'n hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad aansoek gedoen as 'n lewensoriëntering-onderwyseres. My belangstelling om verskillende groeperings waar te neem, is weereens aangewakker deur my interaksie met verskillende groeperings van leerders. Ek het 'n spesifieke groep leerders baie interessant gevind. Hulle het anders opgetree in klasverband en ander maniere gebruik om uiting te gee aan hulle Emo'sies. Hierdie groepering van leerders is ook anders behandel deur hulle portuurgroep en is soms in die personeelkamer as "probleemkinders" geëtiketteer. Ná twee jaar se waarneming van en interaksie met hierdie groep leerders het die behoefte by my ontstaan om 'n diepgaande begrip te ontwikkel van die adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Ek wou vasstel wat hulle belewenisse in hierdie groep is, wat hulle verskillende maniere is om uiting te gee aan hulle emosies, asook hoekom hulle as "probleemkinders" gesien word deur onderwysers en ouers. Is hulle werklik "probleemkinders" of is daar 'n dieperliggende verduideliking vir hulle aksies?

Die navorser se bewustheid van haar eie fenomenologie het bygedra tot die identifisering van aannames en vooropgestelde idees ten opsigte van die studie. Die navorser se doel was om 'n eerlike vertelling van die navorsing te gee deur die loop van die studie. Dit was dus vir die navorser belangrik om 'n hele hoofstuk toe te wy aan geldigheid en vertrouenswaardigheid sodat haar opregtheid en eerlikheid tydens die skryf van die navorsingverslag deur die implementering van bepaalde strategieë verhelder kon word.

4.3.1.4 Spandeer 'n verlengde tydperk in die omgewing van die deelnemers

Soos reeds genoem, het die navorser oor die afgelope twee jaar interaksie gehad in die skool- en huislike omgewing van adolessente wat met die Emo-subkultuur

identifiseer. Deur hierdie interaksie kon die navorser reeds 'n begrip ontwikkel rakende die dinamika binne die Emo-subkultuur. Die eenheid van analise was dus nie vir die navorser onbekend nie en hoewel dit inperking van voorafkennis genoodsaak het, was dit ook voordelig, aangesien die navorser ná die identifisering van temas kon reflekteer oor die raakvlakke van hierdie temas met haar eie voorafkennis van die teikengroep. Die adolessente wat deel was van die studie was gemaklik tydens die empiriese ondersoek, omdat hulle kennis gedra het van die navorser sowel as die studie.

4.3.1.5 Eksterne kodeerders

Volgens Creswell (2009:191) is 'n eksterne kodeerder nie bekend met die navorser of die studie nie. As gevolg daarvan kan hulle 'n objektiewe assessering deur die verloop van die studie of aan die einde van die studie maak. Vir die doeleindes van hierdie studie het die eksterne kodeerders egter goeie kennis gehad van die eenheid van analise, aangesien hulle ook by die betrokke skool werksaam was. Daar is egter geoordeel dat hulle rol nie die studie sou kontamineer nie, omdat hulle nie die deelnemers se identifiserende inligting sou ontvang nie en dus nie bekend sou wees met die leerders wat by die studie betrokke was nie. Hulle het ook gebruik gemaak van inperking sodat hulle deur die betrokke onderhoud kon werk om temas te identifiseer.

Soos reeds genoem is, is een getranskribeerde onderhoud aan die twee kodeerders gegee, omdat dit nie vir hulle prakties moontlik was om deur al die onderhoude te werk nie. Die kodeerders het dan deur die getranskribeerde onderhoud gewerk (met behulp van kleurcodes) om temas te identifiseer. Die kodeerders se temas en dié wat tydens die empiriese ondersoek na vore gekom het, is dan vergelyk sodat die bevindinge se akkuraatheid verbeter sou word. Hierdie prosedure verbeter die algehele geldigheid van die kwalitatiewe studie (Creswell, 2007:208). Die kodeerders se analise van temas toon ooreenstemming met die temas wat deur die navorser geïdentifiseer is.

4.3.1.6 Vertrouenswaardigheid van die studie

Soos reeds vermeld, was die navorser bewus daarvan dat die studie binne die kwalitatiewe raamwerk as subjektief waargeneem kon word en is daar van die bovermelde strategieë gebruik gemaak om geldigheid en vertrouenswaardigheid te verseker. Daar word ook na die volgende vier alternatiewe verwys, wat die akkuraatheid van die kwalitatiewe paradigma reflekteer (Lincoln & Guba in De Vos, 2005:346-347):

- **Geldigheid:** Kwalitatiewe navorsing se sterk punt is dat dit daarop gemik is om 'n probleem of sosiale groep te verken of 'n patroon van interaksie te observeer om die geldigheid van die studie te verhoog. Die primêre doelstelling van kwalitatiewe navorsing is om die betekenis wat mense aan 'n probleem of verskynsel heg, te begryp (Creswell, 2009:173-176). Die doel is om die ondersoek op so 'n manier uit te voer dat die eenheid van analise akkuraat beskryf en geïdentifiseer kan word. Dit is van toepassing op die studie omdat die navorser die Emo-subkultuur verken en geëksploreer het om 'n beter begrip van die subkultuur te ontwikkel deur die implementering van verskeie geldige en betroubare strategieë.
- **Oordraagbaarheid:** Dit is die demonstrasie van die toepasbaarheid van een studie se teoretiese raamwerk binne 'n ander konteks. Oordraagbaarheid hang meer af van die navorser wat die oorplasing wil doen as die oorspronklike navorser van die studie. In kwalitatiewe navorsing is oordraagbaarheid na ander velde 'n moeilike taak. Oordraagbaarheid en veralgemening na ander groeperings/populasies word gesien as 'n swak punt van kwalitatiewe navorsing. Dit is egter ook nie die mikpunt van kwalitatiewe navorsing om te veralgemeen nie. Die doel is juis om geleidelik meer diepgaande inligting oor die eenheid van analise te bekom en te beskryf sodat ander navorsing daaruit kan voortspruit.
- **Vertrouenswaardigheid:** Met kwantitatiewe navorsing word gestreef na betroubaarheid (“reliability”) waar metings op so 'n wyse geneem word dat dit herhaalbaar is. Aangesien kwalitatiewe navorsing, soos in hierdie studie, te

doen het met die perspektiewe van 'n gegewe groep deelnemers op 'n gegewe tyd, sal die studie nie presies gedupliseer kan word nie. Dit word ook so aanvaar binne die fenomenologiese raamwerk van hierdie tipe kwalitatiewe gevallestudies. Die navorser het wel verskeie strategieë gevolg om vertrouenswaardigheid (“dependability”) te verseker, soos in hierdie hoofstuk beskryf is.

- **Bevestiging (“confirmability”)**: Die vraag word gestel of die bevindinge van die studie deur ander bevestig kan word. Deur dit te doen, word die fokus geplaas op die data, wat 'n toepaslike kwalitatiewe kriterium is. Dit is van toepassing op die navorsing omdat die navorser gebruik gemaak het van eksterne kodeerders om die bevindinge van die empiriese ondersoek te bevestig. Daar is ook gebruik gemaak van onderhoude met deelnemers by verskillende skole in die noordelike voorstede, wat as triangulasie gedien het om sekere bevindinge te beaam of te weerlê.

Die navorser kan dus met eerlikheid en opregtheid vermeld dat al die nodige geldige en betroubare strategieë geïmplementeer is wat daarop gerig is om geldige en wetenskaplike navorsing binne die kwalitatiewe, fenomenologiese navorsingsontwerp te verseker. Dit was vir die navorser belangrik om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog, omdat die Emo-subkultuur nie vir almal 'n bekende konsep is nie. Die navorser is van mening dat hierdie doelwit met hierdie hoofstuk bereik is.

4.3.1.7 Literatuurkontrolle rakende subkultuur teenoor kontrakultuur

Ná die aanvanklike literatuurondersoek rondom die verskynsels “subkultuur” en “kontrakultuur” was die navorser eers oortuig dat die Emo's aanklank vind by die kontrakultuur as gevolg van die feit dat hulle teen die dominante kultuur se waardes en beginsels rebelleer deur protes aan te teken, asook deur hulle voorkoms en klerdrag (Jordan & Pile, 2002:362-365). Nadat die empiriese ondersoek voltooi is en die navorser weer die verskillende beskrywings (Hoofstuk 2) en die inligting wat bekom is vanuit die verskillende bronne in Hoofstuk 4 nagegaan het, is die navorser van mening dat hulle meer aanklank vind by die kriteria wat subkulture kenmerk.

Alhoewel lede van subkulture net soos die kontrakultuur teen die dominante kultuur se waardes en beginsels rebelleer, kan hulle, anders as die kontrakultuur, nog binne die dominante kultuur funksioneer (Issitt, 2009:32-35). Ooreenstemmende belangstellings en ervarings is een van die beskrywings van 'n subkultuur, asook die feit dat hulle kleredrag en voorkoms anders voorkom as dié van die dominante kultuur. Die kontrakultuur en subkultuur het baie eienskappe in gemeen, wat dit soms moeilik maak om 'n groepering van persone binne 'n spesifieke kultuur te plaas. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die Emo-groep egter as 'n subkultuur beskou.

4.4 SAMEVATTING

Kwalitatiewe studie sluit subjektiewe komponente in wat nie tydens die navorsingsproses vermy kan word nie (Delpont & Fouché, 2005:351). Weens die subjektiewe aard van kwalitatiewe navorsing en die navorser se voorafkennis van die eenheid van analise was dit nodig om sekere strategieë te implementeer ten einde enige moontlike subjektiewe komponente doelbewus te bestuur. Met die hulp van die verskillende strategieë vir triangulering kon die navorser nie net die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie verbeter nie, maar ook die akkuraatheid van die bevindinge bevestig. Die aanbevelings en bevindinge wat vanuit Hoofstuk 3 en 4 bekom is, word in Hoofstuk 5 weergegee.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die doelstelling van die studie was om die belewenisse van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, deur middel van 'n gevallestudie te verken en te eksploreer. Die rigtinggewende paradigma was om twee redes 'n Gestaltperspektief. Eerstens is die navorser opgelei in Gestaltpeltherapie en is die Gestaltperspektief ingebed in die navorser se lewensuitkyk en benadering tot die praktyk. Payne (2005:5) beskryf 'n perspektief as rigtinggewend in terme van die organisering van gebeure vanuit 'n bepaalde uitgangspunt. Tweedens was dit duidelik dat die deelnemers nie in isolasie gesien kon word nie, maar dat die wisselwerking met rolspelers in die veld die ware dinamika in die leefwêreld van deelnemers sou openbaar. Dit is nie moontlik om deelnemers se sogenaamde "lived experience" (Heppner & Heppner, 2004:137; 171) sonder inagneming van die breë konteks te bestudeer nie. Die Gestaltperspektief en veral veldteorie, wat as een van die pilare van Gestalt beskou word, was dus hier besonder relevant, veral met inagneming van Clarkson en Mackewn (2006:42) se verduideliking dat die veld "... all the coexisting, mutually interdependent factors of a person and his environment" insluit.

Hoewel die Gestaltperspektief en veral veldteorie in hierdie studie dus rigtinggewend was, was dit deurgaans opvallend hoe ander perspektiewe, byvoorbeeld Bronfenbrenner se ekologiese sisteemteorie (in Salkind, 2004:35-38), raakpunte het met Gestalt. Die navorser het onder die indruk gekom van die impak van die konfigurasie van ervaring, wat neerslag vind in die ontwikkeling van die verskillende selwe wat uiteindelik die unieke samestelling van elke individu vorm. In hierdie hoofstuk word die resultate van die navorsing onder meer gemeet aan die doelstelling en doelwitte wat gestel is.

5.2 SAMEVATTING VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE

Die hoofstukke van die navorsingsverslag word opsommend weergegee sodat 'n geheelbeeld van die navorsingsproses verkry kan word.

Hoofstuk 1

Hoofstuk 1 bevat die beplanning van hoe die navorsing sou geskied. Die navorsingsonderwerp van die studie is gemotiveer deur die navorser se interaksie met adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Die navorsingsvraag is gerig op die belewenisse van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer.

Daar is gebruik gemaak van fenomenologiese navorsing sowel as 'n instrumentele gevallestudie, wat behels om die ervarings van 'n klein groepie deelnemers deeglik te verken en te eksploreer. Data-insameling is gedoen deur drie ongestruktureerde onderhoude met elk van die vyf deelnemers te voer, waarna geoordeel is dat saturasie van data bereik is namate temas herhaal is in gesprekke met die verskillende deelnemers. Data-triangulering het heelwat aandag geniet, soos in Hoofstuk 1 en 4 beskryf is.

'n Literatuuroorsig fokus tipies op onderwerpverwante bronne en navorsingsliteratuur. Ten einde die aanvanklike navorsingsvoorstel te skryf, is 'n literatuursoektog gedoen wat op die onderwerp gerig was, maar die navorser het ook vertrouwd geraak met toepaslike bronne wat op navorsingsliteratuur fokus. In die eerste hoofstuk van hierdie verslag was navorsingsbronne soos Maree (2007), De Vos, Strydom, Fouché en Delpont (2005) en Mouton (2001) van groot waarde. Die navorser het onder die indruk gekom dat daar waardevolle Suid-Afrikaanse navorsingsliteratuur beskikbaar is wat in hierdie studie waarde toegevoeg het tot die navorser se kritiese denke en die uitvoering van die navorsingsproses.

Hoofstuk 2

Hoofstuk 2 vorm die teoretiese onderbou van die navorsingverslag en dien as die fondament waarop die navorsing gebou is. Die teorie in Hoofstuk 2 sluit relevante aspekte in rakende die adolessente ontwikkelingsfase (Conger, 1973:8; Geldard & Geldard, 2004:3; Louw & Louw, 2007:278), Gestaltterapieteorie (Woldt & Toman, 2005:5; Blom, 2006:21; Clarkson & Mackewn, 2006:1-31), ekologiese teorie (Lerner, 2001:238; Slee, 2002:69;), Baylis (2005:241-272) se Verhouding met Realiteit-teorie, asook die definisies van 'n sub- en kontrakultuur. Laasgenoemde was daarop gerig om

teoretiese agtergrond te verskaf wat saam met die deelnemers se mededelings uiteindelik kon help om te bepaal of die Emo-groepering 'n sub- of kontrakultuur is.

Hoofstuk 3

Hoofstuk 3 bevat die beskrywing van die empiriese ondersoek, waaronder die vyf deelnemers se profiele asook een volledige onderhoud met 'n deelnemer. Creswell (2009:180) se stappe van data-analise is gebruik om die data wat tydens die navorsing ingesamel is, te analiseer en te verwerk met die oog op die identifisering van temas en patrone. Hierdie temas is dan met literatuur in verband gebring. Soos tipies in gevallestudies gebeur, was deelnemers se woorde van belang en is direkte aanhalings uit die onderhoude benut waar toepaslik.

Hoofstuk 4

In Hoofstuk 4 word data-triangulasie bespreek, sowel as die wyses waarop dit van belang is vir hierdie studie. Dit fokus op die verskillende vorme van data-triangulasie wat tydens die navorsing gebruik is (eksterne kodeerders, deelnemers by vier ander skole, kletskamers, selfrefleksie deur die navorser). Data-triangulasie verhoog die vertrouenswaardigheid en geldigheid van die studie. Data-triangulasie was in hierdie studie van besondere belang in die lig van die min literatuurondersteuning oor die eenheid van analise.

Hoofstuk 5

Hoofstuk 5 verskaf die samevatting van die navorsingsverslag, en die aanbevelings en gevolgtrekkings word ook hier weergegee.

5.3 NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWITTE

Die doelstelling en doelwitte vir hierdie studie word weer verskaf, aangesien dit nodig is om tot 'n gevolgtrekking te kom oor die bereiking van die doelstelling en doelwitte al dan nie. Evaluering van die doelwitte verseker ook die vertrouenswaardigheid en geldigheid van die studie (Creswell, 2009:190).

Die doelstelling vir hierdie studie is 'n ondersoek na die belewenisse van adolessente wat in 'n hoërskool in die noordelike voorstede van Kaapstad wat met die Emo-subkultuur identifiseer.

Die doelwitte is die stappe wat geneem word om die doelstelling te bereik (Fouché & De Vos, 2005:104). Vir hierdie studie was die navorsingsdoelwitte as volg:

- Om die Gestaltbenadering (en veral veldteorie) en ekologiese teorie as teoretiese uitgangspunte in verband te bring met die betrokke studie.
- Om teorieë oor subkultuur, kontrakultuur en menslike ontwikkeling as teoretiese raamwerk te gebruik ter voorbereiding vir die empiriese ondersoek.
- Om 'n empiriese studie te loods waar data ingesamel word deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering met adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer en 'n kreatiewe projeksie-tegniek te benut.
- Om gebruik te maak van verskeie strategieë om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog. Daar is gebruik gemaak van triangulering, wat insluit eksterne kodeerders, deelnemers (onderwysers/beraders) by vier verskillende skole in die noordelike voorstede, en die nagaan van inhoud oor die Emo-subkultuur op webtuistes en kletskamers.
- Om die data te ontleed en 'n navorsingsverslag te skryf waarin die bevindings en aanbevelings vervat word.

Die doelwitte word vervolgens bespreek:

5.3.1 Om die Gestaltbenadering (veral veldteorie) en ekologiese teorie as teoretiese uitgangspunte in verband te bring met die betrokke studie

Hoewel die gevallestudie-ontwerp merendeels voorafgegaan word deur grondige kennis van toepaslike literatuur (Babbie in Fouché, 2005:272) was dit in hierdie geval

gou duidelik dat daar nie vakkundige werk gevind kon word wat direk oor die Emo-groepering handel nie. Dit was dus nodig om kreatief te werk te gaan om die eerste twee doelstellings te bereik. Toepaslike literatuur oor ander aspekte as Emo is as breë raamwerk benut. Hierdie literatuur het gehelp om die eenheid van analise beter te verstaan deurdat inligting oor adolessensie, Gestaltveldteorie, ekologiese sisteemteorie, subkulture en kontrakulture bekom is. Die Gestaltbenadering het die navorser gehelp om die deelnemers se belewenisse en interaksie binne die subkultuur beter te verstaan. Die verskillende Gestaltkonsepte is verder in verband gebring met die empiriese ondersoek met die bespreking van die verskillende temas en subtemas. Volgens subtema 3.8.1.1 het die deelnemers oor die algemeen aangedui dat hulle sukkel om hulle emosies te kommunikeer en soms van gedigte en musiek gebruik maak om uiting te gee aan hulle emosies. Hulle voel gemakliker om hierdie kommunikasietegnieke te gebruik omdat hulle sonder enige risiko van vooroordeel uiting kan gee aan dieperliggende emosies. Wanneer hierdie aspek wat uit die onderhoude na vore gekom het, in verband gebring word met Gestaltteorie, blyk dit dat dit 'n poging tot selfregulering kan wees om weer balans te vind (Mackewn, 1997:19; Blom, 2006:23).

Die subtema wat oor musiek gegaan het (3.8.1.3) verduidelik hoe deelnemers van verskillende maniere gebruik maak om hulle emosies te hanteer, byvoorbeeld deur na musiek te luister. Daar is reeds vasgestel deur die onderhoude met die deelnemers dat sekere emosies van ervarings herroep kan word deur na 'n sekere tipe musiek te luister (subtema 3.8.1.3). Selfregulering word ook bevorder wanneer deelnemers na musiek luister en só uiting gee aan hierdie emosies. Oaklander (2007:12) verwys na selfregulering as die manier om behoeftes te bevredig wat op die persoon se voorgrond is sodat die persoon weer balans in sy/haar lewe sal vind. Musiek, gedigte of soms selfskending is maniere waarop die deelnemers selfreguleer deur 'n kreatiewe aanpassing te maak ten opsigte van hulle omstandighede sodat hulle deur die pyn/hartseer/woede kan werk.

By subtema 3.8.1.4 het deelnemer 2 vermeld dat sy aan die begin net die Emo-groep se sienswyse en opinies aangeneem het sonder om dit te bevraagteken. Sy was ook eers betrokke by verkeerde vriende (Emo- en nie-Emo-vriende) en het soms selfskending gebruik omdat haar vriende dit gedoen het. Dit is 'n vorm van 'n kontakgrensversteuring, omdat die deelnemer op 'n ongesonde manier kontak gemaak

het met haar omgewing. Daar word na hierdie kontakgrensversteuring verwys as introjeksie. Introjeksie beteken om ander se sienswyses en opinies te aanvaar sonder om dit te bevraagteken (Yontef & Jacobs, 2000:115; Joyce & Sills, 2001:125).

Tema 4 het na die verskillende komponente van die deelnemers se veld gekyk. Dit is in verband gebring met Bronfenbrenner se ekologiese teorie. Bronfenbrenner bestudeer die ontwikkeling van die persoon in terme van sy/haar omgewing (Scileppi *et al.*, 1999:45). Die persoon se interaksie word dus in verskillende sisteme (mikrosisteem, mesosisteem, eksosisteem en makrosisteem) waargeneem om vas te stel met wie die persoon in aanraking kom (Slee, 2002:69). Die navorser het gevind dat die deelnemers as 'n geheel waargeneem kon word deur hierdie teorie te gebruik, omdat hulle ontwikkelingsfase sowel as hulle omgewing in gedagte gehou word. Tesame met die ekologiese teorie is daar gebruik gemaak van die veldteorie, wat geen ervaring afsonder of uitlaat nie, omdat alle dele van die veld in kontak is met mekaar en dus die hele veld beïnvloed (Yontef, 1993:295-297). Dit strook met Wheeler (2002:50) se siening dat die funksionaliteit van die persoon in sy/haar totaliteit waargeneem moet word, insluitend sy/haar innerlike self sowel as die eksterne, onbeheerbare faktore. Weens die feit dat daar min literatuurondersteuning oor die subkultuur is, het die navorser die deelnemers se veld, ontwikkelingsfase sowel as die ekologiese perspektief verken en geëksploreer, soos hierbo vermeld word, om 'n diepgaande begrip te ontwikkel.

Volgens die navorser se oordeel is hierdie doelwit bereik deurdat die Gestaltbenadering en veral die veldteorie met die empiriese bevindinge in verband gebring kon word.

5.3.2 Om teorieë oor subkultuur, kontrakultuur en menslike ontwikkeling as teoretiese onderbou te beskryf

Soos reeds vermeld in die studie is, was daar min literatuur oor die Emo-groepering beskikbaar. Dit was egter duidelik dat hierdie groep ietwat gemarginaliseer word en vanweë hulle voorkoms (insluitend hulle kleredrag, grimering en haarstyl) en voorkeur vir bepaalde musiek waarskynlik as 'n sub- of kontrakultuur gesien sou kon word. Hierdie aanvanklike vermoede is deur die literatuurstudie bevestig, maar dit

was nie maklik om te bepaal of die groepering as 'n kontrakultuur of subkultuur gesien sou kon word nie.

Soos bespreek in Hoofstuk 2, is die kenmerke van subkulture en kontrakulture bestudeer, waaruit geblyk het dat daar heelwat ooreenstemmende eienskappe en verskillende menings oor hierdie groeperings is. So word die hippie-beweging deur sommige outeurs as 'n kontrakultuur gesien (Brym & Lie, 2007:90) en deur ander as 'n subkultuur (Falk & Falk, 2005:192-195). Die navorser se gevolgtrekking is dat die Emo-groepering meer kenmerke toon van wat tipies aan 'n subkultuur is, en vir die doeleindes van die studie word die Emo-groepering dus as 'n subkultuur gesien. Dit word gesteun deur die literatuuroorsig sowel as die empiriese ondersoek van die studie.

Aangesien hierdie 'n studie van beperkte omvang is, en dit ook nodig is om literatuur gefokus te benut soos wat dit met die onderwerp verband hou, het die navorser kennis geneem van die omvang van literatuur oor die adolessente ontwikkelingsfase, maar dit was nie moontlik om te veel aspekte hiervan in die navorsingsverslag te bespreek nie. Daar word ook kennis geneem van die verskillende sieninge, waar sommige, byvoorbeeld Erikson (1951:234-236), fasegerigte ontwikkeling beskryf en ander, byvoorbeeld Bronfenbrenner (Lerner, 2001:238-239), die persoon se ontwikkeling bepaal deur individuele eienskappe in wisselwerking met die omgewing waar te neem. Wheeler (2002: 51-52) het ook gelet op die wydverspreide teorie wat rondom ouderdomspesifieke ontwikkeling bestaan.

Literatuur oor adolessente ontwikkeling en ook oor teorieë rakende subkultuur en kontrakultuur het die navorser gehelp om 'n geheelbeeld van die Emo-subkultuur te verkry. Die navorser kon dus vasstel dat die Emo's meer aanklank vind by 'n subkultuur as 'n kontrakultuur en die menslike ontwikkelingsteorieë het die belewenisse van die Emo's binne hulle subkultuur verhelder, soos uitgelig word in Hoofstuk 3, subtema 3.81.1-3.8.1.6. Die navorser het ook meer aanklank gevind by Wheeler (2002) se ontwikkelingsmodel, wat fokus op die persoon se ontwikkeling in terme van sy/haar funksionaliteit in totaliteit, aangedrewe vanuit die innerlike self, maar ook beïnvloedbaar deur die eksterne, onbeheerbare faktore. Dit is van toepassing op die teikengroep, omdat die deelnemers se belewenisse tydens die empiriese

ondersoek individueel ondersoek is, waar die navorser op elke deelnemer se funksionaliteit in totaliteit gefokus het.

Hierdie tweede doelwit is ook bereik en daar is gevind dat teorie oor adolessente ontwikkeling, subkulture en kontra-kulture 'n raamwerk kon bied waarbinne die deelnemers se perspektiewe verstaan kon word. Dit was ook duidelik dat die deelnemers se funksionering nie net aan hulle identifisering met die Emo-subkultuur toegeskryf kon word nie, maar ook aan die algemene ontwikkelingstake tipies tot die adolessente lewensfase.

5.3.3 Om 'n empiriese studie te loods waar data ingesamel word deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering en 'n kreatiewe projeksie-tegniek

Die empiriese studie, waarvan die bevindinge in Hoofstuk 3 bespreek word, was vir die navorser besonder interessant. Die kontak met die vyf deelnemers het heelwat inligting na vore gebring. Verdere gevolgtrekkings in hierdie verband word later in hierdie hoofstuk bespreek.

5.3.4 Om gebruik te maak van verskeie strategieë om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog (triangulering: eksterne kodeerders, deelnemers van vier verskillende skole in die noordelike voorstede, en die nagaan van inhoud oor die Emo-subkultuur op webtuistes en kletskamers)

Uiteindelik moes die navorser minder tradisionele databronne (internetkletskamers) nagaan vir data-triangulering oor die Emo-subkultuur. Navorsingsliteratuur verwys na die benutting van die internet as bron van data-insameling (Mouton, 2001:35-39; Heppner & Heppner, 2004:58-60; Welman *et al.*, 2005:42-43). Vir die bereiking van die doel van hierdie navorsing was dit nodig om wyer te soek as gewone soekenjins en webtuistes wat op vakkundige literatuur gerig is. Ná afhandeling van die empiriese ondersoek is daar doelbewus inligting gesoek by kletskamers waar persone wat met Emo identifiseer, in interaksie verkeer. Dit was gerig op data-triangulering rakende relevante temas wat uit die onderhoude met deelnemers na vore gekom het. Die

navorser was bewus van potensiële struikelblokke in die benutting van kletskamers, byvoorbeeld subjektiwiteit en die onbekendheid van die demografie van gesprekvoerders in kletskamers. Hierdie studie handel oor adolessente en dit is moontlik dat die betrokkenes in internetkletskamers ouer of jonger as die navorsingsteikengroep kon wees. Dit was ook nie moontlik om te bepaal in welke mate hulle met die Emo-subkultuur identifiseer nie. Hulle kon bloot randfigure wees wat nuuskierig is oor die groepering of kon deel wees van die sogenaamde “hard-core” Emo. Desnieteenstaande is daar tog geoordeel dat hierdie vorm van data-triangulering geregverdig was, omdat dit bloot temas van die empiriese studie moes bevestig of weerlê en nie ‘n primêre bron van data-insameling was nie.

‘n Meer betroubare bron van data-triangulering was die deelnemers by die vier skole aan wie vrae oor die Emo-subkultuur gevra is. Daar word egter in ag geneem dat dit ook die subjektiewe sienings van daardie deelnemers was. Die strategieë wat vir data-triangulering benut is, is in lyn met die aard van kwalitatiewe navorsing, waar ‘n sosiale verskynsel met behulp van verskeie bronne van inligting ondersoek word, soos aanbeveel word deur onder meer Fouché (2005:272).

5.3.5 Om die data te ontleed en ’n navorsingsverslag te skryf waarin onder meer bevindinge en aanbevelings vervat word

Creswell (2009:185-191) se data-analise-spiraal is tydens die ontleding van data gebruik. Die data-insamelingsproses het begin deur onderhoudvoering met die deelnemers aan die studie. Die onderhoude is deur die navorser getranskribeer en ontleed, sodat temas geïdentifiseer kon word. Temas word in ’n studie geïdentifiseer wanneer ’n konsep of aspek van die studie herhaal word. Die data-insamelingsproses bereik dus ’n versadigingspunt en verskeie temas sowel as subtemas word geïdentifiseer. Die temas word dan met literatuur in verband gebring en in die navorsingsverslag vervat. Hierdie doelstelling is bereik, aangesien hierdie navorsingsverslag opgestel is na aanleiding van die literatuurstudie, empiriese ondersoek en ontleding van die data.

Die doelstelling en doelwitte is bereik, soos uit die voorafgaande hoofstukke en die gevolgtrekkings in hierdie hoofstuk blyk. Die belewenisse van die vyf deelnemers is

binne die raamwerk van instrumentele gevallestudie-ontwerp met behulp van ongestruktureerde onderhoude ondersoek. Deur data-analise, soos in Hoofstuk 4 beskryf is, het temas na vore gekom.

Die doel van hierdie navorsing was nie om te veralgemeen of te vergelyk nie, maar om by te dra tot 'n beter begrip van die Emo-subkultuur deur die perspektiewe van deelnemers te ondersoek. Dit wil voorkom asof hierdie doel bereik is. Die navorsingsvraag, naamlik “Wat is die belewenis van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer?” is beantwoord. Hierdie studie was egter van beperkte omvang en het net vyf deelnemers uit die Emo-subkultuur binne 'n sekere konteks betrek, naamlik 'n skool in die noordelike voorstede van Kaapstad. Dit het ook sterk gefokus op die fenomenologie van die deelnemers binne die bepaalde tydperk waarin die empiriese ondersoek gedoen is.

5.4 VERTROUENSWAARDIGHEID EN GELDIGHEID VAN DIE STUDIE

Vertrouenswaardigheid en geldigheid van 'n studie is belangrike aspekte in navorsing, hetsy kwalitatief of kwantitatief van aard (Nieuwenhuis, 2007:80). Dit is bykans onmoontlik om absolute vertrouenswaardigheid en geldigheid te bereik, maar dit bly iets waarna navorsers streef. Die navorser het dit dus goedgevind om Hoofstuk 4 toe te spits op data-triangulering, wat 'n belangrike komponent is in die strewende na die vertrouenswaardigheid en geldigheid van die studie. Weens die min literatuurondersteuning oor die Emo-subkultuur moes die navorser sekere geldige en betroubare strategieë tydens die studie implementeer. Dit het bygedra tot 'n eerlike mededeling van die navorsingsproses.

5.5 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie is slegs van toepassing op die leerders wat aan die studie deelgeneem het en kan dus nie verder veralgemeen word nie. Die gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak na afloop van die empiriese ondersoek, met inagneming van die literatuur-onderbou. Die gevolgtrekkings is as volg:

- Dit was reeds aan die begin van die studie duidelik dat die teikengroep vir hierdie navorsing eienskappe het wat ooreenstem met dié van 'n kontrakultuur en subkultuur met die opvallende kleredrag en klem op musiek (Hoofstuk 2). Die rigtinggewende aspek waarop tydens die empiriese studie gelet is, is die Emo-deelnemers se sienings oor aktivisme, sosiale druk en radikale optrede, wat op hierdie stadium waarskynlik die faktore is wat plasing in subkultuur of kontrakultuur bepaal het. Die deelnemers het tydens die onderhoud vermeld dat hulle ook graag in 'n groep wil behoort wat hulle aanvaar vir wie hulle is en dat hulle dus aanklank vind by die Emo-subkultuur omdat daar 'n klimaat van nie-veroordeling is. Die subkultuur identifiseer nie met die dominante kultuur nie, maar kan steeds binne die kultuur inskakel. Die subkultuur word gesien as 'n kultuur met hulle eie waardes en norme, maar in teenstelling met die kontrakultuur, kan hulle wel binne die dominante hoofkultuur 'n bestaan voer, soos vroeër genoem is (Muggeleton, 2000:47). Lede van subkulture leef hulle identiteit uit met gemeenskaplike aktiwiteite en kenmerke, byvoorbeeld hulle kleredrag, musiek en kuns. Lede van kontrakulture, aan die ander kant, is net soos subkulture teen die dominante kultuur en ontwikkel dan 'n ander identiteit wat in teenstelling is met die norme wat deur daardie spesifieke dominante kultuur gestel is (Jordan & Pile, 2002:360-362). Diegene wat met 'n kontrakultuur identifiseer, word van die dominante kultuur onderskei deur onder meer hulle politieke standpunte, norme, sosiale rituele, waardes en beginsels, die manier waarop hulle aantrek en die musiek waarna hulle luister (Haunss & Leach, 2004:9-12). 'n Verdere kenmerk van kontrakulture is dat daar gewoonlik 'n groot groep volgelinge is wat aktief teen 'n dominante kultuur kan werk (Keniston, 1969:11). Die gevolgtrekking wat die navorser met behulp van die empiriese bevindinge sowel as die ondersteuning van literatuur gemaak het, is dat die deelnemers meer aanklank vind by die subkultuur. Die navorser is dus van mening dat die deelnemers aan hierdie studie as lede van 'n subkultuur beskou kan word.
- Tydens die empiriese ondersoek het die navorser bewus geword daarvan dat die deelnemers soms sukkel om hulle emosies te kommunikeer. Hulle maak dus gebruik van musiek of gedigte of vind aanklank by vriende (met dieselfde

belangstellings) om hulle emosies te kommunikeer. Deur gedigte te skryf, gee hulle uiting aan hulle dieperliggende emosies. Hulle maak meer oop in hulle gedigte, omdat hulle voel dat hulle die seer só beter kan weergee as wat hulle dit verbaal kan kommunikeer. Musiek bied weer vir hulle 'n geleentheid vir die ontlading van emosies. Hulle sal na verskillende tipies musiek luister om uiting te gee aan verskillende emosies (woede, hartseer, bedruktheid, geluk). Deur hierdie maniere van kommunikasie vind hulle weer balans in hulle lewe.

- Dit het tydens die empiriese ondersoek duidelik geword dat die deelnemers se vriende en die gevoel om in 'n groep te behoort vir hulle belangrik is. Dit strook met Geldard en Geldard (2004: 11-13) se siening, wat meld dat een van die ontwikkelingsake van adolessente is om sosiaal te verkeer met hulle portuurgroep, wat hulle die gevoel van behoort laat ervaar. Adolessente wil tipies as individue gesien word, maar het terselfdertyd die behoefte om deel van 'n portuurgroep te wees om hulle identiteit te bevestig (Louw & Louw, 2007:330). Dit is waar die deelnemers se vriende en om in 'n groep te behoort, 'n belangrike rol speel, omdat hulle besig is om hulle identiteit te vestig. Dit wil voorkom uit die empiriese bevindinge asof die deelnemers met 'n laer selfbeeld soms meer steun op hulle Emo-vriende met 'n sterker selfbeeld ten einde hulle kwesbaarheid weg te steek. Die deelnemers weet dat elkeen van hulle deur ervarings in hulle lewe gegaan het wat hulle seer, kwaad of hartseer gemaak het; dus bied hulle vriende hulle die nodige emosionele ondersteuning en begrip. Tydens die onderhoud het al vyf deelnemers gemeld dat hulle vriende 'n baie belangrike rol in hulle lewe speel.
- Die navorser het tydens die empiriese ondersoek en literatuurstudie tot die gevolgtrekking gekom dat deelnemers gebruik maak van kontakgrensversteuring (Hoofstuk 2), omdat hulle op 'n ongesonde manier kontak maak met hulle omgewing. Die kontakgrensversteuring wat hier ter sprake is, is introjeksie. Introjeksie beteken om ander se sienswyses en opinies te aanvaar sonder om dit te bevraagteken (Yontef & Jacobs, 2000:115; Joyce & Sills, 2001:125).
- Die Emo-subkultuur is beter bekend vir hulle kleredrag en voorkoms as die ander aspekte wat aan hierdie subkultuur gekoppel word. Emo-leerders word

maklik uitgeken vanweë hulle unieke smaak in kleredrag. Van die klerestyl in die Emo-subkultuur getuig van smaak, waar ander weer baie dramatiese voorkom. Die klerestyl en voorkoms van die Emo-subkultuur onderskei hulle dus van ander portuurgroepe. Volgens die deelnemers is hulle kleredrag en voorkoms deel van wie hulle is, en is dit dus deel van hulle identiteit, wat hulle besig is om te vestig tydens hulle adolessente lewensfase (Hoofstuk 2).

- Tydens die empiriese ondersoek het die navorser by die deelnemers verneem dat hulle sekere emosies van ervarings herroep deur na 'n sekere tipe musiek te luister. Musiek word dus benut vir selfregulering. Dit is in lyn met Oaklander (2007:12) se siening dat selfregulering 'n manier is om behoeftes te bevredig wat op die persoon se voorgrond is sodat die persoon weer balans in sy/haar lewe kan vind. Musiek, gedigte of soms selfskending is maniere waarop die deelnemers selfreguleer deur 'n kreatiewe aanpassing te maak ten opsigte van hulle omstandighede sodat hulle deur die pyn/hartseer/woede kan werk. Dit strook met Baylis se teorie oor Verhouding met Realiteit. Die hanteringspatrone van realiteitsvermyding, sowel as die kitsoplossing (“quick fix”) (Baylis, 2005:241-272), het baie in gemeen met die Emo-subkultuur, omdat hulle na musiek luister om die realiteit te blokkeer, en as gevolg van traumatiese ervarings moontlik nie intieme kontak wil maak nie weens die seer wat hulle het. In ander gevalle help musiek hulle juis om met pynlike ervarings in kontak te kom en word dit 'n manier om in die realiteit te belê, wat in lyn is met Baylis (2005:241-272) se voorstel vir die sinvolle hantering van die werklikheid.
- Die deelnemers ervaar soms dat hulle portuurgroep en ander partye van die samelewing hulle as “anders” waarneem omdat hulle verskillende belangstellings het en op ander maniere uiting gee aan hulle emosies. Die negatiewe kommentaar wat die deelnemers op 'n daaglikse basis ervaar, lei soms daartoe dat hulle afgesonder van die samelewing voel. Groeperings in skoolverband, naamlik die “jocks”, “nerds” en “poppies”/“Barbies/plastics”, asook van die onderwysers en ouers, verstaan klaarblyklik nie die Emo-subkultuur nie en maak soms afleidings van die subkultuur sonder dat hulle oor die nodige kennis beskik.

- In aansluiting by bogenoemde het al vyf deelnemers tydens die onderhoud genoem dat hulle voel dat daar teen hulle gediskrimineer word weens die feit dat hulle Emo is. Onderwysers, ouers en selfs lede van hulle portuurgroep sal hulle anders hanteer omdat hulle aksies teenstrydig is met dié van die dominante kultuur. Dit kom dalk voor asof hulle nie omgee wat die samelewing van hulle dink nie, maar volgens die deelnemers herroep hulle van die kommentaar van die onderskeie groeperings wanneer hulle alleen is.
- Die deelnemers aan die studie is oor die algemeen sensitief en kwesbaar. Daar was eenstemmigheid by die deelnemers oor grense en vryheid. Wanneer hulle vryheid van hulle weggeneem word, het dit tot sekere negatiewe reaksies gelei (selfskending, aggressie en rebellering). Die navorser neem kennis daarvan dat buierigheid en konstante toetsing van grense deel is van adolessente ontwikkeling (Geldard & Geldard, 2004:4), maar die manier waarop deelnemers inperkende grense en outoriteit hanteer, kan soms kommerwekkend wees.
- Die deelnemers vind ook dat hulle vryheid die meeste in die skoolomgewing gedemp word weens die inperkende grense en outoriteit. In die skoolomgewing is daar nie sprake van die bespreking van grense en die lug van opinies nie – die reëls moet net aanvaar word en gesagsfigure se sienswyses en opinies moet aangeneem word. Volgens die deelnemers se reaksies werk hierdie realiteit nie goed vir hulle nie. Hulle sal nie noodwendig in die klas of skool moeilikheid maak net omdat hulle nie van die reëls hou nie, maar wanneer hulle nie met die onderwyser saamstem nie, sal hulle teëpraat.
- Tydens die empiriese ondersoek het dit ook duidelik geword dat die vyf deelnemers se omgewing/veld (Hoofstuk 2) 'n belangrike rol speel ten opsigte van hulle reaksies (emosioneel, spiritueel, fisies) teenoor hulleself asook ander rolspelers in hulle lewe. Al die deelnemers aan die studie se omgewing/veld sluit die ervaring van trauma in. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die wisselwerking tussen die deelnemers se omgewing/veld en die

trauma-komponente hulle hanteringspatrone/-meganismes beïnvloed. Soos reeds vermeld is, wissel die deelnemers se hanteringspatrone/-meganismes van musiek, gedigte skryf, vriende se ondersteuning en kleredrag tot selfskending. Die deelnemers sal dus van 'n hanteringspatroon gebruik maak soos wat sekere ervarings uit die verlede of huidige ervarings na vore kom.

- Soos hierbo vermeld word, is reeds tydens die empiriese ondersoek vasgestel dat die deelnemers se omgewing/veld 'n rol speel in hulle reaksies teenoor hulleself, asook hulle kontak met verskillende rolspelers in hulle omgewing/veld. Dit is bekend dat alle mense konfigurasies (Hoofstuk 2) in hulle veld ontwikkel as gevolg van hulle verlede of huidige ervarings in hulle veld. Dit kan daartoe lei dat die persoon desensitiseer, bedoelende die afsluiting van liggaamlike en sensoriese ervarings wat met pyn of ongemak verband hou om die realiteit te ontvlug (Hoofstuk 2) (Joyce & Sills, 2001:118). Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat konfigurasies tot die ontstaan van verskillende vlakke binne die Emo-subkultuur gelei het. Die Emo-vlakke verwys na stadiums/fases van emosies sowel as ervarings in hulle veld waardeur die deelnemers gegaan. Die navorser het tydens die deelnemers se onderhoude bewus geword van vyf verskillende vlakke, soos bespreek is in Hoofstuk 3:
- “Hard-core” Emo (Emo’s wat gewoonlik by satanisme betrokke is en dikwels erge depressie en selfmoordneigings toon.)
- Gewone Emo (Hierdie groep is nie betrokke by satanisme nie. Selfskending is ook betrokke, maar dit hang van persoon tot persoon af. Dit gaan vir hierdie lede meer oor die kleredrag, voorkoms en musiek.)
- “Fake” Emo (Dit is die leerders wat die Emo’s se kultuur probeer aanneem om net êrens in 'n groep in te pas. Hulle sal ook selfskending toepas om deel te wees van die groep.)

- “Gay” Emo (Dit is leerders wat met hulle seksualiteit eksperimenteer. Hulle neem nog steeds die Emo-kultuur aan, maar sal soms verward voorkom oor hulle seksualiteit.)
- “Nerd” Emo (Dit is die leerders wat die “scene kid”-styl van die Emo-subkultuur aanneem, maar terselfdertyd akademies sterk is en goed presteer op skool.)
- Die leerders wat by die studie betrokke was, is ook van mening dat die samelewing ’n wanindruk van die Emo-subkultuur het. Hulle vermoed dat die samelewing ’n basiese idee het oor wat ’n Emo is, maar aannames maak dat alle Emo’s dieselfde is. Dit ontstel die deelnemers, omdat daar, soos reeds genoem, verskillende vlakke van Emo’s is en almal nie oor een kam geskeer kan word nie. Hulle omgewing, persoonlikheid en traumatiese ervarings moet in gedagte gehou word. Dit strook met Wheeler (2002:50) se siening oor die menslike ontwikkeling, wat geëvalueer moet word in terme van die funksionaliteit van die persoon in sy/haar totaliteit, aangedrewe vanuit sy/haar innerlike self, maar ook beïnvloedbaar deur die eksterne, onbeheerbare faktore (Wheeler, 2002:50) (Hoofstuk 2). Daar is ’n aantal wanopvattinge wat deur die deelnemers aan die studie gemeld is (Hoofstuk 3, subtema 3.8.1.8). Veral van belang is die feit dat selfskending nie by alle Emo’s voorkom nie, dat Emo’s nie konstant depressief is nie en dat daar ook nie voortdurend selfmoordgedagtes is nie. Dit is verder ook van belang dat nie alle manlike Emo’s kwessies het met hulle seksuele identiteit nie. Dit blyk ook dat slegs sekere van die groepe binne die subkultuur, byvoorbeeld die sogenaamde “hard-core” Emo’s, in ’n meerdere of mindere mate by satanisme betrokke is.
- Plante (2007:3) se definisie van selfskending is dat dit opsetlike skending van die persoon se lyf is sonder die bedoeling van selfmoord. Dit strook met die manier waarop die gewone Emo’s hulleself sal sny. Volgens deelnemers sal die gewone Emo’s hulleself sny sonder die bedoeling van selfmoord, terwyl die “hard-core” Emo’s hulleself soms sny of leed aandoen met die bedoeling van selfmoord. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die deelnemers van selfskending gebruik maak as gevolg van hulle vermoë om te

desensitiseer (Hoofstuk 2). Desensitisasie beteken om af te sluit van sensoriese en liggaamlike ervarings of kontak wat met pyn of ongemak verband hou (Strydom, 2006:244). Die pyn wat hulle ervaar, word gevolg deur die gevoel van verligting en rustigheid. Die deelnemers het tydens hulle onderhoude aangedui dat hulle selfskending as hanteringsmeganisme (kontakgrensversteuring) gebruik wanneer hulle nie weet hoe om op 'n gesonde manier uiting aan hulle emosies te gee nie (Hoofstuk 3, subtema 3.8.1.9). Volgens die deelnemers kan selfskending 'n verslawing word. Die deelnemers is van mening dat van die Emo's selfs selfskending gebruik ten spyte van die feit dat daar geen rede daarvoor is nie. Hulle kan gelukkig, hartseer of kwaad wees – hulle sal nog steeds sny. Volgens die deelnemers sal die Emo's hulle snymerke privaat hou en dit nie vir enigiemand wys nie totdat hulle die persoon beter leer ken en hom/haar vertrou. Selfskending het by al vyf deelnemers voorgekom. Dit was vir hulle 'n hanteringsmeganisme om hulle emosies te hanteer. Hulle het skuldgevoelens gehad nadat hulle selfskending toegepas het, maar het tog ook gevoelens van verligting ervaar na afloop van die selfskending. Drie van die deelnemers het hulleself op hulle polse gesny, terwyl die ander twee hulleself op hulle polse en bobene gesny het. Data-triangulasie met deelnemende beraders van vier ander skole het bevestig dat selfskending ook daar 'n kommerwekkende tendens is. Die gevolgtrekking oor selfskending is van die mees kommerwekkende aspekte wat in die studie na vore gekom het, aangesien dit tot patrone van verslawing (aan die ritueel en die ontlading wat selfskending meebring), beserings en langtermyngesondheids- en psigiiese probleme kan lei.

- Deur die herhaling van die subtema in 3.8.1.9 (selfskending) in Hoofstuk 3 het die navorser bewus geword daarvan dat die gebruik van hierdie hanteringspatrone/-meganismes as gevolg van die deelnemers se veld plaasvind, soos reeds vermeld is. Van die deelnemers aan die studie het die subkultuur genader omdat van hulle vriende selfmoord gepleeg het. Hulle was baie emosioneel daaroor en het aanklank gevind by die Emo-subkultuur. Al vyf deelnemers het met die navorser gedeel dat hulle op die een of ander stadium aan selfmoord gedink het weens hulle omstandighede in hulle

omgewing/veld. Hierdie is ook 'n kommerwekkende bevinding wat verdere navorsing benodig.

- Baylis (2005:241-272) verwys na drie moontlike hanteringspatrone binne die sogenaamde Verhouding met Realiteit-teorie (VmR/Relationship with Reality) (Hoofstuk 2). Dit wil voorkom asof die deelnemers veral neig om een van hierdie patrone te benut, naamlik die ontduiking van realiteit (“reality evading”) wanneer hulle byvoorbeeld selfmoord oorweeg as permanente ontsnapping uit die realiteit. Baylis (2005:241-272) verwys ook na die sogenaamde kitsoplossings (“quick fixes”) as hanteringswyse. Selfskending kan as kitsoplossing (“quick fix”) gesien word, aangesien dit gerig is op 'n onmiddellike uitlaatklep vir emosies en psigiese pyn. Dit wil tog voorkom asof die identifisering met die Emo-subkultuur ook 'n positiewe hanteringspatroon is wanneer deelnemers in die realiteit belê (“reality investing”) wanneer hulle soek na 'n gevoel van behoort en aanvaarding binne hierdie subkultuur. Die skryf van gedigte en die benutting van musiek vir emosionele ontlading dui ook op 'n gesonder belegging in realiteit.
- Deelnemer 1 se stelling dat sy kleredrag 'n gevoel van identiteit bied, strook met die volgende bevinding in subtema 3.8.1.2, waar die deelnemers vermeld dat hulle kleredrag hulle identiteit van uniekheid en rebellering teen die dominante kultuur verteenwoordig. Volgens deelnemer 1 is dit veral die klerestyl wat hom aantrek, want dit gee hom 'n unieke sin vir styl.
- Tydens die gebruik van triangulering, soos in Hoofstuk 4 bespreek word, het die navorser op verskeie webtuistes gaan kyk wat die definisie van Emo's is en of die temas wat tydens die empiriese studie geïdentifiseer is, strook met die inligting wat op die webtuistes beskikbaar is. Uit al die beskikbare data en bevindinge wil die navorser die volgende beskrywing van die Emo-subkultuur voorhou: Diegene wat in die konteks van hoëskole met die Emo-subkultuur identifiseer, word uitgeken aan hulle kleredrag, haarstyl en redelik tipiese style van grimering. Binne die Emo-subkultuur is verskillende vlakke, waarvan die sogenaamde “hard-core” Emo's by nie-konstruktiewe bewegings soos satanisme betrokke kan wees. Die gewone Emo's wil nie saam met “hard-core” of die sogenaamde “fake” Emo's geklassifiseer word nie. Dit is 'n mite

dat alle Emo's dwelms gebruik, maar daar is klaarblyklik 'n hoë voorkoms van selfskending en selfmoordgedagtes by lede van hierdie subkultuur. Emo's benut kreatiewe media soos skryf en musiek vir die uitlewing van hulle emosies en dit wil voorkom asof hulle oor die algemeen goed in kontak is met hulle emosies. Blootstelling aan trauma is 'n redelik sterk gemene deler by diegene wat met die Emo-subkultuur identifiseer.

5.6 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word deur die navorser voorgestel. Hierdie aanbevelings is gemaak na aanleiding van die inligting wat uit die empiriese ondersoek sowel as data-triangulering bekom is (Hoofstuk 3 en 4). Die aanbevelings is as volg:

- Ouers, onderwysers sowel as ander groeperings binne die deelnemers se portuurgroep moet ingelig word oor wat die Emo-subkultuur behels. Daar kan aanbiedings by die skool gehou word sodat ouers en onderwysers meer inligting oor hierdie groepering van leerders kan bekom.
- Ouerleiding kan aan ouers van Emo's gebied word sodat hulle 'n klankbord kan hê ten opsigte van hulle behoeftes en frustrasies oor hulle kinders wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Deur effektiewe kommunikasie kan die ouers die Emo-subkultuur beter verstaan, en gevolglik ook hulle kinders.
- Ondersteuningsgroepe vir ouers van Emo's kan as forum dien waar ouers hulle bekommernisse kan deel, vrae kan vra en mekaar kan ondersteun vanuit hulle gedeelde ervarings.
- Ondersteuningsgroepe vir adolessente wat van selfskending gebruik maak, blyk nodig te wees. Hierdie adolessente kan met die Emo-subkultuur identifiseer, maar ondersteuningsgroepe behoort ook beskikbaar te wees vir ander adolessente wat selfskending toepas.
- Individuele berading behoort gereedlik beskikbaar te wees vir diegene wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Dit behoort aan hulle 'n ruimte te

bied waar hulle veilig voel, met 'n professionele persoon binne 'n terapeutiese proses in dialoog kan tree en hulle bewustheid verhoog kan word.

- Veral diegene wat met “hard-core” Emo identifiseer, lyk besonder kwesbaar. Hulpverleningsprogramme, ook vanuit 'n pastorale hoek (vir diegene wat by satanisme betrokke is), behoort tot hulle beskikking te wees.
- Dit kan sinvol wees om binne skoolverband 'n ruimte te skep waar Emo-leerders en ook ander leerders kreatiewe uitlewing soos verf- en kleiwerk kan benut ingevolge die beginsels van proseskuns, waar die fokus nie op die eindproduk is nie, maar op die kreatiewe proses.
- Soos uitgelig is in tema 3 in Hoofstuk 3, is die deelnemers aan die studie oor die algemeen meer sensitief en kwesbaar van aard en voel hulle dat wanneer hulle deur te veel inperkende grense gekonfronteer word, hulle vryheid van hulle weggeneem word. Wanneer hulle vryheid van hulle weggeneem word, het dit tot sekere negatiewe reaksies (selfskending, aggressie en rebellering) gelei. Die navorser is dus nie van mening dat daar geen grense aan die Emo-leerders gestel moet word of self spesiale grense aan hulle gegee moet word nie, maar beveel slegs aan dat daar met Emo-leerders bespreek moet word waarom bepaalde reëls en grense geïmplementeer word. Hulle moet toegelaat word om ook hulle menings daaroor te lug.
- Deelnemers het algemeen gerapporteer dat hulle aan die selfmoord van vriende blootgestel is. Vakkundige insette gerig op die hantering van roumart lyk aangewese.
- Dit is aangewese om in die populêre media oor die bevindinge van hierdie navorsing te skryf ten einde korrekte inligting oor die Emo-subkultuur te versprei.

- Die bevindinge van hierdie navorsing sal ook in 'n vakkundige artikel vervat word ten einde by te dra tot teorie-bou oor die Emo-subkultuur, en ook tot die dialoog oor hedendaagse adolessensie.

5.7 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE

Die volgende kan as moontlike tekortkominge gesien word in die uitvoering van die studie:

- 'n Moontlike tekortkoming is dat net Emo-deelnemers by een skool ingesluit is. Die insluiting van beraders as deelnemers by vier ander skole het hierdie tekortkoming in 'n mate opgevang.
- Net een ontwikkelingsstadium is tydens die studie gebruik (vroë en laat adolessensie), terwyl daar tog ook jong volwassenes is wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Hierdie studie kan nie oor hulle 'n uitspraak lewer nie, maar jong volwassenes binne die Emo-subkultuur kan die fokus van verdere navorsing wees.
- Daar was min literatuur beskikbaar oor die Emo-subkultuur. Die studie se teoretiese onderbou is vanuit verwante teorie geneem. Kreatiewe wyses van data-triangulering moes gevind word, waaronder besoeke aan kletskamers en webtuistes.
- Al die deelnemers aan die studie was blank. Dit was nie doelbewus nie, maar was bloot die uitvloeisel van die steekproefneming. Verdere studies behoort te fokus op die voorkoms van die Emo-subkultuur by ander etniese groepe en ook in landelike gebiede.
- Die studie het 'n beperkte omvang gehad, en dit het die fokus en begrensing bepaal.

5.8 VERDERE NAVORSING

Die volgende aanbevelings kan ten opsigte van verdere navorsing gemaak word:

- Adolescente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, se self en die samestelling van die self kan deegliker nagevors word. Die studie het net gefokus op die belewenisse van adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer. Die manier waarop die Emo's kontak maak deur gebruik te maak van hulle verskillende selwe in hulle veld (rebellerende self, woede-self, vernietigende self) sal 'n interessante studie wees. Die dinamika van die essensiële self in interaksie met lede-selwe (die sogenaamde “member selves”) is Gestalt-gebaseerde konsepte wat lig kan werp op die interne wêreld van Emo-leerders.
- Intervensienavorsing kan benut word om Gestaltterapie-intervensieprogramme in individuele en groepsverband te ontwikkel vir hierdie groep leerders.
- Navorsing kan fokus op ouers se sienswyses en persepsies van die Emo-subkultuur. Aksie-navorsing kan gebruik word om byvoorbeeld strategieë te ontwikkel vir die hantering van Emo's, waar die adolessente wat met die Emo-subkultuur identifiseer, ook betrek kan word sodat hulle sienswyses en persepsies oor die strategieë in ag geneem kan word.
- Navorsing kan gedoen word oor die ouers se veld om vas te stel of hulle veld en konfigurasies van ervarings in die verlede of hede 'n moontlike invloed het op hulle kind se funksionering en kontak binne sy/haar veld.
- Ander leerders se perspektiewe oor die Emo-subkultuur kan nagevors word.
- Navorsing oor die ander groeperings binne skoolverband kan groeperings soos die “jocks”, “Barbies” en “plastics/ “poppies” se perspektiewe ook na vore bring. Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat lede van hierdie groeperings gelukkig en sorgvry is nie. Verdere eksplorاسie en beskrywing van hulle werklikheid kan selfs raakvlakke met die Emo-subkultuur na vore bring, veral aangesien al hierdie leerders in die adolessente lewensfase is en dus sekere uitdagings deel.

- Dit kan besonder sinvol wees om inhoudsanalise te doen van die lirieke van musiekgroepe waarna Emo's tipies luister, waarna die betekenis van die lirieke vir Emo-leerders ondersoek kan word. Die presiese aard van emosionele ontlading wat deur sodanige musiek gebied word, kan ook verder ondersoek word.
- 'n Navorsingstudie oor proses-kuns, moontlik vanuit die raamwerk van aksie-navorsing, kan 'n bydrae lewer op die gebied van intervensie vir hierdie teikengroep.
- Meer navorsing blyk nodig te wees oor die presiese aard van die Emo-leerders se strewe na vryheid en die probleme wat hulle ervaar met streng toegepaste, onbuigsame reëls. Dit is ook nodig om verder te ondersoek hoe die Emo-leerders se sienings verskil van dié van ander adolessente, aangesien opstandigheid teen reëls en grense heel tipies is in die adolessente fase.
- Soortgelyke studies by ander skole in Kaapstad, veral ook in die suidelike voorstede, asook in landelike gebiede en met ander etniese groeperings sal bydra tot die ontwikkeling van 'n kennisbasis oor die Emo-subkultuur.

5.9 SAMEVATTING

Soos blyk uit die literatuuroorsig, is die adolessente lewensfase in 'n mindere of meerdere mate vir adolessente uitdagend. Dit is 'n tydperk waar die soeke na identiteit prominent is en soms ook problematies kan wees. Deur hulle soeke na identiteit, onafhanklikheid en om in hulle portuurgroep te behoort, kan hulle soms verlore raak en dit is hoekom die adolessente dan uitreik na groeperings binne hulle portuurgroep ("plastics", "Barbies", "jocks", "nerds" en Emo's) by wie hulle gemaklik voel en met wie hulle iets in gemeen het. Die Emo's is 'n komplekse subkultuur wat uit verskillende vlakke bestaan. Dit sluit in die donker deel van die Emo-subkultuur, wat met selfmoordgedagtes en selfskending gepaard gaan, en die gewone Emo, wat die kleredrag en voorkoms van die Emo-subkultuur aanloklik vind. Die ander deel van die subkultuur is hulle identiteit. Hulle musiek, gedigte, kleredrag en voorkoms is vir hulle belangrik weens die feit dat dit hulle uniekheid uitbeeld. Wat die Emo-groepering ook anders maak as die ander groeperings binne hulle portuurgroep, is dat

